GOUE BOKKE EN BANKBESTUURDERS

HODGON VARGET IN DIE .308 WIN

MAAK DIE BESTE BOLOGNESE *(EN JOU EIE PASTA)*

Die tydskrif vir die jagter en bewaarder / The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

# HUNTER

## WEN!

**MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE**

**DROOMPRYS**

TER WAARDE VAN MEER AS

**R600 000!**



## DAAR ÍS NOG JAGTERS...

## BOOGJAG MET MIN GELD

## WORD DEEL VAN JOU JAG

## AN EXTRA-ORDINARY HIPPO HUNT

## DIE PERFEKTE ELAND

## ROOIRIBBOK – DIE LEKKERSTE LEKKER!

## DREAMS, GOALS AND THE VALUE OF A WORD

# .333 JEFFERY

## 3-shot or 5-shot – which was best?

UITGAWE • EDITION
MEI/MAY 2023

NO. 03001
RSA R80.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$80.00

04002
9 770259 935002


LEUPOLD
RELENTLESS PERFORMANCE
VX®-3HD
EXTREME DURABILITY
LIFETIME
GUARANTEE
Leupold's Elite Optical System delivers the light transmission, glare reduction, and resolution that diehard hunters and shooters demand for all-day performance
Eliminates the need for holdovers on longer shots with the Custom Dial System*
FireDot® Illumination creates a visible aiming point in low-light conditions
Prevents accidental adjustments and ensures an accurate return to zero with a ZeroLock dial
Disperses recoil energy for unrivaled durability with ultra-lightweight construction
Improves magnification changes with an integrated, removable throw lever*
Superior ruggedness is verified through Leupold's Punisher testing process
Waterproof, fogproof, and guaranteed to perform for life
Magnification Ranges: 1.5-5x20 • 1.5-5x20 (30) • 2.5-8x36 • 3.5-10x40 (30mm) • 3.5-10x40 (30mm) • 3.5-10x50 • 3.5-10x50 (30mm) • 4.5-14x40 • 4.5-14x40 (30mm) • 4.5-14x50 • 4.5-14x50 (30mm) • 6.5-20x4- • 6.5-20x50 (30mm)
FORMALITO
OUTDOOR SPORTING BRANDS
Available at all premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4

JAGTER HUNTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN

**ALGEMENE NAVRAE**
**084-554-0611** (kantoorure)

**WEBTUISTE**
***www.sajagterhunter.com***

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR**
Francois van Emmenes
*francois@sahunter.org*
**SUBREDAKTEURS**
Elfriede Ainslie (Taalversorging)
*elfriede@sahunter.org*
Marisa Beeton (Taalversorging, webblad en sosiale media)
*marisa@sahunter.org*
**KUNSREDAKTEUR**
Marthie van Dyk
*marthie@sahunter.org*
**KOS-SUBREDAKTEUR**
Karla Janse van Vuuren
**SPESIALISBYDRAERS**
Herman Jonker, Kassie Kasselman, Prof. Brian Reilly, Pierre van der Walt, Johan van Wyk, Cassie Nienaber, Rean Steenkamp, Thinus Steyn

**ADVERTENSIES**
**ADVERTENSIEKONSULTANT**
Anandi Boshoff Tel: 084-493-5497
*ads@sahunter.org*
**JAGTERSMARKKONSULTANT**
Gail Osborne Tel: 084-432-1306
*ads@sahunter.co.za*

**INTEKENARE**
**INTEKENARE**
George Grobler
Tel: 087-353-1291
WhatsApp: 087-353-1292
E-pos: *SAHunter@onthedot.co.za*
**SAJWV-LEDE**
Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300
E-pos: *michel@sahunt.co.za*
**RAKVERKOPE**
Tommy Chapman
Tel: 011-713-9879
E-pos: *tommy.chapman@media24.com*

**UITGEWER**
Theuns Venter
E-pos: *tgventer01@outlook.com*
**SIRKULASIEHOOF**
André van Tonder
**KATEGORIEBESTUURDER**
Tommy Chapman

**DRUKKER**
**SA JAGTER/HUNTER word gedruk deur CTP Printers Kaapstad**

**UITGEWER EN VERSPREIDING**
**UITGEWER:**
SA Hunt Publishing (Pty) Ltd. ('n divisie van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging)

**VERSPREIDER:**
On the Dot, 'n divisie van Naspers.

© Kopiereg ***SA JAGTER/HUNTER.*** Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.

# INHOUD MEI - MAY 2023




**COVER PHOTOS:**
Rifle: .333 Jeffery. Read more on p 14.
Blue wildebeest: Hennie Lacock

## RUBRIEKE

4 ONDER DIE KAMEELDORING/ UNDER THE CAMEL THORN

6 BOSPOS

8 SNELVUUR

11 SMS-KOMPETISIE

12 DOOIERUS – GOUE BOKKE EN BANKBESTUURDERS

26 KAMPVUURSTORIES MET KRISJAN EN KRUIWA

40 KARLA SE KOMBUIS – MAAK DIE BESTE BOLOGNESE (EN JOU EIE PASTA)

48 BOKSPOG

70 IN DIE HERLAAIKAMER/ IN THE RELOADING ROOM

## SAJWV

46 SA JAGTERS-TAKKE: 'N SUKSESVERHAAL!
ANDRÉ VAN DER MERWE

## VOORBLADSTORIES

14 **THE .333 JEFFERY 3-SHOT OR 5-SHOT – WHICH WAS BEST?**
A comparison of two of Jeffery's highly sought-after classic rifles.
HUBERT MONTGOMERY

## ARTIKELS

22 **DAAR ÍS NOG JAGTERS... OF IS DAAR?**
Stof tot nadenke oor die jagetiek en -kultuur van hedendaagse Suid-Afrikaanse jagters.
ANDRIES MARAIS

28 **BOOGJAG MET MIN GELD**
Hoe om jou rande te rek vir meer tyd in die jagveld.
REAN STEENKAMP

34 **ROOIRIBBOK – DIE LEKKERSTE LEKKER!**
Rooiribbokjag is harde werk, maar min dinge is so bevredigend.
THINUS STEYN

50 **DIE PERFEKTE ELAND**
As elandjag eers een keer in jou bloed is, sal jy nie rus voor die ou groot gryse in die koelkamer hang nie.
KOOS MARAIS

54 **AN EXTRAORDINARY HIPPO HUNT**
Hunting a rogue hippo at night can be a deadly undertaking…
RON THOMSON

58 **FIELIES**
Die Africanis – rateltaai, wêreldwys en gebou om te hou.
KOBUS DE KOCK

62 **DREAMS, GOALS AND THE VALUE OF A WORD**
Dreams and recollections of a seasoned wingshooter.
KOBUS DE KOCK

## PRODUKTOETSE

32 **HODGDON VARGET IN DIE .308 WIN**
DR HAROLD VAN NIEKERK

38 **VORTEX DIAMONDBACK HD 12x50-VERKYKER**
JACQUES BOSHOFF

66 **RECOIL COMPENSATION BALLISTICS BENCH**
FRANCOIS VAN EMMENES

68 **CASIO G-SHOCK MUDMASTER GG-1000-HORLOSIE**
FRANCOIS VAN EMMENES

73 **VAROTEC MARKSMAN 3-9x40 AOL ILL- EN 4-16x50 AOL ILL-TELESKOPE**
PROF BRIAN REILLY





Deur FRANCOIS VAN EMMENES

# DIE LEKKER VAN VEERWILD JAG

So twee maande gelede loop ek 'n boek in 'n geweerwinkel raak wat ek al 'n paar jaar lank soek, en teen die regte prys ook – *The House of Churchill* deur Don Masters (Safari Press, 2003). Ek het nog nooit 'n Churchill haelgeweer in lewende lywe gesien nie, maar weet daarvan en het jare gelede daaroor gelees – waar kan ek nie nou onthou nie. Churchill se haelgewere is volgens my vriend, Andrew Tonkin, vergelykbaar met die beste wat daar is. Hierdie gewere is veral bekend vir die "XXV"- (25"-loop) model wat op 'n stadium die "flavour of the day" was in Engeland, maar in die vroeë 1900's baie kontroversiële gesprekke in die pers uitgelok het. Voorwaar pragtige haelgewere.

In die boek verwys Don Masters na 'n aanhaling van W.W. Greener in sy 1881-boek, *The Gun and Its Development*, wat op sý beurt verwys na een van die bekendste digters van die $18^{de}$ eeu, Isaac Watts (1674-1748), se klassieke dog vergete gedig:

*Walk, with steady dog, o'er ground*
*Where partridges are quickly found.*
*However numerous they rise,*
*Look but at one, with both your eyes;*
*Then, elevate the tube with care,*
*Still gazing on the bird in air;*
*Follow it not along the sky,*
*To take formal aim, but try*
*To draw the trigger just as you*
*At the gun's end the object view,*
*Nine times in ten the gun is right*
*At first, obeying well the sight;*
*But if you look, and look again,*
*And doubt, and waver, it is plain*
*Your hand has ev'ry chance to be*
*Betrayed by such uncertainty.*

Die beste advies vir enige veerwildjagter...

As ek mooi terugdink, jag ek al veerwild sedert 1976. 'n Falke Model 70 was my vuurdoop. My pa en ouer boeta, beide ook Manie genoem soos my oupa, het op my aandrang en gesanik (en ek dink tot hulle effense irritasie) die veer vervang voor elke "plaas"-vakansie by oupa Manie en ouma Chrissie. Ek het daardie nuwe veer pápgeskiet oor die gebruiklike twee weke lange vakansie en moes maar vir die volgende "lang vakansie" wag om 'n nuwe een te kry. As ek gelukkig was, sou hulle die leer-, en later die rubberseëls, in die loop ook vervang. Ek moes self spaar vir my rooi boksies Marksman-patrone en het eerder meer boksies met 200 koeëltjies in verkies, want die boksie met 500 in het my kortbroekie tot op die grond getrek... (of ek het die "koele" tot groot onsteltenis van my ouers in my mond gedruk!).

Duiwe by die stoor en onder die bloekombome daar naby was die prooi en behoed die jong jagter (my neefs het lekker saam voëls geskiet) se siel op Geelhoutkloof as daar selfs na iets soos 'n kwikstertjie gemik is...

Dit is nou amper 50 jaar later en ek jag steeds veerwild – nou met 'n verskeidenheid 12-boorgewere wat oor die jare verander het. Die opwinding is steeds daar, net soos in 1976 met "my" Falke. Vertel my van jou voëljag?

Tot volgende keer – lekker lees!

Francois

Hornady

*Accurate. Deadly. Dependable.*

# A SOLID BREAKTHROUGH IN PERFORMANCE




## CX®

**COPPER ALLOY EXPANDING**

- **Monolithic Copper Alloy** Bullets
- **Heat Shield®** Tip
- **Optimum Groove** Geometry
- **Nontraditional Option** for Large Game

The CX™ (Copper alloy eXpanding) bullet from Hornady represents the most advanced monolithic hunting bullet on the market. Its optimized design offers extended range performance, greater accuracy, high weight retention, and deep penetration.



## THE PERFECT TIP EVERY TIME

The Heat Shield® tip is made of a heat-resistant polymer that resists aerodynamic heating and provides a consistently high BC for the bullet's entire flight path. The Heat Shield® tip also gives the bullet a perfect meplat (tip) for bullet-to-bullet and lot-to-lot consistency.

*Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.*

Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net

Terms & conditions apply. E&OE. While stocks last.

INYATHI SPORTING SUPPLIES



# BOSPOS

## ONS WIL VAN JÓÚ HOOR!

Briewe van ons lesers is vir ons belangrik. Jou insette en opinies, wedervaringe in die jagveld en interessante stories of nuus is altyd welkom, asook jou kommentaar op die tydskrif se inhoud. Stuur jou brief aan ***marisa@sahunter.org*** en staan 'n kans om 'n geskenkbewys ter waarde van R1 000 van **Safari Outdoor** te wen! Hou jou brief verkieslik onder 300 woorde en verskaf asseblief jou naam en kontakbesonderhede. **SA JAGTER/HUNTER** behou die reg voor om briewe te redigeer en te verkort.

WENBRIEF

### HUNTING IN SOUTHERN AFRICA



There are hidden gems out there, and the transformation of land that used to be grazing only for cattle and sheep over the last 35 years or so is amazing. Species such as the common old blue wildebeest were not found on all game farms. Nyala was an animal found only in Northern Natal, and you were lucky to see sable, never mind roan. Rhinos were only seen in national parks and special reserves.

Then the trophy hunters came – not just the hunters who came to shoot yearly rations of biltong. The farm owners saw an opportunity and suddenly game farms started to come up like mushrooms all over, especially in the 90s and early 2000s. Now every private owner thought of his own property as a piece of paradise, and through time and tested recipes, you will find hunting lodges of all kinds and shapes. Then the tented camps popped up for those that didn't feel like they were in Africa at a luxury lodge. What I'm trying to get at is that as every farm owner has his own ideas, so do the individuals who visit and hunt there and have their experiences. There is a spot for everyone to enjoy their flavour of hunting. Because of that, South Africa now has more game than there ever was before any fences were erected, and the diversity is just incredible.

Do your homework, speak to hunters whom you know think the same way as you do, and visit different areas if you can. There are gems everywhere and sometimes they are so rare you don't even talk about them, but keep them to yourself. As a last sidenote, when reading old hunting and explorer books, you really had to go out of your way to find real wild Africa, even if it was the 17th century and you landed in the Cape of Good Hope. Animals were not restricted by fences or boundaries and depended on water and grazing. They migrated after it and you could find yourself on millions of hectares of land without seeing any game except a steenbuck, which is not dependent on surface water.

I blame it on the wonderful movies like *Out of Africa, Hatari, Tarzan* and *King Solomon's Mines*. All of these give a false view of what Africa was like, just like me seeing cowboy movies and expecting a bison and an American Indian bearing a tomahawk to be around every corner when visiting America.

To reply to myself on the above as a hunter going back 30 years in memory, imagining hunting my own buffalo and lion meant that I would have needed a fortune and very good luck. Here now I had the opportunity to hunt lion and buffalo and gathering trophies of species that were difficult to find.

So I am very thankful that farmers saw the gap and the opportunity to make South Africa the top hunting destination in Africa. Thank you, game farmers of South Africa!

**FREDERIK COCQUYT**

** Frederik Cocquyt is the winner of the Safari Outdoor gift voucher. Congratulations!*




### BAIE DANKIE

Beste Francois

Baie dankie vir die aangename verrassing toe my SA JAGTER/HUNTER-tydskrif by my voordeur afgelewer is. Dit was ongelooflik! Dit het my laat dink aan my kinderdae toe ek vir die posman gewag het om die *Jongspan*- en *Patrys*-tydskrifte af te lewer. Ons het só gewoond geraak daaraan dat die poskantoor ons tydskrifte laat aflewer of sommer net weggooi dat ek al moed opgegee het. Nou het ek sommer weer nuwe moed. Dit is aangenaam en gerusstellend om te weet dat ek voortaan met elke uitgawe die voorreg gaan hê om weer vir die "posman" in die straat te wag in afwagting op die goeie nuus.

Baie, baie dankie aan jou en Michel Schoeman by SA Jagters se hoofkantoor.

Vriendelike groete

**KOOS MARAIS**

### MNR. SLAGHUISVLEIS

Ek skryf hierdie brief na aanleiding van Francois se redakteursbrief in die Mrt/Apr 2023-uitgawe en ná wat ek onlangs gereeld op sosiale media gelees het oor wildpryse en manne se stellings soos "Voor ek daardie prys vir 'n blouwildebees betaal, gaan koop ek eerder biltong by die slaghuis." Dit is 'n stelling wat my begin bekommerd maak as 'n jagekspedisie en 'n besoek aan die slaghuis as dieselfde ding gesien word. Dan, dink ek, mis iemand heeltemal die punt van jag.

"Mnr. Slaghuisvleis" beplan 'n paar maande vooruit watter slaghuis hy gaan besoek. Dan bel hy sy vriende en hoor wie gaan saam inkopies doen. Hulle kom selfs 'n paar aande om die braaivleisvuur bymekaar en bespreek vooraf hoe laat hulle gaan ry en watter hulpmiddels moet saamgaan om vleis te gaan koop. Daar word ook voor die groot inkopietog 'n lysie gemaak van alles om te onthou: watter tyd is die beste vir die slaghuisbesoek, moet hy skoene dra of plakkies, parkeergeld, hoeveel is die karwag se fooitjie en gaan hy daar 'n plastieksak koop vir die vleis of dalk een van die nuwe koelsakke wat so mooi in die bakkie se bak agter pas sodat die vleis tot by die huis koud kan bly?

Voor die groot dag aanbreek, gaan oefen "Mnr. Slaghuisvleis" gereeld by die plaaslike supermark hoe om 'n winskoop raak te sien en hoe om die vleis uit verskillende hoeke te benader. Hy hoop hy kry darem dié keer 'n blokman en/of winkelassistent wat die winkel ken en mooi stadig sal stap om vir hom al die vleissnitte uit te wys.

Nadat die vleis gekoop is, word daar 'n klompie foto's geneem – foto's met die kredietkaart voor die vleis, maar die pinnommer moet weggesteek word, en asseblief tog geen bloed in die foto nie; dit gee die nie-vleiseters skietgoed om die slaghuise te verban. Vir maande daarna word stories vertel van daardie lekker slaghuisuitstappie en die pret wat ons almal gehad het. Die foto's word oor en oor gewys en met elke vertel word die vleis swaarder en die prys per kilogram goedkoper. Volgende jaar is boetie se beurt om te gaan vleis koop – hy is mos nou al mooi groot om 'n trollie te stoot en 'n bankkaart te kan gebruik, of hoe?

Asseblief tog! As "Mnr. Slaghuisvleis" my kan oortuig dat hy deur die ervarings gaan, dit geniet en vir jare daarna dit nog onthou, sal ek ook dalk daaraan dink om my gewere en boog te verkoop en net die slaghuis te besoek. Maar vir nou werk ek eerder nie uit wat kos my biltong per kilogram nie en is altyd op die uitkyk vir goeie pryse. Ek jag op 'n begroting, maar is gefokus daarop hoe lekker ek met familie en vriende "memories" in die veld gemaak het.

**RUDI BRITZ**

## BAKKIEJAGTERS

Ek is dankbaar vir Thys Vallentgoed (Nov/Des 2022-uitgawe) en Steve Berkemeyer (Jan/Feb 2023-uitgawe) se kommentaar en kritiek ten einde bakkiejag binne konteks te plaas.

Ek het begrip vir die jagscenario's waarna Thys verwys het, maar vir my wil dit voorkom of omstandighede nou doelbewus só bewerkstellig word dat bakkiejag die norm geword het. Het die aarde dan nou te koud geword vir party van ons se voete, en daarom word daar hoofsaaklik van 'n bakkie af geskiet? Daardie *long-range precision rifle* is verbrands swaar – jy sal die ding in die sand agter jou aansleep nog lank voor die geelhake behoorlik skaduwees gooi! Nou word daar met dié skietgoed ook maar bakkie gery.

As daar nou 'n bakkiejagter is wat nie brandhout van dieselfde boom as ek breek nie, is dit daardie ou wat my vra om vir ons 'n "vinnige jaggie" te reël op 'n plaas sommer hier naby, dan skiet ons gou 'n bok Saterdagoggend sodat ons betyds tuis kan wees vir die middag se rugby op TV! Ja, ek praat met 'n vuurbek wat jou akker kraak; die redaksie van hierdie tydskrif betaal nie my salaris of Eskomkrag nie.

Om jouself 'n "jagter" te noem, kom nié goedkoop nie. En nou praat ek nie van geld om duur jagtoerusting te kan bekostig of eksotiese wild te jag nie. Dit is eerder die prys van durf om met 'n stapjag jou veld- en jagkuns toe te pas en 'n uitdagende jagavontuur te onderneem – die essensie van jag wat die jagter definieer. Al wys die ouderdom langs jou oë en die jagbroek van tien jaar gelede pas nie meer nie, maar jy kan steeds van waar jou pakkie geparkeer is, drankwinkel toe loop vir jou botteltjie, dan ís jy mos nog goed vir stapjag?

'n Geweer oor die skietraam van 'n bakkie en 'n slimfoon wat vir jou sê hoeveel klikke jy moet oorhou vir daardie bok wat selfs verder as 400m staan, maak nie van jou 'n jagter nie, al trek jy dan nou ook *fênsie* camo's oor jou kop. As jou vrou moet uitvind wat jy vir hierdie bakkieuitrusting betaal het en dat jy nie rêrig 'n jagter is nie, gaan sy dalk net aanspraak maak op jou jagbegroting en kan moontlik ook daarop aandring dat jy al jou skouermonterings dadelik verwyder!

Ek dink elke jagter behoort jagstories van goue herinneringe bymekaar te maak wat sy gedagtes besig sal hou die dag wat ons nie meer kan jag nie en baie dinktyd het. Maar wat vir 'n "jagstorie" sal 'n bakkiejagter nou eintlik hê?

**GERHARD COREEJES**

## TUISAFLEWERING VAN SA JAGTER/HUNTER

Geagte redakteur

Ek het op 'n plaas grootgeword. Ons was so 13 km van die naaste poskantoor af en ek onthou hoe my pa altyd die *Landbouweekblad* daar gaan afhaal het. Daardie tyd is nou verby en die poskantoor bestaan net in naam. My SA JAGTER/HUNTER-tydskrif word nou by my woonadres afgelewer. Baie dankie aan Michel Schoeman by die SAJWV-hoofkantoor wat sorg dat ek maandeliks 'n SA JAGTER/HUNTER-tydskrif kry. Dit is gewis nie 'n geringe taak nie.

**THYS VALLENTGOED**




## SKRYF VIR SA JAGTER/HUNTER

Die tydskrif verwelkom artikelbydraes van ons lesers oor hul jagervaringe, asook tegniese artikels oor jag, herlaai, gewere en dies meer. Jy hoef nie bekommerd te wees dat jy nie 'n "skrywer" is nie – as jy 'n storie kan vertel, dan kan jy skryf! Ons redaksionele span sal agter die skerms enige moontlike taalkundige foutjies regstel en jou artikel vir publikasie poleer.

**Deel jou stories met ons! E-pos jou artikelidees aan die redakteur by: *francois@sahunter.org***

# SNELVUUR

KORTLIKS ▸ NUUS ▸ INTERESSANT OM TE WEET ▸ BEWARING ▸ JAG

NUUS

## SAFARI SE DGS WEEREENS 'N GROOT SUKSES!

Safari Outdoor het Saterdag 18 Maart weer hulle DGS *(Dangerous Game Shoot)* by die Eeufees-skietbaan naby die Voortrekkermonument aangebied. Kaartjies vir hierdie skietbyeenkoms is elke jaar binne 'n paar uur uitverkoop en vanjaar was geen uitsondering nie. Die rede hiervoor spreek vanself – dit is 'n heerlike dag op die skietbaan vir die manne en dames met die groot ketties. Hierdie is vir my een van die hoogtepunte op die jaar se skietkalender en ek betaal onmiddellik as ek hoor die inskrywings het oopgemaak.

Agt bane en 35 skote later was die skouers seer, maar die gees goed. Die skuts is op 'n heerlike spitbraai getrakteer en elke deelnemer het soos gewoonlik 'n geskenkpakkie met vele items van Safari Outdoor ontvang.

Christiaan Swart het met die louere weggestap en sy broer Stephen Swart was tweede. Frederik Cocquyt was derde. Al hierdie manne is lede van BASA *(Big Bore Association of Southern Africa)* en hulle gereelde oefening en deelname aan skietdae werp beslis vrugte af! Die wenners kry nie groot pryse nie, slegs 'n "ghong"-trofee, 'n pet en die gepaardgaande erkenning. Safari Outdoor, Inyathi Sporting Supplies, Formalito, Zeiss, Zwarovski en SSG Gun Cases het gelukstrekkingpryse ter



**Deelnemers op die *"Special Snap"-baan*. Jy moet agt skote in 32 sekondes op 'n sirkelteiken skiet vir punte.**

waarde van R110 000 geskenk en sommige deelnemers het met pragtige, duur teleskope, verkykers, geweersakke en nog vele meer huiswaarts gekeer.

Dankie, Safari Outdoor – dit was heerlik. Sien julle volgende keer!

## MORE NEWS FROM THE ZAMBEZE DELTA CONSERVATION TEAM!

CONSERVATION

*In the March/April 2023 issue of this magazine, we reported on the birth of a cheetah cub in Coutada 11 in the Zambezi Delta in Mozambique. Tamar Kendon, a conservation biologist for Zambeze Delta Conservation and the Ivan Carter Wildlife Conservation Alliance, has some more good news to share with us:*

"In December, there was great excitement when the cheetah cub was born in the Zambezi Delta. Originally, only one cub was seen, but recently, the monitoring team got a wonderful surprise when a second cub was spotted! This is a testament to how well their mother selected the den site. She kept the cubs incredibly well hidden in tall, dry grass far away from the main areas used by lions. At ±6 weeks of age, the cubs emerged from the den and started following their mother around. This is an important milestone and stage of their development as it is when a lot of life skills are learned. When they were younger, their mother had to leave the cubs alone in the den when she was hunting. The cubs currently have silvery-grey mantles (long fur) which run along their backs. Interestingly, this is thought to provide some protection through the resemblance to the feisty honey badger.

We are very grateful to the Cabela Family Foundation and Ivan Carter Wildlife Conservation Alliance for supporting this project. Visit *www.ivancarterwca.com* and *www.cabelafamilyfoundation.org* for more information."



Photo: Willem Briers-Louw



# 2023 BUFFELJAGKOMPETISIE WEN HIERDIE DROOMPRYS TER WAARDE VAN MEER AS R600 000!

KOMPETISIE

## WÉÉR SA GROOTSTE JAGKOMPETISIE OOIT!

Die Mosambiek-buffeljagkompetisie van 2022 was 'n reusesukses. Die wenner Lawrence Meintjes en sy vrou Ansu, wat vir hom die wenkaartjie gekoop het, was vergesel van SA JAGTER/HUNTER se redakteur en Gert Booyse, eienaar van Rhino Bullets wat 2022 se hoofborg was. Hulle het 'n ongelooflike ervaring meegemaak in Coutada 11 in Mosambiek, die tuiste van Zambeze Delta Safaris (ZDS).

Vanjaar maak ons weer so en die prys is dié keer selfs groter! Ons gaan weer 'n trofee-buffel jag, asook 'n trofee-waterbokbul en 'n trofee-rietbokram. *(Die kwaliteit van die waterbokbulle en rietbokramme in die konsessie is ongelooflik – ek het nog nooit so 'n groot konsentrasie van "Rowland Ward"-diere in my lewe gesien nie. – Red.)*

Die jag vind aan die einde van November 2023 plaas en die presiese datums sal later bekendgemaak word wanneer ons span se retoervlugte na Beira bevestig is. Dit bestaan uit vyf dae se jag en ses aande se verblyf in een van ZDS se luukse kampe. Die wenner en sy/haar metgesel se kostes word ten volle gedek vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe – jy daag eenvoudig op met jou klere, kamera, brille en pille, en ons sorg vir die res!

Die helikoptervlugte tussen Beira se lughawe en die kamp is 'n ongelooflike ondervinding – vanuit die lug kan 'n mens die effek van onbeheerde nedersettings asook van die bewaringsareas duidelik sien. Die uitsig is eenvoudig asemrowend – talle troppe diere op die uitgestrekte vloedvlaktes. Die prys sluit ook die volgende in: die gebruik van ZDS se grootkaliber-gewere, alle kos en drank, jagpermitte, trofee-uitvoerpermitte, daaglikse wasgoed, die dienste van uiters bekwame en ervare professionele jagters en die dienste van die vriendelike kamppersoneel.

Verder wag daar op die wenner en sy/haar metgesel 'n geskenkpak met jagklere en ander lekker verrassings – hulle sal ongelukkig moet wag en sien waarmee hulle nóg bederf gaan word! Hulle kan ook uitsien na drie smullekker etes per dag wat deur die kampsjef voorberei sal word: 'n stewige ontbyt met alles wat nodig is vir die "enjinkamer", middagete by die kamp of in die veld, en 'n feestelike driegangmaaltyd elke aand. Die gesellige saamkuier om die kampvuur saans, waar die wenner die dag se jagstories met almal deel, is beslis iets om te beleef. Natuurlik gaan ons ook weer 'n artikel oor hierdie spesiale jag in die Jan/Feb 2024-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER publiseer – iets kosbaars wat die wenner vir sy/haar kleinkinders kan bewaar.

Dit is egter nie al nie... Daar wag nóg 'n groot verrassing op die wenspan met hul aankoms by die kamp. Ons gaan egter nie die geheim verklap nie – al wat ons kan sê, is dat die wenner se metgesel ook liefs 'n paar ure op die skietbaan moet deurbring voor ons vertrek...

Afrikan Tanning & Taxidermy van Bronkhorstspruit borg weer die trofeewerk vir hierdie kompetisie, wat 'n skouermontering van die buffel en skedelmonterings van die waterbok en rietbok insluit.

Die totale waarde van vanjaar se jag beloop R600 000.

Zambeze Delta Safaris jag al sedert 1992 in Coutada 11 in die Marromeu-gebied suid van die Zambezirivier in Mosambiek. Dié ervare jagondernemer is in 2022 as Dallas Safari Club se "*Outfitter of the Year*" aangewys. Die jaggebied bestaan uit meer as 200 000 ha sonder enige heinings en is die tuiste van 'n enorme aantal jagspesies. Spesiale amfibiese voertuie word gebruik om die sowat 25 000 buffels in die moerasse te bereik – 'n onvergeetlike ondervinding en beslis een vir die emmerskoplysie! Lees gerus die artikel oor die 2022-jag in die Jan/Feb 2022-uitgawe van ons tydskrif indien jy dit dalk misgeloop het.

'n Inskrywingskaartjie kos slegs R100 en jy kan soveel koop as wat jy wil. Blaai na bladsy 20 vir die volledige besonderhede of volg die skakel na die veilige webbladinskrywing. Moenie langer wag nie – skryf vandag nog in! JÝ kan die wenner van hierdie droomjag wees!

NEWS

## UK PARLIAMENT APPROVES PREPOSTEROUS HUNTING TROPHIES (IMPORT PROHIBITION) BILL



In March, the UK parliament approved the single most ridiculous and far-reaching bill that would adversely affect wildlife in Africa (and many other continents). The bill, which must now be scrutinised by the House of Lords before it can become law, proposes to ban the import of hunting trophies of many animal species, including lions, rhinos and elephants. The bill has been widely supported by animal rights organisations and ill-informed, attention-seeking "do-gooder" politicians and celebrities.

It smacks of ultimate neocolonialism, and one must beg the question: "Who are they to tell Africa how we should manage our wildlife?" It is astonishing to what level they have "elevated" themselves above us in Africa to be telling us what to do! What is even more ironic is that, apart from well-managed private estates, there is very little wildlife left in the UK…

*If it becomes an act, the bill will kill many more wild animals than it will save. I urge you to boycott the work of any artist who supports it. –Ed.*

NUUS



## ROOFKOPIEË

In die Mrt/Apr 2023-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER het ons 'n advertensie geplaas om lesers bedag te maak daarop dat die verspreiding van roofkopieë van hierdie tydskrif 'n misdryf is waarvoor tronkstraf opgelê kan word. Gedurende Maart het 'n span professionele forensiese deskundiges 'n WhatsApp-groep oopgevlek wat op groot skaal verskeie roofkopieë van SA JAGTER/HUNTER asook van ander publikasies versprei het. Die nodige forensiese inligting is versamel en 'n lywige dossier is deur die span saamgestel. Die dossier bevat die details van ongeveer 440 persone wat aan die WhatsApp-groep deelgeneem het en dus as medepligtig beskou kan word. Hierdie dossier, tesame met die nodige ondersteunende bewysstukke, sal eersdaags aan die SAPD oorhandig word vir kriminele vervolging. Ons hou julle op hoogte hieroor in toekomstige uitgawes. Indien jy intussen so 'n roofkopie ontvang, stel asseblief vir Francois van Emmenes, die redakteur van SA JAGTER/HUNTER, in kennis deur 'n e-pos te stuur na *francois@sahunter.org*

NUUS

## SA JAGTERS WEN HOFSAAK OOR DIE LYS VAN WILD VIR DIEREVERBETERING

***Deur LIZANNE NEL, BEWARINGSBESTUURDER: SAJWV***

Die hofaansoek van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging (SAJWV) teen die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) is met koste in die guns van SA Jagters beslis. Die minister is beveel om die lys van verskeie inheemse, bedreigde en indringerwildspesies ingevolge die Diereverbeteringswet ter syde te stel. Buiten die verreikende negatiewe implikasies vir wild, was daar ook nie behoorlik met rolspelers gekonsulteer soos die wet vereis nie.

Die Diereverbeteringswet maak voorsiening daarvoor dat landrasdiere geteel en geneties gemanupileer kan word om "nuwe" rasse te skep met verbeterde produksie en prestasie. Dit word tipies gevind wanneer verskillende beesrasse vir spesifieke eienskappe soos vleis- of melkproduksie geteel word. Die wetgewing maak ook voorsiening vir spesifieke rasgebaseerde telersgenootskappe.

Indien wildspesies op hierdie lys sou bly, sou dit beteken dat:

- wild geneties gemanipuleer kan word deur verskeie veeproduksietegnieke (kruisteling, embrio-oes en -oordrag, lynteling, ens.);
- 'n telersgenootskap rasstandaarde vir wildspesies kan voorskryf wat beteken dat diere wat nie aan hul rasstandaarde voldoen nie, as ontrou aan die ras verklaar kan word – iets wat wildeienaars direk kan raak;
- hierdie proses die deur oopmaak vir die makmaak van wild en erodering van genetiese integriteit van wildspesies; en
- indien gemanipuleerde wild vir jagdoeleindes beskikbaar gemaak word, dit 'n wesenlike impak kan hê op die reputasie van jagters en die bydrae wat hul jagfooie maak tot die bewaring van natuurlike wildpopulasies en die verwante habitatte.

Volgens die Vereniging is daar geen grondige motivering om wild saam met veerasse te lys vir diereverbetering nie. Vrylopende wildpopulasies het met verloop van tyd en deur natuurlike seleksie aangepas om in veranderende omgewingstoestande te kan oorleef. Dit wil voorkom of die wanpersepsie dat die insluit van wild ingevolge die Diereverbeteringswet sou beteken dat biodiversiteitswetgewing (NEMBA en NEMA), wat die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DFFE) bestuur, nie meer van toepassing sou wees nie, moontlik as motivering gedien het.

SA Jagters het toevallig bewus geraak van die eerste lys in 2016, waarna ons beide DFFE en DALLRD versoek het om redes te verskaf vir hulle aksie en om die implikasies daarvan te verduidelik. Dit was gou duidelik dat nie DFFE óf die bewaringsowerhede in provinsies gekonsulteer is, soos die wet vereis nie. Terwyl SA Jagters gepoog het om duidelikheid van DALRRD te kry, is die volgende groep wildspesies weer sonder enige konsultasie van belanghebbendes gelys. 'n Totaal van 45 wildspesies is gelys, wat onder andere wit- en swartrenosters, klipspringers, oorbietjies, jagluiperds, leeus, soenies en takbokke insluit.

As organisasie wat daartoe verbind is om ons natuurlike erfenis te bewaar, was ons baie bekommerd oor hierdie verwikkelinge. Vanaf 1949 is bewaring deel van die Vereniging se mandaat en doelwitte. Ons is ook saam met die regering en ander bewaringsorganisasies 'n lid van die grootste bewaringsforum in die wêreld, naamlik die Internasionale Unie vir Natuurbewaring (IUCN), wat onder andere ook reeds die gevare van intensiewe manipulering van wild uitgelig het.

Met 'n bewaringsmandaat van ons lede en ook in belang van die publiek wat 'n grondwetlike reg tot die bewaring van ons natuurlewe het, is 'n hofaansoek in Desember 2019 gebring waarin die hof versoek is om die insluit van wildspesies by die lys ter syde te stel.

Ons wag in spanning om te sien hoe die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling op die hofuitspraak gaan reageer. Ons hoop egter dat die uitspraak beide departemente sal noop om in die toekoms beter saam te werk waar hul mandate oorvleuel of onduidelik is. Die Vereniging hoop verder dat die staat besef dat rolspelers soos SA Jagters gekonsulteer behoort te word in sake wat hul wesenlik raak. As volwaardige bewaringsorganisasie met lede wat omgee vir die natuur, sal ons ons bly beywer vir die bewaring van vrylopende wild in hul natuurlike habitat.




**Die regspan (links na regs): Jan Sterk (prokureur), Alan Liversage (advokaat), Anmarli van der Merwe (junior advokaat) en Lizanne Nel (Bewaringsbestuurder: SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging).**

# WEN!

SMS 31370

VIER GELUKKIGE LESERS STAAN DIE KANS OM DIE ONDERSTAANDE TROTS SUID-AFRIKAANSE PRODUKTE TE WEN:

**SMS "DOVETAIL", "KAPPETIJN" OF "HAMILTON" MET JOU E-POSADRES NA 31370**

SMS kos R1,50. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word. Volledige bepalings en voorwaardes is beskikbaar op ons webwerf by *https://www.sajagterhunter.com/wen/bepalings_en_voorwaardes*

## HIERDIE MAAND SE PRYSE:

### DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

**SMS "DOVETAIL" MET JOU E-POSADRES NA 31370**



**Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen.**

Die Dovetail-ammunisie-kissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by **083-257-4041** vir meer inligting. Elke kissie is ongeveer R525 werd.

**MEI 2023 SE WENNERS:**
Bertie Badenhorst
Lizzie Jordaan

### DENNIS KAPPETIJN-MES

**SMS "KAPPETIJN" MET JOU E-POSADRES NA 31370**



**Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500.**

Vir meer inligting, besoek hul webtuiste by *www.kappetijnknives.com* of kontak ons by **082-923-5639 / 082-968-4242**

**MEI 2023 SE WENNER:**
Dennis Goslin
(Kontak Linita by 082-968-4242 vir jou prys.)

### PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

**SMS "HAMILTON" MET JOU E-POSADRES NA 31370**




**Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerdrag, ens.) kan elke maand gewen word.**

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

**MEI 2023 SE WENNER:**
Tobie Lombard

Die name van Mei 2023 se pryswenners sal bekend gemaak word in SA JAGTER/HUNTER-tydskrif en ook op ons webtuiste bekend gemaak word.

**Die vorige maand se wenner van Schütze se geweerskoonmaakmiddels ter waarde van R900 is Louis Raath. Baie geluk, Louis!**


NEWS

## WOODLEIGH (ALMOST) BACK ON TRACK

*By JOHAN VAN WYK*



**The Woodleigh factory in Australia is in the process of being rebuilt and significant progress has been made since the fire that caused the damage. Much of the machinery essential for manufacturing is again up and running and being readied for renewed production.**

After a catastrophic fire in November 2021 which either destroyed or seriously damaged much of the machinery used to manufacture bullets, the Woodleigh Bullets factory, located near Murrabit in Victoria, Australia, is again on the verge of resuming production.

Previously, Woodleigh manufactured a wide range of bullets for many rare and hard-to-find calibres, and in some instances, they were the only source of bullets for some of the rarest calibres. Although Woodleigh will no doubt manufacture many of these products again, it will be some time before the full range is in production. For now, the focus is on popular cartridges, and production is set to resume shortly with .375"-calibre bullets for the local Australian market as well as for export to overseas customers such as Norma from Sweden.

Although the fire curtailed the manufacture of soft-nose and full metal jacket bullets, the manufacture of Woodleigh Hydrostatically Stabilised bullets wasn't affected. The Hydro, as these bullets are commonly called, is manufactured in a separate facility located in Melbourne, and the full range remains available for purchase from Woodleigh's South African agent, Bryan Betton.

Restoring the factory to enable production once more took a huge effort and many hours of tedious labour. Most of the machines needed to be stripped down, cleaned, repaired and rewired because of fire damage. This required large amounts of skilled labour, which in turn caused additional delays for Geoff McDonald, the owner of Woodleigh.

With the factory almost ready to resume production, hunters and shooters will soon be able to buy the quality Australian-made bullets in the familiar yellow-and-white boxes.

NUUS

## SA JAGTER/HUNTER-PUBLIKASIEDATUMS

Ons herinner graag ons lesers daaraan dat hulle kan uitsien na 'n maandelikse uitgawe van die tydskrif vir die volgende vier maande – Mei tot Augustus. Daarna word dit weer elke twee maande uitgegee. Hou ons sosialemedia-platforms en die e-posnuusbrief dop om op hoogte van die presiese datums te bly.



# GOUE BOKKE EN BANKBESTUURDERS

Was daar maar nog manne soos oom Stokkies, het dinge dalk nie so skeefgeloop nie, het ek al gedink, noudat biltongjagters en wildboere vir mekaar sit en knor oor pryse.

Wie onthou nog die dae van die bankbestuurders?

Oom Stokkies het sy gelymde hare met 'n kantpaadjie gedra en jou met 'n *bifocal*-kyk gekyk, selfs al het hy nie sy bril opgehad nie. Hy was 'n keiser in eie reg. Of die bank vir jou geld sou leen of nie, was sý besluit. Hy het self die risiko geweeg en as hy geweier het, was dit omdat hy gevoel het jy kan dit nie bekostig nie, of omdat hy gedink het jy betaal te veel, of oorkapitaliseer, of saal 'n mal perd op.

Manne soos oom Stokkies is natuurlik gereeld genooi vir 'n jag, want almal het maar altyd in hul goeie boekies probeer bly. Maar selfs al het 'n bankbestuurder nie self gejag nie, was hy 'n belangrike skakel, want jy kon voor sy lessenaar loop sit en persoonlik aan hom verduidelik hoekom jy 'n lening vir 'n .300 Remington moes hê.

Oom Stokkies sou jou só 'n slag bietjie uitvra en daar en dan besluit of hy jou met die bank se geld vertrou. "Nou maar toe," sou hy sê, "loop kry jou geweer. Ons sal jou help. Maar onthou die biltong."

Ja, geld was skaars en mens moes soms maar hoed in die hand aan oom Stokkies se deur loop klop vir allerhande dinge. Maar waarvoor jy hom nie hoef te gepla het nie, was vir finansiering vir 'n jag. 'n Geweer was dalk duur, maar jag was bekostigbaar.

Jou jaar se vleis teen 'n billike prys, was hoe jy jag kon regverdig voor die draai van die eeu. Self uitgesoek en self geskiet en bewerk. 'n Jagtog het maklik 'n week geduur, soms langer. Dit was grootliks selfsorg, tipies op 'n plaas waar die boer 'n klompie wild ook gehad het, met 'n ou opstal of iets as verblyf. Die boer was bly, want hy het nie veel kostes met die jagtery gehad nie.

Ja, hoe het dinge nie verander nie, nè? Deesdae is jagvleis duur vleis. En 'n jag behels 'n haastige drie of vier dae, want die kostes loop. Die boer moet sorg dat daar genoeg geld inkom, sy insette is hoog.

> Baie ander besorgde partye het ook gewaarsku, jagtersverenigings inkluis, want die plaaslike biltongjagter het hom toenemend uitgesluit gevoel in die stormloop na dollars.

Wat, behalwe sooibrandstofpryse, het dan verander?

Wel, alles het natuurlik verander, nie net in jag nie. Maar wat in jag verander het, is dat dit 'n bedryf geraak het en nie meer net 'n ontginning van die natuur nie. In beginsel was dit 'n goeie ding, want dit was 'n stap na volhoubaarheid. Maar toe sit dit om in 'n wegholgier.

Teen die eeuwending was wildplase skielik mode. Dit was 'n bietjie soos 'n goudstormloop, maar met trofeejagters se dollars as die nuwe Groot Hoop. Elkeen wou 'n wildplaas hê. Dit het 'n hele nuwe vertakking van boerdery geskep. Eiendomsagente, wildhandelaars en selfs mense soos draadspanners het ook geskep. Net die kopers het nie geskep nie. Hulle het die hand diep in die sak gesteek.

Wie was hulle? Party was boere wat die beloftes van wildboerdery wou ondersoek. In baie gevalle was dit egter mense wat min van diere of die natuur of dinge soos teelt en grondbestuur geweet het. Sakemanne veral, want 'n wildplaas was nie net 'n sakeplan nie, maar ook 'n statussimbool en 'n wegbreekplek.

Party het hul voete op die grond gehou, ander het hoog gemik. Hulle het manjifieke lodges met luukse geriewe gebou. Daarby ook nog indrukwekkende slag- en trofeefasiliteite. En dan moes daar personeel en allerhande voertuie en toerusting wees, en alles wat daarmee gepaard gaan.

Die dollars hét toe inderdaad gekom – in sommige gevalle. Die res moes leer dat dit nie so maklik was nie. Bemarking en die ervaring en reputasie van die jagondernemer moes nie onderskat word nie. Daar was duisende plase, almal met soortgelyke vlaktewild en beloftes. En ja, *size did matter*.

Later, toe onthaalvenues mode raak, is dít ook probeer. En toe die hotelplase steeds nie heeltemal aan inkomsteverwagtinge voldoen nie, het baie boere die volgende gier opgesaal. Intensiewe wildteling.

Tydens hierdie kommodifisering van nie net wild nie, maar ook van jag as 'n aktiwiteit, het allerhande sakepraktyke ontstaan. Dinge soos groothandel vang en verkoop van wild. En kleinhandel "put and take" – koop hom op 'n veiling en laat skiet hom op jou plaas. Selfs die teel van leeus in kampies, om geskiet te word. En toe nog gemanipuleerde teling vir kleurvariante en besondere horinglengte.

Menige van die meer as 300 rubrieke en artikels wat ek die afgelope 23 jaar geskryf het, het gemaan teen die volhoubaarheid van sulke praktyke. Baie ander besorgde partye het ook gewaarsku, jagtersverenigings inkluis, want die plaaslike biltongjagter het hom toenemend uitgesluit gevoel in die stormloop na dollars. Maar goudkoors laat hom nie sommer demp nie.

Wel, 'n groot deel van die dollarbedryf hét sedertdien weer verdamp, grootliks omdat "gestroomlynde" praktyke die mark bederf het. Namibië, waar dinge meer eg was, se aandeel het gegroei, SA s'n het gekrimp. Maar ook die reputasie van jag in geheel is nadelig getref. En nou sit en knor wildboere met hoë kostes vir biltongjagters omdat hulle nie kan Amerikaans praat nie, terwyl jagters vir wildboere knor oor die bokke en krane van goud is.

Dis jammer dinge het so ontspoor. Handevat tussen boer en jagter was 'n goeie plan, veral vir die natuur. Maar die natuur verstaan nie giere nie. Oom Stokkies, vermoed ek, sou ook nie.


SPRINGFIELD ARMORY
MODEL
2020
WAYPOINT
LEUPOLD
DEFEND YOUR LEGACY
CUSTOM FEATURES
• Integral machined recoil lug.
• Electrical discharge machining (EDM) of the bolt lug raceways.
• Enlarged ejection port.
• Sliding extractor.
• Hybrid dual-plane feed ramp.
LESS TALK, MORE ACTION
• Dual locking lugs on the fluted bolt.
• Fluted bolt runs smoothly down EDM raceways.
• Provides perfect and repeatable engagement.
• Optimized extraction cam for robust and reliable extraction in any condition.
• Dual cocking cams for ease of operation.
• Toolless disassembly for maintenance.
TRIGGERTECH TRIGGER
• Trigger from TriggerTech.
• Low-profile, non-snag safety.
• Frictionless Release Technology™.
• Adjustable from 2.5 – 5 pounds.
• Patented, free-floating roller for a crisp, clean, and repeatable pull.
CARBON FIBER STOCK
• Hand-laid stock made from 100% carbon fiber.
• Pillar bedded for perfect marriage to the action.
• Weight as low as 6 lbs. 9 oz.
• Strikes a balance between strength and mobility.
.75 MOA GUARANTEE
Available at SAFARI OUTDOOR




Pre-WWI Jeffery/Mauser 3-shot Model 1908, built on a standard action (top), and post-WWI Jeffery/Mauser 5-shot Model 1912, built on a single square-bridge Magnum action (bottom). Both rifles are in calibre .333 Jeffery.

# THE .333 JEFFERY

## *3-shot or 5-shot – which was best?*

*A comparison of two of Jeffery's highly sought-after classic rifles.*

### HISTORY

Every rifle enthusiast knows the extensive range of proprietary large-bore, low-pressure nitro rifle cartridges developed by William Jackman Jeffery, with some of the best known being the .450/.400 3" Nitro Express (also known as the .400 Jeffery), the .404 Jeffery, the .450 No. 2 Nitro Express, the .475 No. 2 Nitro Express, the .500 Jeffery and the .600 Nitro Express. These cartridges were all based on Jeffery's very successful formula of using a long, wide-bodied, very strong case with a thick, heavy rim. The thick rim and case dimensions of these cartridges ensured that they could not chamber in older black powder rifles of similar calibre – a very important safety consideration.

Amongst the lesser-known cartridges developed by Jeffery are oddities such as the .333/.280 and .303 Rimless Magnum, which never made it commercially. If you had to rank Jeffery's cartridges according to popularity, the .404 and .500 would be right at the top and the .333/.280 at the bottom. Somewhere in between lies the .333 Jeffery – not quite as popular as the .404 and .500 (for which new hunting rifles are still being built today), but not quite as unknown as the .333/.280.

For many years, Jeffery's clients had requested him to develop a cartridge similar to the .256 Mannlicher but using a heavier bullet for use against larger game. The .256 Mannlicher had been a great success for Jeffery, and he had been selling the "Jeffery Mannlicher Sporting Rifle" since 1895. Initially, he used the 1895 Mannlicher action and the rimmed 6.5x53mmR cartridge, changing to the Mannlicher-Schönauer action and the rimless 6.5x54mm Mannlicher-Schönauer cartridge after 1903. These .256 cartridges had demonstrated excellent killing power due to the deep penetration of the 160-grain bullet with its fantastic sectional density of .328 (similar to a 220-grain .308 bullet) and had a huge following amongst hunters all over the world. So, Jeffery decided to "upscale" the .256 Mannlicher to become the .333 Jeffery. Not wanting to fiddle too much with a working formula, he essentially doubled the bullet weight and improved the sectional density even further. Wisely, he kept the velocity roughly the same. The 300-grain .333 bullet had a phenomenal sectional density of 0.386, making it probably the best-penetrating hunting bullet ever. Visually, the .333 Jeffery does indeed look like a larger-scale version of the 6.5x54mm Mannlicher-Schönauer cartridge.

Introduced in 1908 (three years after the introduction of the .404), the .333 Jeffery (also known as the .333 Rimless Nitro Express) was based on a .404 Jeffery case, shortened to 2½" and necked down. The bullet diameter was a true .333", which would later contribute to its demise because most modern "thirty-three" cartridges used .338" bullets. Initially loaded with a 250-grain bullet, Jeffery advertised a muzzle velocity of 2 600 fps. However, most sources agree that only 2 500 fps was actually achieved. Very soon, a second load was introduced,




**Advert from the Jeffery catalogue for 250-grain pointed, soft-nose, "high-velocity" ammunition and 300-grain round-nose ammunition. Note that the rifle depicted has a square-bridge Magnum action, quarter rib and other features identical to rifle no. 2 described later in this article.**



**FROM THE LEFT: .404 Jeffery, .333 Jeffery, 6.5x54mm Mannlicher-Schönauer and .318 Westley Richards cartridges. Note that the .333 has almost the same overall length as the .404.**

using a 300-grain bullet travelling at 2 200 fps.

Jeffery also released a rimmed version, the .333 Flanged Nitro Express, for use in double and single-shot rifles, but it was not successful and very few such rifles were produced. Kynoch is currently offering new loaded ammunition for both the .333 Jeffery and the .333 Flanged, using 250- and 300-grain bullets at 2 400 fps and 2 150 fps, respectively.

The .333 Jeffery was an excellent, all-round medium-bore cartridge with its heavy, parallel-sided, high-sectional-density bullets that ensured phenomenal penetration. Its main competition came from the .318 Westley Richards, which was introduced in 1909 (some sources say 1907) and fired a 250-grain bullet at about 2 400 fps. The actual bullet diameter of the .318 was .330" – virtually identical to the .333" diameter of the Jeffery. The .318 immediately gained a reputation as an outstanding medium-bore cartridge, and according to John Taylor, it was "undoubtedly the most popular and most widely used British medium bore". Compared to the .318, the .333 had two advantages. Firstly, due to its larger powder capacity, the muzzle velocity with the 250-grain bullet was superior by 100 to 200 fps. Secondly, and this was the main advantage, the .333 was available with 300-grain bullets, whereas the heaviest bullet for the .318 was a 250-grain.

John Taylor writes of the .333 as a "splendid killer" with performance very similar to Rigby's famed .400/.350 Nitro Express and calls the 300-grain "one of my favorite bullets". He describes how this bullet had splendid sectional density, was extremely accurate, retained its velocity, and gave very deep penetration, quite often the full length of an animal's body. In contrast, he was not impressed by the .333's copper-capped, hollow-point, 250-grain bullet, which broke up too readily, and strongly recommends the 300-grain bullet only, either in soft-nose or solid. Elmer Keith was another old-school writer that was very impressed with the .333 Jeffery and writes that the 300-grain bullet's "penetration was probably the greatest of any calibre". He considered it superior to the .318 and used it as the basis for his own .333 O.K.H. wildcat and later the .334 O.K.H. (which, in turn, was the inspiration for the .338 Winchester Magnum).

Despite its advantages, the .333 eventually lost out to the .318, with the latter becoming the "de facto" British all-round, medium-bore cartridge. Of course, when the .375 H&H Magnum came out in 1912, it captured that title and effectively killed off both the .318 and the .333. However, the fact remains that the .333 with 300-grain bullets was a superior cartridge to the .318 with 250-grain bullets. Looking at the .333 Jeffery cartridge, it is apparent that it has a strikingly "modern" design – a short, fat case with a long neck holding a very high-sectional-density bullet.

Jeffery used a beautiful, lightweight, bolt-action sporting rifle built on a commercial Mauser action to introduce the .333 to the shooting world. As shown in the accompanying advert, it was called the "Jeffery 1908 Model". This advert from Jeffery's catalogue (see photo on next page) also settles the argument about the .333 Jeffery cartridge's date of introduction. It was indeed introduced in 1908 and not 1911, as is frequently reported. »



**The good and the bad .333 ammunition. From the left: The much-criticised 250-grain copper-capped, hollow-point bullet, the 300-grain soft-nose split bullet, the normal 300-grain soft-nose with thick jacket, and the legendary 300-grain round-nose solid bullet that gave such phenomenal penetration.**



JEFFERY'S 1908 MODEL

·333 Mauser Action Rifle.

ENORMOUS VELOCITY. FLAT TRAJECTORY.
HEAVY STRIKING FORCE. LIGHT WEIGHT.
A PERFECT RIFLE FOR HILL SHOOTING.

CARTRIDGES LOADED WITH HIGH VELOCITY CORDITE OR AXITE POWDER.

Bullets made in three patterns, viz:—Nickel covered, sharp point; Nickel with soft Lead, sharp point. and Nickel covered with soft Lead, blunt point.

CARTRIDGES and BULLETS.

JEFFERY'S ·333 MAGAZINE

333 SPLIT

SOFT NOSE ·333

No. 1 Model, ·333 Jeffery Mauser Action Rifle, 26in. Barrels, plain finish. Sighted to 500 yards for India, or 1,200 yards for other countries. Standard & Leaves or Standard Two-leaf and Tangent Back-sight, Ivory Bead Fore-sight, Pistol Grip Stock, and Short Fore-part with Horn Cap. Chequered, Roughened Iron Heel Plate, with Trap for Rod in Butt. Eyes for Sling ... ... ... £15 0 0

No. 2 Model, ·333 Mauser Action Rifle, best finish. 26in. Q.S. Nickel Steel Barrels, best quality Back-sight, with Standard and Four-spring Leaves, or Standard Four spring Leaves and Tangent, Ivory Bead Fore-sight, selected Walnut Stock, Chequered Pistol Grip, Roughened Iron Heel Plate with Trap for Rod in Butt, Eyes for Sling. Action well engraved, and finished in best style ... ... £25 0 0

No. 3 Model, Jeffery Mauser ·333 Rifle, with plain stock, not Chequered. 26in. Barrel, Standard and Four Leaves to 500 yards, or Standard Two-leaf and Tangent Back-sight. Platina Tipped Fore-sight, Straight Grip Stock. Eyes for Sling, Trap in Heel for Rod ... ... ... ... ... £12 10 0

**Full-page advert from the Jeffery catalogue for the Model 1908 rifle. Note that the rifle depicted has a standard round action and other features identical to rifle no. 1 described later in this article.**



**Jeffery's patent quick-release front sight protector.**

» In the Jeffery catalogue, this rifle is advertised as having a 3-shot magazine. The early rifles were all built to this pattern, but in later years, a 5-shot magazine was also used. The reason for this lies with Rigby. Up until 1912, John Rigby was Mauser's exclusive distributor in England and did not make the Mauser Magnum action available to other makers. Hence the Jeffery Model 1908 rifles were built on standard-length Mauser actions capable of holding only three of the fat .333 rounds in its magazine. Jeffery obtained these Mauser actions by other means (not from Rigby). With Rigby's sole distributorship of the Mauser action lifted in 1912, Jeffery developed a good business relationship with Mauser and was able to order actions directly from Mauser. So, after 1912, Jeffery decided to rather use the Magnum action for the .333 rifle, which could take five rounds in its magazine. These 5-shot, Magnum-action .333 rifles were also known as the "Jeffery 1912 Model" and were advertised as such in the later Jeffery catalogues (more on this later.)

**RIFLE NO. 1: 3-SHOT PRE-WWI MODEL 1908**

Rifle no. 1 has Jeffery serial number 23530, it was built on a standard-length, commercial Mauser action with a round top, and was completed in 1912. The Mauser action has serial number 47903, which dates the action itself to 1911. A medium-profile 25" Krupp steel barrel is used with an express rear sight consisting of one standing and four folding leaves to 500 yds, folding backwards as was Jeffery's custom. These are marked "1" to "5". The front sight is on a ramp and has Jeffery's patented quick-release front sight protector. Round sling eyes on the barrel band and the stock are for the use of a classic leather sling with hook swivels. Engraved on the barrel is "W.J. JEFFERY & Co. Ltd., 13 KING STREET, St. JAMES. LONDON, S.W.", which was the company address from 1892 to 1920. Proof marks on the barrel are for 42 grains of cordite and the 300-grain bullet.

Weighing in at only 8,3 lbs unloaded, the rifle is light and handles exceptionally well. The stock is in the classic Jeffery style with buffalo horn on the fore-end tip and grip cap and has a steel buttplate with trap. In all aspects, this rifle seems to



**Jeffery's glorious express sights, which folded rearwards.**



**Mauser standard action with round top. Note how the rear ring has been cut away to make room for the long .333 cartridge.**



**Magazine box with front wall completely cut away.**



**Steel plate inlet into stock to provide front wall for extended magazine box.**

be exactly like the "Model 1908" rifle in Jeffery's catalogue. This brings us to the most interesting feature of this rifle – how the standard-length action was modified to accommodate the long .333 Jeffery cartridge.

Jeffery (more correctly, probably Leonard, who actually built the rifle for Jeffery) took the standard-length, commercial Mauser action and mated it with a magazine box from a military 8x57mm rifle. He chose the military magazine box because its front wall is "clean" and does not contain a forward hinge mechanism (which is the case with the commercial magazine box), as the military floorplate slides in from the rear and is held in place with a spring-loaded plunger. Such a military magazine box can only accept cartridges with an overall length of 84 mm, but the .333 cartridge has a length of about 90 mm. To solve this problem, the front wall of the magazine box was completely removed, as can be seen on photo the above. A separate piece of flat steel was permanently fitted further forward into the stock at the front of the magazine well, thus providing a new front wall for an extended magazine box. This looks very strange when the rifle is disassembled, but it actually works fine and is done to a very high standard of workmanship, as would be expected from Jeffery.

Further modifications to the action include opening up the rear action bridge in the area to the right of the stripper clip notch, as marked in the photo (left), which allows .333 cartridges to be easily loaded and ejected. Also, the feed ramp has been moved forward a few millimetres to match up with the front wall of the extended magazine box. Finally, the rear wall of the magazine box was machined thinner by about 2 mm on its front face to create more internal space.

With these modifications, the standard-length action was made to function with the .333 cartridge. A consequence of using the military magazine box, however, was that only three cartridges could be loaded into the magazine. It is very interesting to read that John Taylor in fact preferred the Jeffery 3-shot model, writing: "I grew very fond of a little 3-shot .333 of Jeffery's and reckoned it the easiest to handle of any magazine rifle I ever owned." He argues that the 3-shot model gave a better and more comfortable grip as its forearm was flat and parallel to the barrel. In contrast, on the 5-shot model, the stock was much deeper to accommodate the larger magazine and hence had considerable taper towards the fore-end.

The original Jeffery record for rifle 23530 from the company ledger states that the Mauser action was supplied from Europe by Le Personne, a Belgium firm that also supplied Jeffery and Rigby with Farquharson actions. The names of Taylor and Leonard, two of Jeffery's well-known rifle finishers, are listed in the record. Presumably, one did the stockwork and the other the metalwork. It is well known that Jeffery did not actually manufacture rifles himself but instead outsourced the building thereof to several top-quality Birmingham gunmakers (known as "finishers").

### RIFLE NO. 2: 5-SHOT POST-WWI MODEL 1912

Rifle no. 2 has Jeffery serial number 28135 and was completed in 1925. By this time, Jeffery was able to buy Magnum actions directly from Mauser, so the rifle was built on a single square-bridge Magnum Mauser action with serial number 81095. According to the Mauser records, the action itself was manufactured much earlier in 1914, which means that either Mauser or Jeffery had the action in inventory for about ten years before the rifle was built. This was the No. 19 Magnum action sold commercially by Mauser to other rifle makers and was in fact the same action that Jeffery used to build his .404 magazine rifles with. »



**The long .333 cartridge easily fits into the magazine box of the No. 19 Magnum action. Note the straddle floorplate.**



**Mauser No. 19 Magnum action with rear square bridge and stippled front ring.**

18+

WHAT IS

AVAXHOME?

AVAXHOME -

the biggest Internet portal, providing you various content: brand new books, trending movies, fresh magazines, hot games, recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site

AVXLIVE.ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open https://avxlive.icu



The trim 1908 Model (left) and the bulkier 1912 Model (right).



Standard action (top) and Magnum action (bottom). Note the extra length of the Magnum action.



Original steel butt plate with trap as fitted to both rifles.

» Since the .333 case is actually a shortened .404 case, there was no need to perform any modifications to the No. 19 action's bolt face or magazine box.

Keeping with Jeffery's later trend towards shorter barrels, this rifle is fitted with a medium-profile 24" barrel. The express rear sight is inlet into a raised quarter rib with spear point, but in all other aspects, the sight is the same as on rifle no. 1. The front sight is on a ramp and has a removable blade but is not fitted with a front sight protector. Round sling eyes on the barrel and the stock are again present. Since the Jeffery company's address changed in 1920, the engraving on the barrel now reads "W.J. JEFFERY & Co. Ltd., 26 BURY STREET, St. JAMES. LONDON.". Proof marks on the side of the barrel are for 42 grains of cordite and the 300-grain bullet. All features of this rifle exactly match the "Model 1912" rifle advertised in the Jeffery catalogues.

It would be expected that this rifle be heavier than rifle no. 1 due to the much larger Magnum action, but surprisingly, it also weighs only 8,3 lbs! (Obviously, the instruction from Jeffery to his rifle builders was that the finished product had to weigh around 8,3 lbs.) This was achieved by using a slightly lighter barrel profile than on rifle no. 1 and 1" less barrel length. The weight of both barrelled actions is around 6,4 lbs. As already mentioned, the No. 19 Magnum action magazine box with its internal length of 92 mm easily accommodates the .333 Jeffery cartridge, loading five of these rounds.

The stock on rifle no. 2 is in the same classic Jeffery style with buffalo horn on the fore-end tip and grip cap and has a steel buttplate with trap. Since the action is much larger in the magazine area, the stock is of course much deeper around the action than the stock on rifle no. 1, giving the rifle a somewhat bulkier feel (as can be seen in the photos). As was normal with Jeffery, the stocks of both rifles are without a cheekpiece.

The original Jeffery record for rifle 28135 from the company ledger tells us that, this time, the action was sourced directly from Mauser. Again the rifle was finished by Jeffery's favourite rifle finishers of that era, Taylor and Leonard. These two gentlemen must have performed very satisfactory work as Jeffery was using them in 1912, and still using them in 1925!

Compared to some of the other prestigious London gunmakers, Jeffery produced quite a large number of rifles. However, the quality of workmanship was never compromised, and for that reason, Jeffery rifles were always held in very high esteem by big-game hunters of that era. Today, these rifles are eagerly sought after and treasured by collectors. Although the .333 cartridge was very well designed and had all the correct attributes and specifications, it never gained the popularity it deserved. Being a proprietary cartridge did not help either, and very few makers besides Jeffery built rifles in this calibre.

Both rifles featured here are classic and highly desirable examples of Jeffery's work. If forced to make a choice between the two, it would be a difficult decision, but ultimately, I would agree with John Taylor and select the 3-shot model. It does handle and point just slightly better and, because of its age and the old King Street address, seems to possess a little more of that Jeffery legacy and prestige. According to my observations, the 3-shot is also rarer than the 5-shot model.

**Sources and acknowledgement:**
1. W.J. Jeffery & Co. catalogues.
2. *African Rifles and Cartridges* by John Taylor.
3. *Keith's Rifles for Large Game* by Elmer Keith.
4. Rifle 28135, courtesy of Paul Smit collection.
5. .333 cartridges, courtesy of D.W. Schoeman.


GREAT QUALITY, GREAT VALUE!
Spices • Casings • Machinery • Packaging
Trust Exim for all your game meat processing needs. Proudly supplying the butchery and hunting industry for over 35 years.
Our extensive range includes fillers, mincers, knives, casings, spices and seasonings, cures, vacuum machines, biltong dryers and packaging.
Electric Sausage Stuffer
Visit our factory shops in Joburg, Bloemfontein, Port Elizabeth, Nelspruit, Durban and Cape Town. Courier options available.
Email us: info@exim.co.za
www.exim.co.za 021 511 4000
exim

SAJWV BIED AAN

# BUFFELJAGKOMPETISIE




# 2023 WEN

HIERDIE

## DROOMPRYS

TER WAARDE VAN MEER AS

## R600 000!

### Prys sluit die volgende in:

- TROFEE-BUFFELBUL
- TROFEE-WATERBOK
- TROFEE-RIETBOK






### en nog baie meer:

Vyf dae se jag en ses aande se verblyf in Zambeze Delta Safaris se luukse kamp in die Coutada 11-jagkonsessie in Mosambiek. Die jag vind plaas aan die einde van November 2023.

Alle vlugte vir die jagter en sy/haar metgesel vanaf OR Tambo tot in die konsessie, insluitend helikoptervlugte vanaf Beira.

Alle kos en drank, wasgoed, verblyf en jagpermitte.

Jagklere, geskenke en die gebruik van die kamp se grootkaliber-gewere.

Professionele jagters en kamppersoneel.

Taksidermiedienste, asook trofee-uitvoerpermitte vir gejagte wild.

’n Artikel in die Januarie/Februarie 2024-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER oor jou en jou metgesel se jag.

# MOENIE HIERDIE FANTASTIESE GELEENTHEID MISLOOP NIE – SKRYF SOMMER VANDAG IN!

**SLUITINGSDATUM:**
**3 NOVEMBER 2023**

**TREKKINGSDATUM:**
**8 NOVEMBER 2023**
DEUR ONAFHANKLIKE OUDITEURE (PRETORIA)

**NLC REG. NO: 00303/ 08**

**R100 PER KAARTJIE**

## KAARTJIES KOS SLEGS R100 EN JY KAN SOVEEL KOOP AS WAT JY WIL!
















## SKRYF SÓ IN:

**BESOEK:**

**https://qkt.io/Buff23**

**OF**

**SKANDEER HIERDIE KODE**

**OF**

Betaal veelvoude van R100 in die SAJWV se bankrekening in: ABSA (632005) Reknr: 01443990077 – gebruik "Buffel" ASOOK jou selfoonnommer as verwysing.

**OF**

Koop 'n fisiese kaartjie by jou naaste SAJWV-tak se skietdae en sosiale aande.

**MEDIABORG**

JAGTER HUNTER

**DIE BESTEMMING**

Zambeze Delta Safaris
Coutada 11 • Mozambique

**TAKSIDERMIEBORG**




**BEPALINGS EN VOORWAARDES:**
Die kompetisie sluit 3 November 2023. Die trekking sal op 8 November 2023 deur onafhanklike ouditeure gedoen word en die wenner sal telefonies in kennis gestel word. Hierdie gemeenskapsloteryskema is by die Nasionale Loterykommissie (registrasienommer 00303/ 08) geregistreer. Die prys is nie oordraagbaar nie en kan nie vir kontant verruil word nie. Persone moet 16 jaar of ouer wees om deel te neem. Die wenner en sy/haar metgesel moet teen 8 November 2023 in besit van 'n geldige RSA-paspoort wees. Volledige bepalings en voorwaardes beskikbaar by *www.sajagterhunter.com/wen/bepalings en voorwaardes*

# DAAR ÍS NOG JAGTERS... OF IS DAÁR?

***Stof tot nadenke oor die jagetiek en -kultuur van hedendaagse Suid-Afrikaanse jagters.***

"Jou reëls is te streng. Ons gaan die vriende en familie wat al jare hier kom jag, afskrik." Die eienaar van die jagplaas waar ek begin om die jagbedryf op 'n "meer professionele grondslag te plaas", lees my gelamineerde plakkaat met die bepalings en voorwaardes vir jagters wat ek teen die lapa se muur by die jagkamp opsit.

Niks is streng nie – dit noem net die normale beginsels van vuurwapenveiligheid naby 'n voertuig en in en om die jagkamp. Dit blyk



Twee jagters voor die pragtige berglandskappe waarvoor Colorado bekend is.

gou dat die logiese verbod op die vermenging van dryfmiddel en alkohol die bron vir die kommentaar is.

In haar onlangse trefferboek, *Cries of the Savanna*, wat ontstaan het as aantekeninge tydens 'n jagsafari van 23 dae wat outeur Sue Tidwell en haar man Rick in Tanzanië gedoen het, vertel sy onder andere van hulle jagekskursies in die deelstaat Idaho in die noorde van die VSA waar hulle woon. Dit het my herinneringe as jaggids in Colorado en Wyoming weer wakker gemaak.

Jag in die VSA is harde werk, veral as jy 'n permit gekoop het om op openbare grond te jag. Geen voertuie word toegelaat nie. Jy parkeer jou bakkie waar die servituutpad ophou en dra jou tent, geweer en slagtoerusting die veld in tot waar jy kamp maak. As jy alleen is, pendel jy soms twee, selfs drie keer. Wanneer jy jou grootoorhert (*mule deer*) of elk geskiet het, slag jy hom daar in die veld en dra hom boud vir boud en blad vir blad die kilometers terug na jou bakkie toe. Spesiale drarame word daarvoor verkoop. Die karkas word in die veld met takke toegepak en van jou klere word bo-oor gegooi om swartbere en bergleeus weg te hou terwyl jy bakkie toe stap. Die temperatuur is nooit bo vriespunt nie, so die karkas in die veld en die vleis in jou bakkie bly koud.


My drageweer in Colorado – 'n Marlin in .30-30 Win.


Die skrywer op soek na 'n elk 9 000 vt bo seevlak.

As jy dit kan bekostig, kan jy kampplek huur op 'n boer se plaas wat aan die jaggrond grens. Jy kan dalk selfs op sy plaas jag as jy dít ook kan bekostig. Selfs ná sewe dae en 'n $5 000-*tresspassing fee* kry jy dalk nie jou elk nie.

*"That's hunting – some you win, some you lose. At least we were blessed to have hunted in beautiful Colorado again,"* was die woorde waarmee Ray, Jeff en Bobby van Texas my gerusgestel het toe ons ná vyf dae se harde jag nog net een grootoorhert kon kry. Die elk het ons ontwyk. Volgende jaar probeer jy maar weer.

My respek vir dié groep was groot. As die dag se aangestelde kok sê aandete is gereed en die groot stilte van die *Western Slope* van die *Rockies* hang oor die kamp saam met die son wat teen 'n bloedrooi westerkim wegsak, is Ray se dankgebed voor die ete kort en opreg uit die hart. Vir die eerste keer is daar dan 'n bottel Kentucky Sour Mash-whiskey – en sowaar 'n heildronk op *"our guide from South Africa who again went above and beyond what was expected"*. Die jagkultuur en -omstandighede stel ander eise aan die VSA-jagter as dop-en-snellertrek van 'n bakkie af. Amerikaanse jagters gaan »



Bill op pad van die jagskuiling van waar die elk geskiet is.



Hier staan ek met 'n pakkie .30-06-ammunisie in die dorpie Craig – *"The Elk Hunting Capital of the World"*.

» jagveld toe om die geleentheid om te kan *jag*, voluit te benut.

Jag in Colorado beteken om die rante oorkant die canyons vir ure – dalk selfs dae – sorgvuldig deur jou verkyker te besigtig en elke skaduplek onder elke boom en bos te bestudeer. Die ram of bul wat jy dalk sien staan of lê, word mooi bekyk vir toelaatbare horinggrootte. As jy gelukkig is om 'n skietbare bok te sien, word jou aanvanklike nadering en finale bekruip beplan. (Ek het manne sien verdwaal hiermee!) Van daardie oomblik af kan dit maklik nog drie tot vier ure neem voordat jy in 'n posisie is om te skiet.

Die aftrek van die skoot is so 'n klein deeltjie van die jag dat dit baie selde in hulle jagstories genoem word. Die sukses van die *jag* – die raaksien van die bok, die bepaling van horinggrootte, die bekruiproete deur die miniatuur-turksvybossies, die probleem dat die bok nie wou opstaan toe jy uiteindelik kon skiet nie (waar skiet jy 'n bok wat lê?), die koeëlplasing – álles vóór die skoot word in detail en tot vervelens toe ontleed. Die sneller trek is maar die noodsaaklike, finale aksie – maar dit is nie die jag nie.

Hulle jag met oorgawe. Dalk skiet hulle nie so goed soos Pretorianers nie, maar hulle gaan nie veld toe om net gou iets dood te skiet so saam met die koelboks se verversings nie. In *Cries of the Savanna* stel Sue Tidwell haar skoonfamilie se jagte in Idaho so mooi: *"They killed because they had hunted."* Inderdaad gevleuelde woorde. Daarmee wil sy sê dat *jag* nie die snellertrek-oomblik is nie, maar dat dit alles van voor en tot op daardie moment vervat.

In wese beredeneer Tidwell in haar boek sekere aspekte van jag wat baie dieper gaan as die plaaslike en VSA-jagkulture waaraan hierdie artikel raak. Omdat die Amerikaners te voet en sonder drank jag, is die Suid-Afrikaanse styl, waar alkohol 'n innig verweefde grondslag van die jagkultuur geword het, vir hulle onbekend. Dit is hoekom hierdie artikel in Afrikaans geskryf word, want hulle lees hierdie tydskrif. Ons lesers sal flussies sien dat die aanknopingspunt met Sue Tidwell se boek gaan oor ons gedeelde insigte oor die edel rol van etiese jag binne die groter konsep van natuurbewaring. (Sal die leser die konsep "edel" vir 'n tydjie in sy gemoed vashou?)

Big Bill Law van die staat Virginia soek 'n elkbul saam met my in die canyons van Wes-Colorado naby die dorpie Meeker. Die namiddag van die vierde dag sit ons in 'n vlak skuiling nadat ons tot net onder 8 000 vt bo seevlak geklim het. Ons bekyk die canyon se oorkantste hang met ons verkykers en drink ystee en eet neute ná die 3 000 vt-klim tot daar.

Bill vra baie vrae oor koedoes, rooibokke en springbokke. *"Would I have gotten my kudu after four days in South Africa?"* Ek glimlag oor die Amerikaanse *"gotten"*. *"You would have shot it 30 minutes after arriving on the ranch,"* sê ek vir hom. *"No walking too. You'll sit on a bench on a Toyota Land Cruiser truck with a commanding view over the bushveld and with another brandy and coke on ice in your hand and your rifle on a comfortable shooting rest over the cab, and harvest your Rowland Ward kudu, which will be the offspring in a fenced-in, scientifically planned husbandry process."*

*"That's funny,"* lag die ongekunstelde Big Bill Law. Die kontrasterende gedagte is so ver verwyderd van hoe ons vorige drie dae verloop het dat sy logiese brein dit verwerp. En net op daardie oomblik sien ek die roesbruin lyf van 'n elk amper bo teen die plato oorkant die canyon waar ons sit. Dit is 'n volwasse bul met 'n mooi rak. Ek sien nie kans vir nóg 'n 2 500 vt-klim nie en haal my blasertjie uit wat 'n koei op hitte se bulk naboots. Die bul ruk sy kop op toe hy dit hoor en antwoord met 'n luide, vraende beuelgeluid. Toe hy my uitnodigende antwoord hoor, galop hy teen daardie steil berghelling af teen so 'n spoed dat jy in die groot stilte van die hoë canyons die klippe hoor afrol.



Tipiese Colorado-jagveld.



Die grootoorhert *(mule deer)* kry sy naam van sy groot ore.

So nou en dan help ek hom aan met 'n sagte aanmoediginkie.

Weereens is ek verstom oor die vasvoetigheid van hierdie grootlong-takbokke – swaarder as 'n koedoe maar met effens korter bene. Toe hy in die doodsakker so 180 meter voor ons verskyn, maak ek die uitdagende trompetbulk van 'n ou bul na. Die vervaarde jonger man steek vierspoor vas en tuur wantrouig in ons rigting. Die 150 grein Barnes TTSX uit die 7mm Remington Magnum vat hom in die kuiltjie – en daar het Bill sy elk op sy laaste dag net toe die son agter ons wegraak.

Bill se onkunde oor die brannas-en-Coke en bakkiesit-skieters, die negatiewe kommentaar oor my jagreëls wat te streng is en die edel funksie wat jag in die groter dinamika van natuurbewaring vervul, soos deur Sue Tidwell se nuutgevonde insigte verwoord is, lê al geruime tyd vlak in my gedagtes. Lees wat sy in *Cries of the Savanna* sê:

*"It twists a knife in my heart when I see disinformation about hunting's role in conservation, along with vilifying all hunters as cowardly, violent, evil people who kill for entertainment. They are talking about the people I love – my husband, father, stepdaughter, brothers, nieces, nephews, and friends. People who, while imperfect, are still respectable human beings. That said, it would be remiss to say that all so-called hunters live by the standards set by the majority. … unfair pursuits… and disrespecting the creatures…. unethical hunters sully the name of all hunters."*

Die aanhaling wat aanspraak maak op ons langtermyn- strategiese denke oor die voortsetting van 'n onetiese jagkultuur binne die edel konsep van natuurbewaring in Suid-Afrika, is hiérdie een: "*… it would be remiss to say that all so-called hunters live by the [high] standards set by the majority. Unethical hunters sully the name of all hunters.*"

Wat is die norm wat deur die meerderheid jagters daargestel word? Inderdaad eties in die VSA, ja – want die kragte wat teen jagters daar in werking is, het omvangryke mediablootstelling en bykans onbeperkte hulpbronne. Een skewe optrede deur een onetiese jagter en die meerderheid word onmiddellik met dieselfde kwas geverf en aan die groot klok gehang.

Sou die norm om met alkohol te jag, wat baie jagplase hier toelaat, in die VSA ook bestaan het, sou dit jag daar binne drie seisoene vir altyd tot niet maak. Watter uitwerking gaan dit op lang termyn hier by ons hê? 'n Mens moet egter die vraag vra of dit inderdaad die jagplase is wat hierdie onetiese norm stel. Die onmiddellike antwoord is nee, dit is nie. Suid-Afrikaanse jagters stel die eise en jagplase buig agteroor om gehoor daaraan te gee. En só het dit die norm geword en nie die uitsondering nie.

As die jagondernemer die reël het dat iemand met 'n glas drank in sy hand nie aan 'n geweer vat daardie dag nie – hy mag nie eens op die bakkie klim nie – dan boikot hulle daardie plaas in die toekoms. 'n Nuwe geslag Suid-Afrikaanse jagters het 'n nuwe normaal geskep en hulle kinders sien en aanvaar dit as die aanvaarde etiese vlak. Het ons 'n geslag jagters geskep – ons kinders – wie se tienjarige seuns op hulle eerste jag reeds geleer is om Pa se brannas-en-Coke aan te vul as Pa die 6.5mm Creedmoor vir hom op die Land Cruiser se skietkussing reglê? En as hy sy rooibok doodgeskiet het, is Pa daar om hom te leer om die binnegoed uit te haal, af te slag en die koeël se wondkanaal te bekyk en te bespreek? Het ons 'n geslag jagters geskep wat die bok by die slagplek aflaai en hom eers weer oor drie dae sien as hy uit die koelkamer kom en opgesny word vir maklike vervoer?

Hierdie nuwe normaal het gevaarlike, voorsienbare uitkomste vir jag in Suid-Afrika, want die anti-jagwoekeraars slaap nie. 'n Mens móét die vraag vra – het ons nog *jagters* in Suid-Afrika?

My ander nering is lugvaartrisikobestuur. Daar is geen verskil in die beginsels van lugvaartrisiko's en vuurwapenrisiko's en die nuutgeskepte bedreiging vir etiese jag en die langtermynvoortsetting van jag nie. Op 17 het ek my eerste buffel geskiet en in 1976 het ek die eerste keer 'n Mirage-vegvliegtuig na twee maal die spoed van klank geneem. In 1983 het ek my eerste buitelandse jagters die land vol gevlieg. Ek ken elke risiko van elkeen van my twee bedrywe. Het ons 'n geslag jagters geskep wat saam met my sal vlieg as hulle weet ek het brandewyn-en-Coke voor in die kajuit?




# DIE EIER

Kom ek begin by die begin. Piet Polony het gehoor van my dilemma in die jagveld. Ek wat so verskriklik vinnig uitasem raak en die gejaag na suurstof wat die wild wegjaag nog lank voor ek binne skietafstand kan kom.

Piet het my een aand net ná *7de Laan* geskakel en gesê hy kan my help. Ek was in die sewende hemel! Ek is vir seker nie 'n aanhanger van Piet Polony nie. Hy verbeel hom hy is die James Bond van ons jagkontrei en stel hom altyd windmakerig voor: "Polony, Piet Polony, bly te kenne." En as dit by drinkgoed kom, is sy versoek: "Gee my 'n vuil Coke, geskud, nie geroer nie." Al trofee wat hy ooit sal wen, is 'n "jakkals prys sy eie stert" een. Kon Piet my wel uit my dilemma help? Ja, inderdaad.

Piet het vir my 'n eier gewys. Twee om presies te wees. Hy het gevra watter eier vir my die mooiste is en watter een ek graag sou wou hê. Ek moet bieg, albei het vir my presies dieselfde gelyk. Twee mooi, maar eenvoudige wit eiers. Niks om nou 'n polkadraai-boehaai-lawaai oor op te skop nie. Piet se volgende woorde was baie waar, meer waar as wat ek op daardie oomblik besef het: "Ek sal vir jou een van my eiers gee. Kies 'n eier – dit gaan jou lewe verander." "Piet, vat jou eiers en voertsek!" was ek lus en sê vir hom. Maar iets het my gekeer... dalk my goeie maniere of iets in my wat gehoop het dat Piet Polony die waarheid praat. "Hierdie is papegaai-eiers. Een papegaai is joune en jy kan hom oplei om op jou regterskouer te sit en jou regterhand in die jagveld te wees."

Om 'n papegaai op te lei tot die status van veldverkenner of jagtersassistent klink vir my êrens tussen simpel en belaglik. Papegaaie het geen jaginstinkte nie. Hulle eet vrugte, sade en allerhande goete en gedoentes wat nie graag terugbaklei nie. So, wat is die kans, Stefaans? Knipmes-sakdoek-stapkierie-hoes! Nog nooit in my lewe is ek só verkeerd bewys nie. Ek wou ophou jag en nou kan ek nie ophou praat oor my jagavonture nie. En dit alles te danke aan my papegaai-jagkameraad – van snawel tot stertveer een dapper-wapper-jagmasjien.

Met Piet Polony wat met sy twee eiers in die hand voor my staan en sy belaglike plan verduidelik, het ek gewonder of hy dink ek is onder 'n kalkoen uitgebroei. So gepraat van kalkoen – my ouma weet mos hoe om 'n kalkoen begeerlik-heerlik gaar te maak sodat jy dit eintlik al met jou oë begin verslind nog voor dit op jou bord beland. Ek het altyd skimp-skimp gesê: "Skep nog so 'n ietsie-bietjie, groot asseblief my Oumatjie." Dan sou Ouma my vertel my oë is groter as my maag. Ek het dan my oë op skrefies getrek en my maag uitgestoot. Doerie tyd mag kinders nie teëgepraat het nie, veral nie aan die etenstafel nie. Dit was streepsuiker soek! (Nee, streepsuiker is ongelukkig nie 'n soort nagereg nie.)

Ek dink die term "teëpraat" is deur my ouma se ouma begin. Donkiejare gelede, seker so 'n sweepslag of twee ná die Groot Trek, was die storie glo dat die Boere koffiedrinkers was en die Engelse teedrinkers. So het dit gekom dat wanneer jy Engels praat, daar gesê is dat jy die taal van die teedrinkers praat. Dit is later afgekort na net "jy praat tee". Nie lank nie, toe klim hierdie sêding op die lawaaiwa en versprei oral oor die ou Transvaal soos 'n virale video op TikkerTokker. Of dit waar is of nie weet ek nie, maar wat ek wel kan sê, is dat my ouma dit op 'n Maandag vir my vertel het, en sy verdraai nooit-ooit die waarheid op 'n Maandag nie. Seker omdat Sondag se diens nog so vars in haar geheue is. Vanaf Dinsdag laatmiddag vat ek maar alles wat my ouma sê met 'n knippie sout. En teen Donderdag sommer met 'n sak sout. Hene, nou praat ek myself sommer honger. Honger is 'n ding wat elke jagter ken. Menige kere bevind jy jou in die diep veld

> Draailoop-kop, ek verloor al weer die plot. "Hierdie papegaai-eiers kom uit die lang bloedlyn van dié seerowerpapegaai.

met 'n maag wat skree soos 'n mannetjiesvink met 'n nes vol planne. My oupa het altyd gesê: "Pak jou boeretroos, biltong en beskuit voor jy by die deur uitgaan." Ek weet my oupa het ook iets wat met 'n "b" begin, ingepak wanneer hy 'n aand of twee in die veld sou oorbly. Toe ek hom daaroor uitvra, het hy vertel daardie knertsie met 'n "b" is om hom warm te hou deur die koue aande wanneer ouma nie styf langs hom kan lepellê nie.

Ek wil eintlik iets diep met julle praat en nou loop draai my kop al by styf lepellê! Waar was ek tog? Kan 'n papegaai regtig opgelei word en my in die jagveld help? wonder ek. "Ek sien jy twyfel nog, Krisjan," sê Piet. "Kom ek vertel jou 'n ware verhaal."

Eeue gelede op 'n seerowerskip het iets ongelooflik gebeur. Die skip was gelaai met hokke vol eksotiese gediertes en goggas van oraloor wat gevang is en verkoop sou word. Ná maande van storms en onstuimige seewater het die bemanning op die dek aangemeld sodat hulle gevreesde kaptein, Kurt Styweseile, hulle kon aanspreek. Dis tóé dat dit gebeur... In die stilte net voor die kaptein sy eerste woorde kon spreek, sny daar 'n stem soos 'n swaard deur die lug: "Die kaptein is 'n vervlakste pyn, die kaptein is 'n vervlakste pyn!" Kaptein Kurt se oë verander toe van reeds diep de moker in na vlam en vuur! Die manne het geskok rondgekyk om te sien wie dié woorde geuiter het. Toe gebeur dit weer. "Die kaptein is 'n vervlakste pyn, die kaptein is 'n vervlakste pyn!"

"Wie is dit? Wys jou gesig!" skree die kaptein, maar niemand kom na vore nie. "Iemand beter die skuldige se bakkies sigbaar maak of ek smyt julle almal vandag in die see!" Die bemanning is tjoepstil, te bang om 'n oog te knip of 'n lip te trek. "Ek gaan tot drie tel, dan gaan ek julle een vir een oorboord gooi totdat hierdie grootbek voor my stewels neergegooi word. Een... twee... twee en 'n half... dr..." Net voor die kaptein "drie" kan sê, weerklink die woorde weer: "Die kaptein is 'n vervlakste pyn, die kaptein is 'n vervlakste pyn!" Nou ruk almal se koppe rond om te probeer sien wie die gek, onnosel vent is.

"Wie was dit!?" skree die kaptein, sy gesig nou bloedrooi. Almal se soekende blikke kom tot rus op 'n voëlhok wat op die dek staan. "Daar is iemand in daardie hok!" skree een. "Dis 'n spook!" laat 'n ander een hoor, die ene bewerasie. "Nee, dis die voël wat praat!" beduie iemand verbaas.

Die manne maak 'n kring om die hok en kaptein Styweseile buk af om die voël te bekyk. Hy staar die papegaai stip in die oë, maar nie 'n woord kry vlug in die lug nie. Die kaptein wil net oogkontak verbreek toe die papegaai begin gesels: "Die kaptein is 'n vervlakste pyn, die kaptein is 'n vervlakste pyn!" Hierdie keer word dit gevolg deur 'n tartende laggeluid: "Kekekekekeke!!!" Verbaas en bang gee al die manne 'n tree terug... Onthou, dit is die eerste keer in die geskiedenis dat iemand 'n papegaai soos 'n mens hoor praat het. Dis eintlik 'n baie groot oomblik en 'n mens kan jou net die verwarring indink van 'n klomp matrose wat slegs die skelgeluide van seemeeue ken.

Kaptein Kurt Styweseile beweeg met sy bebaarde gesig nader aan die papegaai en glimlag van oor tot oor. Hierdie voël en hy gaan groot amok maak! Hy gee die papegaai dadelik 'n naam en 'n rang – "Hoofmaat BFF Jack Parrot" – en beveel die sjef om vir hom van die varsste vrugte te bring om aan te snawel.

Gepraat van eet... Ek sal nou 'n hele dikgepakte slaptjipbroodjie met een hap kan verslind. Witbrood, skaamtelose botter en slaptjips gepekel met sout en asyn. Dís mos nou voorgereg, hoofgereg en nagereg alles-in-een. Ek weet ek moet minder eet, maar my maag weet presies hoe om met my kop te smokkel en span dit gulsig en






selfsugtig tot sy eie voordeel in. Die heel ergste van alles is dat my maag voor my in die oggend wakker word. Ek droom nog diep van geweerlope en teleskope, dan skree my maag my wakker soos 'n olifant-trompetter-wekker.

Draailoop-kop, ek verloor al weer die plot. "Hierdie papegaai-eiers kom uit die lang bloedlyn van dié seerowerpapegaai. Dit is die agteragterkleinkinders van Hoofmaat BFF Jack Parrot," sê Piet Polony. Ek het die eiers weer een vir een bekyk. Een het verbasend begin uitstaan, so asof dit vir my wink met die woorde: "Vat my, vat my!" 'n Intense gevoel het skielik in my opgeskiet en my hart wild, wakker en warm laat klop. "Dís die eier!" het ek gesê terwyl ek daarna wys. "Dís die een wat ek kies." Of wat mý gekies het, het ek stilletjies gedink.

Met een hand wat vaarwel waai soos Piet wegtrek, en met 'n eier in my ander hand staan ek op die voorpunt van die grootste jagavonture van my lewe. Verhale opgeklits en ingekleur met buffels, slange, krokodille, miskruiers, meerkatte... Waar sal ek begin? Dan wonder jy ook seker hoe Piet Polony sy bynaam gekry het. Byt net vas, ek gaan nog alles vertel. Ek trek my een Grondpad Vellie uit en maak 'n warm nessie-huisie daarin vir hierdie eier sonder naam...



*Hoe om jou rande te rek vir meer tyd in die jagveld.*

# BOOGJAG *met min geld*

Ná die amok wat Covid in die land se ekonomiese sektor gemaak het, het baie jagters eenvoudig nie meer soveel jaggeld as voorheen nie. Hoe gemaak om nog in die jagveld te kom, al is jou beursie baie dunner? Die groep boogjagters saam met wie ek al vir meer as twee dekades jag, het vanjaar bykans almal net een keer kans gekry om te gaan jag, terwyl ons vroeër elke jaar minstens vier of meer naweke jagveld toe was. Om dié rede het ek begin dink oor wat 'n mens kan doen om meer te kan jag met minder geld.

Een manier om goedkoper te jag is natuurlik om op goedkoper wild te fokus, soos om 'n rooibok of vlakvark in plaas van 'n eland, koedoe, wildebees of van die ander groter bokke te skiet. Los ook maar die trofeebokke vir die oorsese jagters en spits jou op biltongjag toe. Vergeet ook sommer van biltong! Laat die vleis só verwerk dat jy dit in stede van bees of ander vleis vir kos vir jou gesin kan gebruik. Só bespaar jy op jou kruideniersrekening en het 'n paar ekstra rande om mee te jag. My gesin eet al baie jare bykans net wildsvleis en my kinders verkies dit bo beesvleis. Nou en dan wissel ons die wildsvleis darem af met hoender, skaap of bees. Wildsvleis is gesonder as die vleis van die diere wat ons in die winkels koop, wat met allerhande hormone gedwing is om vinnig te groei.

Elke jagter loop vroeër of later beseerde wild in die veld raak. In baie gevalle laat die plaaseienaar jou toe om dié diere kosteloos te skiet omdat jy die dier uit sy lyding verlos. Die gekweste bok sal in elk geval vrek, maar soms eers ná 'n lang lyding. As jy egter nie hierdie saak vooraf met die wildboer of plaasbestuurder bespreek het nie, kan probleme ontstaan. Sommige wildboere sal instem dat jy gekweste of beseerde diere op sig kan skiet, terwyl ander jou daarvoor sal laat betaal. Dit is belangrik dat jy vooraf seker maak wat die wildboer se beleid hieroor is.

'n Paar jaar gelede het ek op 'n wildplaas naby Brits gejag toe ek 'n rooibokram met 'n groot knop op sy keel raakgeloop het. Ongelukkig het ek nie die onderwerp met die boer bespreek voordat ek uitgegaan het nie. Wat moes ek doen? Ek was jammer vir die dier, maar my besluit om hom te skiet, is makliker gemaak omdat hy taamlike lang horings gehad het en steeds in 'n redelik goeie fisieke toestand



**Viktor Kühn met 'n duiker wat hy met sy houtboog gejag het. Dit het net soveel vernuf, indien nie meer nie, geverg as om 'n veel duurder koedoe te skiet.**

was. Ek het dus 'n pyl in my kragboog geplaas, op die dier gemik wat sowat 25 meter van my af gestaan het, en stadig die sneller begin trek. Die pyl het die ram mooi getref. Hy het weggehardloop, maar omtrent 30 meter verder geval en stilgelê.

Toe Johan Hermann, die eienaar van die wildplaas, later opdaag en die ram sien, het hy daarop aangedring dat ek nie vir die dier betaal nie. Hy het gesê ek kan die horings neem as ek wou, maar dat hy die res van die karkas sou hou. Natuurlik het ek die gebaar baie waardeer en later teruggekeer om 'n ander rooibok te skiet. Johan se plaas het 'n plek geword waar ek en my jagvriende baie diere oor 'n hele paar jaar gejag het.

Tydens 'n ander geleentheid is ek genooi om op 'n plaas naby Marble Hall te jag. My vriend Pierre de Wet het die plaas bestuur. Ek het in 'n skuiling gesit en wag vir 'n koedoebul om nader te kom. Kort voor lank het ek egter iets baie vreemds gesien wat my totaal verras het. In my perifere visie het ek 'n klein mannetjie gesien wat verby die skuiling se skietopening loop – 'n klein dwergie of tokkelossie of so iets! Hy was regop en klein. Ek het opgestaan en stadig na die skuiling se opening beweeg om te sien wat dit was. Dit was egter nie iets bonatuurliks nie, maar 'n brandmaer blouapie wat regop geloop het omdat hy nie hande en voorarms gehad het nie. Hy het dus geleer om regop te loop soos 'n mens.



**Die rooibokram het 'n groot knop op die keel gehad, maar was nog in 'n redelik goeie fisieke toestand. Tog het die wildboer daarop aangedring dat ek nie daarvoor betaal nie.**

Ek het besluit om hom maar te skiet en het 'n pyl in my Mathews Z7 gehaak. Ek het gewag totdat die aap op die soutlek stilgestaan het, gemik na waar ek geskat het sy hart en longe moet wees, en die snaar losgelaat. Die pyl het seepglad deur die diertjie geswiep en hy het dadelik omgekantel en stilgelê. Daardie aand om die kampvuur het ons oor die handlose aap gepraat. Johan van der Merwe, wat saam met my gejag»





**LINKS: Emill glimlag breed nadat hy 'n jong wildebees met 'n kruisboog gejag het. BO: Emill hou die hart vas van die wildebees wat hy geskiet het. Dit is duidelik dat die jagpunt nie ontplooi het nie. Dit het egter die dik bobeen aan die ander kant van die dier getref, ontplooi en dit in twee gedeel.**

» het, het gesê hy vermoed die aap is nie sonder hande gebore nie, maar het hulle moontlik verloor toe hy teen een van die plaas se kragtorings uitgeklouter het. Hy het waarskynlik probeer om op die hoogspanningsdraad te klim en die spanning was so hoog dat die stroom sy hande en voorste deel van sy arms verbrand het. Volgens Johan het hy al voorheen daarvan gehoor en dit was ook nie die eerste handlose, regoplopende aap wat hy al teëgekom het nie.


**Ek het die blouaap geskiet omdat hy nie hande gehad het nie en ek gedink het dit moontlik 'n genetiese afwyking is. Ek is later vertel hy het waarskynlik sy hande verloor toe hy teen 'n kragtoring opgeklim en aan die hoogspanningsdraad geraak het.**

Dit help natuurlik om goeie navorsing te doen voor 'n mens 'n naweek by 'n jagplaas bespreek. Sommige jagplase, veral dié wat baie ver van groot stedelike gebiede is, se pryse is gewoonlik goedkoper. Brandstof is deesdae ook peperduur en 'n mens moet dus jou somme mooi maak. Indien 'n paar jagvriende saamry en die brandstofkoste deel, kan heelwat geld bespaar word. Ek en van my vriende jag al jare lank wildebeeste by 'n boer net anderkant Naboomspruit (deesdae Mookgophong) wat per kilogram vir sy diere vra. Ná al die jare is ons al baie goeie vriende met die boer, Jan Pont, en jag deesdae by hom omdat ons hom graag wil sien en saam met hom wil kuier. Omdat 'n mens per kilogram vir sy wildebeeste betaal, kan jy een kies wat jy kan bekostig. Ons het juis vanjaar besef dat dit goedkoper is om 'n kleinerige wildebees te skiet as om 'n rooibokram plat te trek. Hier praat ek nou van goedkoper per kilogram en nie noodwendig van een dier vergeleke met 'n ander nie.

Tydens vanjaar se jag by Johan het ek besluit om nie self te jag nie, maar my nuwe skoonseun, Emill Kloppers, te help om sy eerste wildebees met 'n kruisboog te jag. Ek het kort vantevore 'n Man Kung-kruisboog gekry om te toets en het besluit om my skoonseun kans te gee om daarmee te jag. Ek het geweet die kruisboog skiet die pyl teen 'n spoed van sowat 420 vps – meer as genoeg om dwarsdeur 'n wildebees te vlieg. Ons het 'n Rage-tweelem-jagpunt vooraan die kruisboogpyl geskroef en ons kans afgewag.


**Die suksesvolle blouwildebeesjagter speel ukulele vir sy vrou. Die jag gaan ook oor die saamwees, kameraderie en kuier by die kampvuur.**

Die idee was om 'n jong wildebees te skiet wat die jongman kon bekostig. Kort voor lank het die regte kandidaat op ongeveer 25 tree voor ons gestaan. Emill se skoot was foutloos. Die kruisboogpyl is aan die een kant in, maar die meganiese Ragelem het nie oopgemaak nie. Die skoot is egter in die middel van die hart deur en het die humerus aan die ander kant getref. Die pyl is met soveel krag geskiet dat die lem ontplooi het toe dit die dik been tref en die 2"-lem het die dik been in twee gesny. Emill het minder vir die jong wildebeesbulletjie betaal as vir 'n rooibokram en bykans dubbeld soveel vleis vir sy geld gekry.

Baie boere laat jagters ook toe om bobbejane gratis te skiet omdat hulle soveel skade op hulle plase aanrig. Jakkalse is ook meesal gratis en baie boere is kwaad indien hulle hoor jy het 'n bobbejaan of jakkals by die skuiling of in die veld raakgeloop en nie die dier geskiet nie. Maak egter baie seker, want bobbejane en jakkalse is wel op sommige jagplase se pryslys, hoewel dit meesal nie baie duur is nie. Ek weet ook van mielie- en ander boere wat baie las het van bosvarke wat hulle lande plunder. My vriend Henk du Plessis, wat self al baie jare lank met die boog jag, het ons oor die jare dikwels in die aand by sy mielielande afgelaai om met die boog of swartkruitgewere die bosvarke in te wag. Hy het ons nie 'n sent gevra om die diere te skiet nie. Nadat hy ons gewys het hoeveel skade een bosvark in 'n land kan aanrig, het ek verstaan waarom hy ons aangemoedig het om hulle te skiet.

Dit is lekker om tyd in die veld deur te bring, maar baie meer opwindend as daar die moontlikheid is om iets te skiet, al is dit nie 'n groot dier nie. Dit gee jou 'n rede om stadig te loop, op te let na wat jy sien en die omgewing so min moontlik te versteur. Soms kry jy niks geskiet nie, maar sien jy diere en beleef natuurdramas wat jy nie andersins sou ervaar het nie. Ek het een keer 'n ystervark met my houtboog geskiet. Die pyl het die klein enjinkamer van die dier op die regte plek getref en hy was binne sekondes dood. Ek was net so ingenome met dié skoot as met 'n suksesvolle jag op 'n koedoebul.

In die verlede het ek ook al baie bokke vir ander mense geskiet, of ten minste vriende gekry wat 'n koedoe of wildebees met my wou deel. Op dié manier help hulle 'n mens om 'n bok te skiet wat andersins te duur sou wees. Die enigste probleem met dié soort reëling is wanneer jy die bok kwes – dan moet jy self daarvoor betaal en nie jy of jou vriende kan die vleis gebruik nie. Wanneer ek dus vir ander jag, maak ek dubbel seker van my skoot voor ek die pyl loslaat! In dié gevalle skiet ek vanuit 'n skuiling en maak seker dat die bok naby staan. Met 'n bietjie navorsing en beplanning – en 'n tikkie geluk – kan 'n mens plekke ontdek waar jag nog bekostigbaar is, al trek jy swaar. Die lewe is té kort om nie elke jaar 'n jagkans te kry nie!









# AXION 2 XQ35

# AXION 2 XQ35 LRF

384 x288

SENSOR - 384X288 PIX. @ 17 μm

DETECTION RANGE- 1300M

7IPX

IPX7 FULLY WATERPROOF

AMOLED

HIGH-CONTRAST AMOLED DISPLAY

**ULTRANEXUS**

TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:

WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA | 083 559 0001

# HODGDON VARGET IN DIE .308 WIN



My 12,3 mm-groepering op 100 meter met die Hodgon Varget. Verdere ladingontwikkeling sal vir seker nog beter resultate lewer.




Een van die grootste kopsere vir die herlaaier die afgelope paar jaar is die wisselvallige beskikbaarheid van herlaaikomponente. Dit is veral 'n probleem as dit kom by dryfmiddels. Met die Somchem-droogte het 'n verskeidenheid ingevoerde dryfmiddels op ons rakke begin verskyn (en verdwyn...). Die stapelvoedsel van die meeste .308 Win-gewere in Suid-Afrika was vir jare Somchem se S335, asook S365 vir die .30-06 Sprg, maar dit het gou op 'n end gekom. Die standaardgesprekke om die braaivleisvure het vinnig verander van "watter kaliber is die beste vir bosveld- of springbokjag?" na 'n meer ernstige "watter kruit gebruik julle manne nou vir julle .308's en .30-06'e?". Dit was moeilik genoeg om vir jou .308 Win die regte koeël, koeëldiepte en ladingkombinasie te bepaal met net een kruit beskikbaar op die rakke. Nou is daar egter 'n verskeidenheid vervaardigers soos Hodgdon, IMR, Vihtavuori, Lovex en Norma waarvan 'n mens sin moet probeer maak. Vir sommige gesoute herlaaiers en kompetisieskuts is dit seker soos manna uit die hemel, maar vir die gemiddelde herlaaier en jagter soos ek kan hierdie gedwonge verandering nogal 'n kopseer wees.

Al was daar vir my as .308-herlaaier en jagter geen geldige rede om weg te beweeg van S335 of S355 voor die groot Somchem-droogte nie, was daar een kruit wat altyd my oog gevang het as ek op die oorsese skietforums gesprekke oor .308-ladings gevolg het – Hodgdon Varget. Vanaf 2010 toe ek my .308 Win gekry het, sien ek al hoe die manne daar in die VSA die Varget-herlaairesepte uitruil vir gebruik in taktiese en langafstand-skietkompetisies. Afgesien daarvan dat dit hoog aangeskryf word as 'n .308 Win-kompetisiekruit, was dit die brandspoed wat my aandag getrek het. Aangesien ek nog altyd S335 vir ligter koeëls en S355 vir swaarder koeëls gebruik het, sou dit eerste prys wees as ek net een kruit (soos Varget), wat so tussen die twee lê, kon toets. Groot was my opgewondenheid toe die redakteur 'n halwe bottel Hodgdon Varget in my hand stop en sê: "Hou nou op kla en kyk of hierdie kruit vir jou sal werk!" Ek moes egter 'n week later vir 'n groot skoueroperasie gaan, maar ná twee maande kon ek nie meer wag nie en vra toe my jag- en skietmaat, Okkie Duvenhage, om namens my die skietwerk te doen. Ek dink Okkie het al meer springbokke geskiet as wat ek skote geskiet het, en jy hoef hom nie twee maal na 'n skietbaan te nooi nie.

Vir my was die doel van die toets slegs om te bepaal of Hodgdon Varget se brandspoed en groeperings met my geweer van so 'n aard is dat ek verdere ladingontwikkeling daarmee sal wil doen. Normaalweg skiet ek 155 grein Lapua Scenars voor 44,3 grein S335, of 180 grein Sierra GameKings voor 44 grein S355 in Lapua-doppe. Aangesien die Varget 'n stadiger kruit as S335 is, was dit ook belangrik dat die kruitvolume sodanig is dat ek genoeg in die dop sal kry om ongeveer 2 820 vps met die Scenars te bereik. Vir die toets het ek egter net 180 grein GameKings, S355 en Lovex S062 beskikbaar gehad. Gebaseer op vorige S355-toetse, Varget- en Lo-vex-herlaaitabelle, het ek besluit om 44 grein Varget, S355 en S062 met mekaar te vergelyk.

Die toetsresultate was nogal waarop ek gehoop het, maar anders as wat ek verwag het, was 44 grein Varget se gemiddelde trompsnelheid 129 vps vinniger as 44 grein S355 en 72 vps vinniger as S062. Dit wil dus voorkom of Varget se brandspoed tussen S335 en S355 lê, met 'n moontlike neiging na S335 se kant. Wat die kruitvolume betref, kon ek ongeveer 3,5 grein meer Varget in 'n dop (totale dopvo-

| LADING | HODGDON VARGET | | SOMCHEM S355 | | LOVEX S062 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vps | Gemiddeld | Vps | Gemiddeld | Vps | Gemiddeld |
| 4 x 43,5 grein | 2 539<br>2 539<br>2 549<br>2 544 | **2 543** | | | | |
| 4 x 44 grein | 2 588<br>2 583<br>2 606<br>2 609 | **2 596** | 2 450<br>2 473<br>2 473<br>2 473 | **2 467** | 2 539<br>2 515<br>2 506<br>2 515 | **2 524** |
| 4 x 44,5 grein | 2 619<br>2 635<br>2 619<br>2 614 | **2 622** | | | | |

lume) kry as S355. Die groepering met 44 grein Varget was ook heel aanvaarbaar en uit ondervinding weet ek my geweer se ideale trompsnelheid met 180 grein GameKings is tussen 2 450 en 2 480 vps. Ek sal dus definitief voortgaan met ladingontwikkeling vir beide my 180 grein GameKings en 155 grein Lapua Scenars, met die fokus op laer ladings vir die GameKings. 'n Goeie beginpunt sal dalk sowat 41,5 grein vir die GameKings wees en 43,5 grein vir die Scenars. Ek moet bieg dat die Somchem-droogte toe nie eintlik 'n kopseer was nie. Dit het my net weer laat besef hoe stimulerend en opwindend dit kan wees om met ladings rond te speel. Die onderskeie resultate word in die bostaande tabel opgesom.

Alhoewel daar geen tekens van druk was met die hoogste ladings nie, is dit belangrik om te noem dat *Betsie* 'n groot kamer het en dat die 180 grein GameKings ongeveer 3 mm weg van die landings af was. Hierdie ladings blyk veilig te wees in my geweer, maar begin altyd by die minimum aanbevole ladings en werk stadig op terwyl jy oplet vir tekens van druk.





BO: 'n Troppie rooiribbokke teen 'n rantjie in die Suid-Vrystaat. ONDER: 'n Goeie rooiribbokram-trofee.



# ROOIRIBBOK die lekkerste lekker!

***Rooiribbokjag is harde werk, maar min dinge is so bevredigend.***

Die mis lê dig in die vallei wanneer ek die steil voetpad teen die hang op aanpak. Die gras en rotse is nat en ek beweeg stadig en versigtig tot net onder die kruin. Dan staan ek en rus tot my asemhaling na normaal terugkeer. Dit is 'n ou gewoonte, maar vandag maak dit nie eintlik saak nie, want ek kan nie meer as vyf tree ver sien wanneer ek oor die kruin loer nie. Ek kry die plat klip waarna ek soek deur oor hom te val. Gelukkig slaag ek daarin om my geweer met my lyf te beskerm. Ná 'n deeglike ondersoek na fisieke beserings (minimaal) en skade aan my ego (matig), neem ek stelling in op die rots.

Daar is nie veel wat ek kan doen nie. Voor my, versteek in die digte mis, lê 'n V-vormige kloof. Teen die oorkantste hang van die kloof, tussen rotse, is 'n digte stand rooigras met 'n paar taaibosse en olienhoutbome. Gewoonlik is daar 'n klein troppie rooiribbokke wat vroegoggend teen die hang wei. Of hulle nou daar is, weet ek nie. Ek het egter geen dringende behoefte om iewers anders te wees nie en maak my dus so gemaklik as wat 'n mens jou op 'n harde, koue en natterige klip kán maak. Die Engelse sê *"patience is a virtue"* en geduld is inderdaad een van die belangrikste eienskappe wat 'n jagter kán hê – veral 'n ribbokjagter...

**MEER OOR DIE ROOIRIBBOK**

Die rooiribbok *(Redunca fulvorufula)* is een van ons interessantste maar minder bekende antiloopspesies. Ondanks sy Afrikaanse naam is hierdie bok,



Tipiese terrein waar rooiribbokke gejag word, met die Oranjerivier op die agtergrond.



Zoltan, 'n Hongaarse jagter, met sy rooiribbokram.

anders as wat baie mense glo, nie naby verwant aan die vaalribbok *(Pelea capriolus)* nie. Die rooiribbok ís egter verwant aan die rietbok *(Redunca arundinum)*. Die Engelse naam vir die rooiribbok is dan ook *mountain reedbuck*, wat soos 'n teenstelling klink, want jy vind selde riete op 'n berg. Die vroeë Europese ontdekkingsreisigers het waarskynlik eers die gewone rietbok aangetref en benoem, en later die kleiner maar soortgelyke rooiribbok in bergagtige terrein teengekom en benoem.

Daar is drie rooiribboksubspesies: die suidelike rooiribbok *(Redunca fulvorufula fulvorufula)* – die enigste een wat in Suid-Afrika voorkom en die onderwerp van hierdie artikel, die Amadawa-rooiribbok *(R. f. adamauae)* en Chandler se rooiribbok *(R. f. chanleri)*.

Die rooiribbok is 'n klein antiloop, gemiddeld effens kleiner as 'n springbok. Hulle trek die skaal op sowat 24-36 kg vir ramme en 18-34 kg vir ooie, wat ooreenstem met my ervaring van hulle in die Oos-Kaap, Noord-Kaap en Vrystaat.

Rooiribbokke is nie werklik rooi nie, in elk geval nie in die sin wat rooibokke en rooihartebeeste rooi is nie. Die kop en nek het wel 'n rooibruin kleur, maar die lyf is gryserig met 'n wit pens en die onderkant van die kort, wollerige stert is spierwit. Die ore is lank met geronde punte en die kort, skerp horings buig terug en dan vorentoe soos dié van 'n (baie klein) waterbok. Onder elke oor is 'n swart, leeragtige kol wat 'n reukklier bedek. Die hare aan die nek is lank en donserig.

Aan die binnekant van die dye vorm die vel twee "sakkies"; ek het geen idee wat die doel hiervan is nie, maar een of ander tyd gaan 'n ou oom jou probeer wysmaak dat die ribbok sy fluitjie in dié sakkies bêre. Ribbokke fluit wel. Hulle uiter 'n skril waarskuwingsfluit, maar fluit deur hul neuse. *(Ek het per geleentheid hierdie sakkies deeglik ondersoek en my vinger tot sy totale lengte in een gedruk. Dit is natuurlik die sakkies wat na die liesklier lei, maar hoekom daar 'n sakkie is, is 'n goeie vraag. – Red.)*

Rooiribbokke bly in klein troppies bestaande uit 'n dominante ram en ooie met lammers en subvolwasse diere. In ons area wissel tropgroottes van vyf tot twaalf diere. Ek het egter al heelwat groter troppe in die Oos-Kaap gesien. Ramme verdedig hul gebiede en harems aggressief en ek het al gesien dat »



Ek met 'n rooiribbokram wat ek gejag en bergaf gedra het. Let op die bloed op my hemp.

» ramme so erg beseer word tydens 'n geveg dat hulle vrek. Jong ramme word deur die dominante ram uit die trop verjaag wanneer hulle geslagsryp raak. Troppe is baie territoriaal en verlaat selde hul gunstelinggebiede. Dít maak rooiribbokke relatief maklik om te jag.

Rooiribbok is vir my die lekkerste van enige wildsvleis wat ek al geëet het, en ek eet omtrent daagliks een of ander vorm van wildsvleis. Rooiribbokke is verbasend gewild onder plaaslike en oorsese trofee-jagters, al het hulle nie vreeslik indrukwekkende horings nie. Die minimum lengte vir Rowland Ward is 6" (langste horing) en die huidige no. 1 in die boek meet 10". Vir SCI is die minimum 11" (die som van die lengte van die horings). Anders as by die meeste antilope, word net die lengte van die horings gemeet. Dit is omdat daar 'n pulpring om die horingbasisse is wat wegkook wanneer die skedel gekook word om dit skoon te maak.

Die enigste skouermontering in my huis is 'n rooiribbokram wat my vrou byna 30 jaar gelede naby Bedford in die Oos-Kaap gejag het. Dié ram, haar eerste trofee, kwalifiseer gemaklik vir Rowland Ward en elke keer wanneer ek van my rekenaar af opkyk en die montering sien, onthou ek dié jag op 'n koue oggend teen 'n berghang naby die Baviaansrivier asof dit gister plaasgevind het. En dít is die doel van 'n jagtrofee.



'n Rooiribbokooi teen 'n gebrande hang. Ribbokke vreet graag die nuwe, groen opslag in gebrande areas.

**JAGMETODES**

Rooiribbokke is gewoonlik nie baie moeilik om te jag nie, mits jy nie bang is om 'n bietjie te klim nie. Hul natuurlike habitat is rotsagtige rante en berghange. Hierdie bokke word wel soms op die vlaktes of plato's gevind, maar bring die meeste van hul tyd teen die hange deur. Rooiribbokke drink daagliks. Die tye wanneer hulle drink wissel na gelang van jagdruk en die temperatuur. Op die reservaat waar ek woon en werk, drink hulle in warm weer rondom die middel van die dag, maar sal in koeler weer eerder laatmiddag die drinkplek besoek. Ons vermy om hulle naby hul drinkplekke te jag. Rooiribbokke is hoofsaaklik grasvreters, maar ek het

hulle al aan struike sien peusel. Hulle is baie lief vir die vars opslag van groen gras in gebrande areas. As daar 'n berghang of rantjie in jou jaggebied is wat afgebrand het en waar die gras begin uitspruit, is dit 'n goeie plek om te begin soek.

Daar is verskeie maniere om rooiribbokke te jag. In die Oos-Kaap was voorsitjagte, waar die ribbokke na die jagter toe aangejaag word, populêr. Of dit nog so is, weet ek nie. Baie ribbokke word ook saans met 'n lig op aangeplante weiding geskiet. In die Vrystaat is dit onwettig om ribbokke met 'n lig te jag, asook om meer as twee van hierdie bokke uit een troppie te skiet.

Persoonlik gebruik ek twee metodes. Die eerste is om stadig teen die wind in te stap teen die voet van 'n rant of berghelling kort-kort te stop en die hang met 'n verkyker te fynkam. Rooiribbokke is een van die moeilikste diere om in hul natuurlike habitat raak te sien. Hulle smelt ongelooflik goed saam met die omgewing. Selfs vanuit 'n helikopter tydens wildtellings is hulle uiters moeilik om in die oog te kry.

Ribbokke wei meestal vroegoggend en laatmiddag. Die res van die dag lê hulle gewoonlik en herkou en is dan nóg moeiliker om raak te sien, veral in lang gras. Hulle verraai soms hul teenwoordigheid deur hard te fluit wanneer hulle moontlike gevaar bespied. Die fluit maak jou attent daarop dat hulle daar is, maar dit beteken ook dat hulle jou reeds gewaar het en gereedmaak om te vlug.

Indien die bokke begin hardloop, moet jy reg wees om te skiet. Hulle hardloop gewoonlik 'n kort afstand en stop dan om terug te kyk.

Die tweede metode, en moontlik die doeltreffender een, is om stelling in te neem in 'n posisie waar jy 'n hang kan dophou waar hulle gewoonlik wei. Plaaslike kennis is hier belangrik – rooiribbokke is territoriaal en 'n gids wat weet waar om te begin, gaan jou baie tyd spaar. Dit werk



'n Paar geskikte kalibers vir die rooiribbokjagter.

veral goed waar jy vroegoggend die sonhang kan dophou. Jy moet verkieslik in posisie wees voor die sonlig die hang bereik. So nie kan jy laatmiddag versigtig 'n sitplek nader kry om 'n hang te bespied. Dit is baie belangrik om stil te sit en seker te maak dat die windrigting in jou guns is. Stel jouself só op dat jy met die minimum beweging die bokke onder skoot kan kry wanneer jy hulle gewaar. 'n Goeie verkyker, geduld en die vermoë om vir lang tydperke te kan stilsit, is onontbeerlik vir dié tipe jag.

Soos reeds genoem, is rooiribbokke moeilik om raak te sien; kyk vir beweging en wit kolle in die gras. Baie keer verraai 'n ribbok sy posisie deur sy stert op te krul of 'n oor te beweeg. As jy een gewaar, bespied die onmiddellike omgewing deeglik – daar is amper altyd meer as een.

Dit is selde nodig om werklike lang skote op rooiribbokke te neem. In die Suid-Vrystaat en Noord-Kaap is die meeste skote tussen 150 en 200 meter. Indien jy egter oefen om jou skote akkuraat te plaas uit 'n veldposisie tot op 300 meter, verbeter jy jou kanse op sukses aansienlik.

### KOEËLS EN KALIBERS

Amper enige standaardkaliber van 6mm tot .308" is geskik vir rooiribbokjag. Daar is al baie ribbokke met die .222 Remington, .223 Remington en .22-250 geskiet, maar ek voel dat 'n 6mm/.243 of groter 'n veiliger keuse is. Premiumkoeëls is nie nodig vir rooiribbokjag nie, maar wees versigtig vir *varmint*- en langafstandkoeëls – hulle veroorsaak onnodige vleisskade, veral teen hoë impaksnelhede. 'n Goeie 3-9x- of 4-12x-teleskoop is ideaal en selfs 'n vaste 6x-teleskoop van goeie gehalte sal jou nie in die steek laat nie.

Ek verkies ligte gewere met kleinerige, ligte teleskope vir rooiribbokjag omdat hulle gemakliker is om te dra as jy baie klim en veral wanneer jy ná die jag jou bok bergaf moet dra. My persoonlike gunsteling is 'n ou Musgrave K98 met 'n 3-9x40 Leupold-teleskoop en 140-150 greinkoeëls teen so 2 600-2 700 vps.

'n Goeie verkyker is noodsaaklik en 'n laserafstandtaster is handig. Ek verkies skietstokke wat uit die staan- en sitposisie gebruik kan word, maar 'n tweepoot wat lank genoeg is om jou toe te laat om uit die sitposisie te skiet, werk ook. Oefen maar nabyskote uit die vuis ook – dit is nie ongewoon om 'n ribbok op kort afstand te verras nie.

### SKOOTPLASING

Skootplasing is belangriker as geweer- of koeëlkeuse. 'n Longskoot in die vou net agter die blad (op 'n bok wat dwars staan) is 'n veilige en effektiewe skoot op 'n rooiribbok. Ons laat nie nek- of kopskote toe op die reservaat nie en met goeie rede. Vir die tweejaartydperk wat ons wel kopskote toegelaat het, is daar meer diere met kopskote gekwes en verloor as met enige ander skoot. 'n Bok met 'n afgeskiete kakebeen of neus hardloop net so fluks soos 'n gesonde bok, is baie moeilik om te vind en staar 'n stadige, wrede dood in die gesig.

Indien jy wel goed genoeg skiet om vir seker keer op keer 'n breinskoot te kan skiet, en as die grondeienaar of jagondernemer dit toelaat, spaar jy wel vleis. Vir die gemiddelde jagter is dit egter nie 'n realistiese opsie nie.

### TERUG NA DIE JAG

Die mis begin stadig ooptrek en kolle van die oorkantste hang word sigbaar. Ek vee die ou Swarovski-verkyker se lense droog en begin soek. Dit neem byna 'n halfuur voor 'n effense beweging my oog vang. Deur die verkyker neem 'n ribbokooi, half weggesteek agter 'n bos, vorm aan. Ná 15 minute het ek nog ses rooiribbokke opgespoor. Een van hulle is 'n ram, maar hy bly óf agter 'n bos óf agter 'n ooi. Meer as 'n uur nadat ek die eerste ooi gewaar het, gaan staan die ram uiteindelik oop en op sy eie. Die 7x57 blaf en ek hoor duidelik die koeël klap. Die ram spring weg, wit stert in die lug, maar vorder slegs 'n paar treë voordat hy val en stadig 'n entjie teen die rant afrol.

Ek ontwei die ram op 'n plat rots, maak hom 'n boeksak en klouter versigtig teen die berghang af. 'n Halfuur later sit ek moeg maar tevrede en wag vir 'n bakkie om my te kom oplaai. Daar is heelwat minder vermoeiende maniere om 'n oggend deur te bring as om rooiribbokke te jag, maar daar is weinig meer bevredigende dinge om te doen!




# VORTEX DIAMONDBACK HD 12x50-VERKYKER

Vortex Optics is 'n private Amerikaanse maatskappy wat in 2002 deur Dan en Margie Hamilton gestig is. Die maatskappy produseer 'n wye reeks optiese toerusting van hoë gehalte vir jag, voëlkyk, taktiese skiet en ander buitemuurse aktiwiteite.

Die Hamiltons, wat ywerige jagters en buitelug-entoesiaste was, het Vortex Optics tot stand gebring met die missie om topgehalte-optika teen bekostigbare pryse te verskaf. Hulle het begin met die invoer en verspreiding van verkykers en opsporingsteleskope *(spotting scopes)* van ander vervaardigers, maar het gou besluit om hul eie reeks produkte te ontwikkel en te vervaardig. Vortex Optics het 'n reputasie vir innovasie en kwaliteit verwerf en het vinnig gewild geword onder jagters en skuts. Een van hul vroeë suksesse was die Viperreeks teleskope wat premium optika met duursame konstruksie en aanpasbare kenmerke gekombineer het.

Oor die jare het Vortex Optics hul produkreeks uitgebrei om rooikolvisiere, afstandmeters, opsporingsteleskope, verkykers en ander bykomstighede in te sluit. Hulle het ook eie tegnologieë ontwikkel soos die ArmorTek-bedekking, wat krapbestande beskerming aan die lense bied, en die Precision-Force Spring System, wat maksimum herhaalbaarheid en betroubaarheid in teleskope verseker.

Vandag is Vortex Optics een van die wêreld se voorste vervaardigers van hoëklas-optiese toerusting met 'n reputasie vir kwaliteit, duursaamheid en bekostigbaarheid. Die maatskappy is bekend vir sy kliëntgesentreerde benadering, lewenslange waarborg en toewyding aan innovasie en uitnemendheid.

Ek moes onlangs die Diamondback HD 12x50-verkyker toets. Op die oog af het dit vir my redelik groot gelyk teenoor my 8x42-verkyker wat ek gewoonlik saamneem veld toe. Later het ek die Diamondback vergelyk met ander verkykers in sy klas en kon toe sien dat dit eintlik nie so groot en gewigtig is as wat ek gedink het nie. Dit weeg net so oor die 800 gram. Daarmee saam kry 'n mens 'n baie mooi en duursame sak/harnas wat Vortex die GLASSPAK noem en wat jy gemaklik op jou bors kan dra. Ook saam in die verpakking is die normale nekharnas waaraan almal gewoond is. Alhoewel ek aanvanklik gedink het dat ek maar eerder my 8x42 sal saamdra, het ek vinnig besef ek sal dit moet heroor-

weeg toe ek die kwaliteit van die glas sien asook die voordeel van die hoë vergroting in die veld. Ek verstaan goed waarom die Diamondback HD 12x50 die ideale verkyker is vir enige veldgids of selfs in die voertuig om diere en voorwerpe behoorlik nader te bring.

As 'n mens jag, soos ek, dink jy maar altyd met 'n jagter se ingesteldheid. Ek het onlangs die Diamondback saamgevat op 'n naweek weg op 'n wildsplaas in Fochville. Daar het ek deeglik besef dat hierdie verkyker uitstekend is om voëls en diere te besigtig, nie net noodwendig vir stapjag en saamdra nie. Ek het baie vinnig my 8x42 vir die Diamondback verruil toe 'n Rowland Ward-blouwildebees in die bos verskyn. Die HD-optika en veelvuldige bedekkings op die glas of lense maak die resolusie besonder goed. Die kleurdefinisie en rand- tot-rand-skerpte is boonop uit die boonste rakke vir die prysklas. Ek het dit besef toe ek die Diamondback ingepak het vir 'n wegbreek op 'n plaas in Limpopo waar ek dit op voëls getoets het. Ek het die kleurdefinisie ook goed op die proef gestel op 'n bloukopkoggelmander 'n hele paar bome verder. Die verkyker se fokus is ook baie gemaklik, maar ek het gevind dat dit baie makliker sal werk en 'n mens die maksimum uit die lense en definisie kan kry oor 'n driepoot of met 'n rus. Of dalk was dit maar net ek wat lekker gebewe het...

Die Diamondback het 'n duursame, ergonomiese ontwerp met 'n rubbergreep, verstelbare oogkoppe en 'n middelfokuswiel. Dit is ook waterdig, misdig en skokbestand, wat dit geskik maak vir 'n verskeidenheid weerstoestande en buitemuurse aktiwiteite. Ek dra ongelukkig 'n bril en moet bieg dat met die verstelling van die oogkoppe ek met my bril op taamlik gemaklik deur die verkykerlense kon kyk. Die 14 mm-oogverligting *(eye relief)* het hier goed te pas gekom. Alhoewel ek maar steeds gemakliker voel om sonder my bril deur die verkyker te kyk, was dit goed om te ervaar. Ek dink dis ook maar net die mag van die gewoonte om sonder my bril deur 'n verkyker te kyk.

*Die invoerders van Vortex in Suid-Afrika is Whylo Distributors (Pty) Ltd. Kontak hulle by 031-584-8088 of besoek hul webblad* www.whylo.co.za *vir enige navrae of om te hoor waar jou naaste handelaar is.*




**Die Vortex Diamondback HD 12x50 met sy duursame GLASSPAK-sak wat daarmee saamkom en jou verkyker goed beskerm.**



# Kom kuier saam in KARLA SE KOMBUIS







**HOOFFOTO EN LINKS BO:**
Hierdie vullende Italiaanse gereg sal die hele gesin laat smul. Sprinkel parmesaan mildelik oor en geniet saam met 'n lekker glas rooiwyn.

**REGS BO:**
Sny tagliatelle met jou pastamasjien.

**RESEPTE EN STILERING:**
Karla Janse van Vuuren

**FOTO'S:**
Gerrie Janse van Vuuren

# MAAK DIE BESTE BOLOGNESE (en jou eie pasta)

***Die ideale trooskos vir 'n koue wintersaand.***

Eenvoudige bestanddele soos maalvleis en pasta kan die begin wees van 'n maaltyd om te onthou. Ons het seker almal altyd 'n pakkie droë macaroni of spaghetti in die spens, maar het jy geweet dis eintlik baie maklik om jou eie vars pasta te maak? Vir my is die smaak van winkelpasta 'n 4 uit 10, maar dié van tuisgemaakte pasta beslis 'n 10 uit 10!

Pasta is nie verniet wêreldwyd 'n stapelvoedsel nie. Die eenvoudige kombinasie van meel, eiers en water is die basis van groot gunstelinge soos lasagne, noedels met Oosterse geure en selfs 'n soet gereg of twee. In my huis, waar twee klein mensies die septer swaai, is spaghetti bolognese gereeld op die spyskaart. Hierdie kombinasie van geurige vleis, pasta en kaas lei gewoonlik tot glimlagte en vol magies. Ek gebruik ook die geleentheid om groente, soos wortels en murgpampoentjies, in my vleissous weg te steek. Maar wat is die oorsprong van hierdie gereg wat waarskynlik gereeld op etenstafels van Amerika tot Suid-Afrika voorgesit word?

Volgens die webwerf Delicious Bologna *(deliciousbologna.com)* kom dié dis nie eens oorspronklik van die Italiaanse stad Bologna af nie. Dit het sy wortels in Imola, 'n dorp in die provinsie Bologna in die Emilia-Romagna-streek van noord-sentraal-Italië. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Amerikaanse soldate deur die streek beweeg en aan hierdie dis gesmul. Toe hulle tuiskom, wou hulle dit self maak, maar kon nie die naam van die vleissous onthou nie (die Italianers noem dié soort sous, wat gewoonlik met 'n kombinasie van bees- en varkvleis gemaak word, *ragu*). So, toe noem die Amerikaners die sous sommer "bolognese" na aanleiding van die area in Italië waar hulle dit geëet het. In Italië word die gereg ook nie met spaghetti voorgesit nie, maar met tagliatelle omdat die sous beter aan die platter pasta kleef.

Dit is verspot maklik om jou eie tagliatelle tuis te maak. En jy het nie eens 'n pastamasjien nodig nie (só 'n masjien maak beslis die lewe vir jou makliker, maar daarsonder is tuisgemaakte pasta steeds moontlik). Die geheim van 'n geurige vleissous is dat dit lank genoeg moet prut sodat al die smake met mekaar kan kennis maak. Wildsmaalvleis is 'n perfekte plaasvervanger vir die meer tradisionele bees- en varkmengsel. Dit werk net so lekker met die ander bestanddele, veral my gunstelingspeserykombinasie, komyn en koljander. Dié twee gee 'n geurige diepte aan die gereg wat jy kan komplementeer met vars rissie indien jy van 'n bietjie skop hou.

Kaas is 'n móét om die gereg mee af te rond, maar asseblief tog nie cheddar nie. Kies eerder Parmigiano Reggiano, parmesaankaas van goeie gehalte wat sy wortels in dieselfde streek (Emilia-Romagna) het as regte-egte *tagliatelle al ragù.* »

# WILDSVLEIS-BOLOGNESE MET VARS TAGLIATELLE

## » JY BENODIG:

**VIR DIE PASTA:**

- 400 g witbroodmeel
- 3 groot eiers (as die eiers klein is, gaan jy waarskynlik 4 nodig hê)
- 'n bietjie water

**VIR DIE BOLOGNESE:**

- 500 g wildsmaalvleis (ek het blouwildebees gebruik)
- 2 e olyfolie
- 1 groot ui, geskil en grofgekap
- 1 groot knoffelhuisie, geskil en fyngekap
- 2,5 ml vars brandrissie (opsioneel, of verminder na smaak)
- 2,5 ml fyn komyn
- 2,5 ml fyn koljander
- 2x 410 g blikke gekapte en geskilde tamaties
- 2 middelgroot wortels, geskil en gerasper
- 2 groot murgpampoentjies, gerasper (opsioneel)
- 2 e tamatiepasta of tamatiesous
- 3 e blatjang
- 2 t Ina Paarman "Geroosterde uie" sop- en souspoeier
- sout en varsgemaalde swartpeper na smaak
- 'n handvol Italiaanse pietersielie, gekap
- varsgerasperde parmesaankaas, om mee voor te sit



**BO LINKS NA REGS:** Gooi die eiers by die meel in 'n groot mengbak. Meng met 'n vurk deur. **ONDER LINKS NA REGS:** Knie tot glad. Laat die deeg rus.

## SÓ MAAK 'N MENS:

1. Maak die pasta: Sif die meel in 'n groot mengbak en maak 'n holte in die middel. Breek die eiers in die holte en voeg sowat 15 ml water by. Meng met 'n vurk en werk die meel van die kante af in. Meng tot al die meel bygewerk is. As die deeg nog baie droog is, voeg nog 'n klein bietjie water by.
2. Keer die deeg op 'n skoon, meelbestrooide oppervlak uit, rol jou moue op en begin knie. Knie deeglik vir sowat 10 minute totdat die deeg glad is. Vorm die deeg in 'n bal, plaas terug in die mengbak en bedek met 'n klam vadoek of kleefplastiek en laat vir 15-30 minute rus (dis nie nodig om in die yskas te sit nie).
3. Knie ná die rustyd weer vir twee minute en verdeel dan die deeg in twee (bedek die deel waarmee jy nie besig is nie sodat dit nie uitdroog nie).
4. As jy 'n pastamasjien het, stel dit op die grootste verstelling en voer die deeg 'n paar keer daardeur. Verstel dan geleidelik die roller al hoe kleiner sodat die deeg baie dun uitgerol kan word. Ek stop gewoonlik by nommer ses as ek tagliatelle maak.
5. Plaas nou die bykomstigheid wat tagliatelle maak op jou pastamasjien en voer die lang, plat stuk deeg deur sodat dit in repies gesny word. (Jy kan ook die pasta eers korter sny voordat jy dit deurvoer.) Werk versigtig en besprinkel die repies met meel sodat dit nie aan mekaar vaskleef nie. Hang die pasta op terwyl jy verder werk.
6. As jy nie 'n pastamasjien het nie: Rol die deeg baie dun uit met 'n koekroller totdat dit sowat 2 mm dik is (maak seker dit is oral ewe dun). Bedek en laat rus vir 10 minute. Rol nou die pasta versigtig soos 'n rolkoek op en sny 1 cm-skywe (sprinkel meel oor jou mes om die proses te vergemaklik). Maak die skywe los sodat jy lang repe pasta het en sprinkel meel oor.
7. Kook die pasta: Bring 'n groot kastrol soutwater waarby 'n paar druppels olie gevoeg is, tot kookpunt. Plaas die pasta in die water en kook vir sowat 4-6 minute tot net-net gaar (al dente). Dreineer en as jy nie onmiddellik die sous»



**STAP 1:** Rol die deeg deur jou pastamasjien op die grootste verstelling.



**STAP 2:** Verklein die verstelling sodat jy die deeg lekker dun kan uitrol.



**STAP 3:** Sny tagliatelle met jou pastamasjien.

# IT'S TIME YOU ENCOUNTER OUR BIG FIVE

From mincers and sausage fillers to vacuum machines, biltong dryers and slicers, Exim Big Five has a range of machinery to meet all your game meat processing needs. If you are processing at home or are a butchery providing the service, we have a range of small to industrial-sized machines to suit your requirements.

**Customised to local conditions** **Strong & Durable** **Unbeatable Value**




exim BIG FIVE CUSTOMISED MACHINES

www.exim.co.za
info@exim.co.za
Exim Spices

CAPE TOWN 021 511 4000 JOHANNESBURG 011 623 2270 BLOEMFONTEIN 051 011 3370
NELSPRUIT 013 590 1444 PORT ELIZABETH 041 045 0435 DURBAN 031 701 0165

» gaan byvoeg nie, voeg 'n bietjie olie of botter by om te voorkom dat die pasta aan mekaar kleef.

8 Jy kan begin om die sous voor te berei terwyl die pasta rus. Verhit die olyfolie in 'n groot pan oor matige hitte. Braai die uie tot glasig en voeg dan die knoffel, rissie, komyn en koljander by. Braai nog 'n rukkie tot geurig, maar oppas dat dit nie aanbrand nie.

9 Voeg die maalvleis by en braai tot bruin. Roer die tamaties, geraspede wortel, murgpampoentjies, tamatiepasta, blatjang en sout en peper by. Spoel die tamatieblikkies uit met 'n bietjie water en gooi dit by. Sprinkel die souspoeier oor en roer deur.

10 Prut die sous vir sowat 40 minute tot dit 'n ryk, rooibruin kleur het en begin verdik. Proe en geur met nog sout en peper indien nodig.

11 Skep die sous oor die gaar pasta en garneer met 'n bietjie vars pietersielie en 'n groot handvol parmesaankaas.

*(Pastaresep uit:* The A-Z of Food & Cookery in South Africa *deur Sannie Smit en Margaret Fulton. Bolognese-resep geïnspireer deur een in Sarah Graham se boek* Bitten.*)*



**Plaas jou vars pasta in 'n kastrol kokende soutwater en kook net 'n paar minute tot al dente.**



**BO LINKS NA REGS: Braai die uie, knoffel en speserye. Verbruin die maalvleis. ONDER LINKS NA REGS: Voeg die tamaties en wortels by. Laat opkook en prut tot die kleur mooi donkerrooi is en die sous verdik het.**

TROTSE BORG VAN HIERDIE RESEP

KINGS MEAT DELI
CASTLE WALK | LYNNWOOD BRIDGE

# Wildsvleiswenk van die maand

Deur Eloff du Toit (mede-eienaar)

## BILTONGWENKE DEEL 2: SNITTE

Biltong word verkieslik gesny van die groter vleissnitte, ook bekend as mote, waar die onderskeie spiere van mekaar geskei kan word deur 'n vlies of sening los te sny van mekaar. Met oefening is dit heel eenvoudig. Hierdie spiere of snitte bestaan uit die binneboud *(topside)*, dyspier *(silverside)* en diklies *(thick flank/knuckle)*.

Die sening aan die buitekant word afgesny om 'n lekker seninglose stuk biltong te maak. Doen maar die moeite om daardie vliese en senings aan die buitekant te verwyder – dit maak die eindproduk soveel lekkerder. As die rugstringe of lendes *(loins)* nie vir biefstuk of sosaties gebruik gaan word nie, is hulle saam met die filette *(fillets)* die heel beste snitte vir biltong sny. Die lendes of rugstringe wat heel uitgehaal word, sorg dan ook vir indrukwekkende, lang biltongstukke!

Onthou om die dun, silwer sening sorgvuldig te verwyder voordat die biltongstukke gesny word. Dit sal 'n groot jammerte wees om so 'n prima stuk biltong te sny met 'n taai stuk sening aan... Natuurlik word die rugstring- en filetbiltonge eenkant gehang sodat dit nie met die ander "boud"-biltonge meng nie. Dié spesiale biltonge is net vir eie gebruik – dit mag nie met die "vriende" gemeng word of uitdeelbiltong word nie (indien so iets ooit nog bestaan in vandag se tye!).

Daar is tog 'n paar kleiner spiere/snitte in die karkasblaaie wat ook vir biltong sny gebruik kan word, maar dit het effe meer senings wat versigtig af- en uitgesny kan word vir nog 'n klompie lekker biltonge. Dít is die biltong vir die jong manne wat nooit ophou (vr)eet nie…

Baie jare gelede het ons klomp skoollaaities toegesak op een van ons maats se huis wie se ouers destyds 'n wildplaas gehad het. Wintermaande was die biltong gewoonlik volop daar wanneer ons meer as normaalweg gaan kuier het en vyf honger manne kan nogal 'n duik in 'n biltongvoorraad maak! Die oom het egter 'n plan vir ons gehad – lekker ekstra sout biltong van die nek gesny! Ons het gekou tot op 'n punt waar lam kakebene en 'n hengse dors die oorhand gekry het. Ek lag nou nog as ek daaraan dink!

In die volgende aflewering bespreek ek die sny en speserypekel van biltong.




CASTLEWALK
Cnr Lois & Nossob Str, Erasmuskloof 0048, PRETORIA,
TEL: 012-347-0115|012-347-0245
EMAIL: *biltong@kingsmeatdeli.co.za*

LYNNWOOD BRIDGE
Lynnwood Bridge, cnr Daventry & Lynnwood Rd, Lynnwood, PRETORIA, TEL NO: 012-348-2189|012-348-0387
EMAIL: *biltong2@kingsmeatdeli.co.za*

*the deli for the connoisseur*

WEN WEN WEN!!!

JAGTER HUNTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

exim BIG FIVE CUSTOMISED MACHINES

MET EXIM EN SA JAGTER/HUNTER

**SMS "EXIM" MET JOU E-POSADRES NA 31370**

en staan 'n kans om die 'Big Five AGT5 Filler' en biltongspeserye ter waarde van R3 500 te wen!



*SMS kos R1,50. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word. Volledige bepalings en voorwaardes is beskikbaar op ons webwerf by https://www.sajagterhunter.com/wen/termes_en_voorwaardes*

WIN WIN WIN!!!

SMS 31370

WITH EXIM AND SA JAGTER/HUNTER

**SMS "EXIM" WITH YOUR E-MAIL ADDRESS TO 31370**

and stand a chance to win the 'Big Five AGT5 Filler' and biltong spices to the value of R3 500!

*SMS costs R1,50. The winner will be notified telephonically. Full terms and conditions are available on our website at https://www.sajagterhunter.com/wen/termes_en_voorwaardes*



SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

KONTAK INLIGTING/CONTACT INFORMATION: SAJWV - Inyathipark | SAHGCA - Inyathi Park
ADRES/ADRESS: Plot 3, Mountain Drive 7, Derdepoort, Suid-Afrika/South Africa
TELEFOON/TELEPHONE: (Suid-Afrika/South Africa) 0861 SAHUNT (724 868) | (Internationaal/ (International): +27 (0) 12 808-9300
E-POS/E-MAIL: admin@sahunt.co.za | WEBTUISTE/ WEBSITE: www.sahunters.co.za



Xander Bailey (heel regs) skiet sy laaste 3 van 24 skote tydens die Presidentskietkompetisie waar hy sy Platinum-toekenning op twaalfjarige ouderdom verwerf het! Dit is 'n hooggeagte toekenning vir skuts wat 'n telling van ten minste 610/720 behaal en 'n minimum telling van 290/360 vir elkeen van die vlakte- en bosveldskietoefeninge – 'n baie uitdagende, jaggebaseerde skietkompetisie.

# SA JAGTERS-TAKKE: 'N SUKSESVERHAAL!

Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging (SAJWV) bestaan op grondvlak uit ongeveer 42 000 lede in 83 takke wat in 15 streke ingedeel is. SA Jagters is 'n vereniging vír lede bedryf déúr lede en die takke en hul aktiwiteite is die hartklop van die Vereniging. Die entoesiasme en sukses waarmee die takke bedryf word, is besonders, veral as 'n mens in ag neem dat elkeen wat op takvlak betrokke is, dit vir die liefde van die saak doen – hulle verwag of ontvang geen betaling vir die werk nie.

Die tweede rede vir die takke se sukses is dat die kultuur van tak tot tak verskil. Dít bied lede die geleentheid om hul belangstellings uit te leef in 'n tak waar hulle tuis voel. Takke word binne die Vereniging se riglyne aangemoedig om elkeen hul eie identiteit en groepkultuur te vestig en uit te bou. 'n Stedelike tak verskil byvoorbeeld van 'n plattelandse een, en twee aangrensende plattelandse takke verskil ook van mekaar aangesien hulle twee verskillende gemeenskappe bedien.

Suid-Afrikaanse jagters deel 'n gemeenskaplike kultuur op 'n opwindende kontinent met 'n baie interessante geskiedenis oor onder andere ons pragtige natuurskoon, vuurwapens en jag. Elke lid het oorspronklik by die Vereniging aangesluit as gevolg van hierdie belangstelling en die takke gee hulle die kans om dit uit te leef deur by takaktiwiteite betrokke te raak.

Hierdie aktiwiteite behels gereelde skietdae en -kompe-

tisies, ledevergaderings, bewaringsaktiwiteite en opleiding as toegewyde jagters en sportskuts, trofeemeters en baanoffisiere. Met al hierdie aktiwiteite word familiedeelname by die takke nagestreef, waar elke familielid blootgestel word aan en mentorskap ontvang in SA Jagters se kultuur van vuurwapens, skiet, jag en bewaring.

Die suksesverhale by die takke is veelvuldig en uiteenlopend, met die Overberg-tak wat oor 'n periode van ongeveer vier jaar droogtehulp aan die boere en gemeenskap van die Fraserburg-omgewing verskaf het. Net gedurende die tweejaarperiode van 2018-2019 was die waarde van hierdie hulp in terme van toerusting, brandstof en veevoer ongeveer R4 miljoen. Die Namakwa-tak op Springbok is betrokke by die bewaring van sukkulente (vetplante) in Namakwaland en die Richtersveld en werk saam met die bewaringsdepartemente van die Wes-en Noord-Kaap, SANParke, SANBI, die Groen Skerpioene en polisielede van die plaaslike veediefstaleenhede. Die Springbok-tak in die Brakpan-omgewing se uileprojek het in ongeveer 2009 op die N17 naby Devon tussen Johannesburg en Ermelo begin en is tans besig om landwyd na ander takke uit te brei. Lees meer oor hierdie en ander suksesverhale op ons webwerf *www.sahunters.co.za* onder die takke-afdeling.

Op takvlak is skietaktiwiteite 'n baie belangrike fokuspunt. Die vraag wat dikwels gevra word, is: "Hoekom is dit so en word dit nie ten koste van ander aktwiteite gedoen nie?" Die antwoord bevat verskeie komponente: Wildboere kla dikwels oor sekere jagters se gebrekkige skietvernuf en is met reg ontsteld wanneer swak voorbereide jagters sonder behoorlike skietoefening hul wild kwes. Elke persoon wat hom-/haarself 'n verantwoordelike jagter noem, moet dit 'n prioriteit maak om deurlopend aan hul skietvernuf te werk. Om een of twee keer per jaar net voor 'n jagtog 'n paar skote te skiet, kwalifiseer nie as voldoende voorbereiding nie. Sonder skiet kan daar nie gejag word nie, sonder jag kan bewaring nie plaasvind nie, en sonder bewaring sal daar geen wildlewe wees nie! Verantwoordelike jagters benut hulle vuurwapens met kundigheid, oordeel en eerbied vir die lewe.

'n Tweede rede vir die fokus op skietaktwiteite is om vuurwapeneienaars in die proses met hul vuurwapens vertroud te maak en sodoende vaardigheid en veiligheid aan te leer – kinders ingesluit indien ouers daartoe instem. SA Jagters se rekord van skietbaanveiligheid is die produk van goed opgeleide baanoffisiere, duidelike skietbaanveiligheidsreëls en -bevele, en bekwame en verantwoordelike skuts. Hierdie geleentheid om aan skietoefeninge deel te neem begin op takvlak, waar elke lid die geleentheid gegun word om volgens sy eie vermoë en teen sy eie pas te ontwikkel. Elke jaar is daar tussen 40 000 en 50 000 skuts op die skietbane wat deur SA Jagters se takke bedryf word. Indien 'n skut vyf keer in 'n jaar op 'n skietbaan was, word dit as vyf aktiwiteite in die model getel.

Vir die lede wat formeel aan skietkompetisies wil deelneem, is daar streek-, nasionale en internasionale skietkompetisies. Vir 2023 is daar 153 streekskietkompetisies tot en met einde Augustus 2023. Daarna volg ses nasionale skietkompetisies – twee jaggebaseerde skietkompetisies op diereteikens en vier sportskietkompetisies met ander wapentipes en -teikens. Dit sluit die kinders se junior kompetisiereeks op streeksvlak in waar hulle in die ouderdomsgroepe o/9, o/13, o/16 en o/18 jaar kompeteer, asook 'n jaarlikse nasionale junior kompetisie.

## SKIET IS ONS BESIGHEID EN BESIGHEID IS GOED!

Elke tak het 'n skietbaan en wat praktiese aktiwiteite betref, is dit die hart van 'n tak waar die lede bymekaarkom om te skiet, kuier en te help bou aan 'n uniek Suid-Afrikaanse kultuur en waar doelbewus plek gemaak word vir die hele gesin (pa, ma en kinders) om deel te neem. Alle eer aan die SA Jagters-takke wat voortdurend besig is om skietbane te bou en te verbeter. Hulle werk maak dit moontlik vir SA Jagters se lede om landwyd op enige van die sowat 100 skietbane te skiet. Die koste vir die bou en instandhouding van skietbane is 'n groot uitdaging, maar die takke laat hulle nie daardeur afskrik nie. Met behulp van fondsinsamelings, borgskappe, skenkings en beperkte bystand van SA Jagters se nasionale kantoor, pak die takke hierdie projekte met groot sukses aan.

Indien dit goed gaan by 'n tak waar gelukkige lede in groot getalle aan takaktiwiteite deelneem, kan die rede daarvoor gewoonlik op die skietbaan gevind word. Hier kom families nader aan mekaar, kinders neem saam met ma en pa deel, vriendskappe word gesmee en daar word sommer net lekker gekuier. **Skietaktiwiteite is dus nie 'n beperking in takke nie, maar dikwels die katalisator wat ander aktiwiteite help uitbou.** Wanneer lede begin sê: **"Hierdie is mý tak, wat kan ek doen om te help?"** weet die takbestuur hulle is op die regte pad. Raak betrokke by jou tak en geniet die voordele!



**Skuts by die 50 m-skietpunt – drie snapskote, vyf sekondes per skoot met die blouwildebees as teiken.**

# BOKSPOG

***Stuur jou jagfoto's na: bokspog@sahunter.org***

## WENPRYS

**GEBORG DEUR:**

***Stevenson Hamilton***

**Die wenner van hierdie maand se Bokspog, Jaco Alberts, wen 'n produk beskikbaar op Stevenson Hamilton se webtuiste *www.stevensonhamilton.co.za* ter waarde van R800.**

**Baie geluk, Jaco! Om jou prys te eis, stuur 'n e-pos na: *admin@promark.co.za***




**JACO ALBERTS, Otjiwarongo, Namibië.** Koedoe, .338 Win Mag, 250 grein Nosler AccuBond, 65 meter.



**CARLI BREYTENBACH, Hoedspruit, Limpopo.** Njala, Brno, .30-06 Sprg, 180 grein Barnes TSX, 120 meter.



**TIAAN EN GEHAN COEN, Kalahari, Noord-Kaap.** Eland, Howa, .30-06 Sprg, 178 grein.



**THOMAS VAN WYNGAARD, Vrystaat.** Blouwildebees, Tikka, .270 Win, 150 grein ProAmm.



**STEPHAN PRETORIUS, Vaalwater, Limpopo.** Koedoe, Sako, 7mm Rem Mag, 175 grein Hornady ELD-X, 60 meter.



**ERIK SNYMAN, Ellisras, Limpopo.** Rooibok, Remington, .30-06 Sprg, 180 grein, 60 meter.



**JOHN FARRELL, Marnitz, Limpopo.** Rooibok, .577/.450 Martini-Henry.



**EC LANDMAN, Musina, Limpopo.** Eland, Sauer 404, 9.3x62 M, 286 grein Hornady InterLock, 17 meter.



**PIERRE HODGSON, Hertzogville, Vrystaat.** Waterbok, Howa, .243 Win, 87 grein V-Max, 140 meter.



**THERESA VORSTER, Pretoria, Gauteng.** Vlakvark, CZ, .308, 165 grein, 120 meter.

## VEREISTES VIR BOKSPOG-FOTO'S:

**SA JAGTER/HUNTER publiseer geen foto's van die volgende nie:**

- **Kinders jonger as 10 jaar oud.**
- **Oormatige bloed op bokke of op die grond.**
- **Jagters met bloedbesmeerde gesigte.**
- **Jagters wat bo-op 'n gejagte dier sit of handgebare toon – dis oneerbiedig teenoor die dier.**
- **Foto's met "plakkate" waarop die jagafstand verskyn.**
- **Foto's waarop drank verskyn.**
- **Foto's waarvan die resolusie/kwaliteit onvoldoende is. Foto's moet verkieslik 1 MB groot wees. (Stel jou kamera op die hoogste resolusie/fotogrootte.)**
- **Enige foto wat jag in die oë van die algemene publiek in 'n swak lig sal stel.**

**Jou foto moet vergesel word van die volgende inligting in hierdie spesifieke volgorde: Jagter se naam en van; naaste dorp/stad; provinsie; spesie gejag; geweerfabrikaat; geweerkaliber; koeëlgewig in grein; koeël se maak; jagafstand. Uit die aard van die saak ontvang ons maandeliks baie meer inskrywings as waarvoor ons spasie het. Wees dus asseblief geduldig indien jou foto nie dadelik geplaas word nie. Stuur jou jagfoto's na: *bokspog@sahunter.org***

# DIE PERFEKTE ELAND

***As elandjag eers een keer in jou bloed is, sal jy nie rus voor die ou groot gryse in die koelkamer hang nie.***

In my boek, *Die Laaste Eland*, het ek die epiese verhale van drie jaar se elandjagtogte in die Musina-distrik vertel. Ek het my letterlik moeg geskryf aan hoe ek moes sukkel om in 2015, 2016 en 2017 elande in die hande te kry. Dit het tot die publikasie van die boek gelei. Teen die einde van 2017 het ek verklaar dat ek nooit weer so sal sukkel nie. Van toe af, het myself belowe, sal ek sommer net gewoonweg jag. Ek sou skiet wat voorkom: blouwildebees, rooibok, koedoe of gemsbok. Verby was die dae van nougesette vasberadenheid op die elandspoor!

Só maklik kry jy die ou groot gryses egter nie uit jou bloed nie en aan die begin van 2018 het my gedagtes teruggedwaal na die bos agter die Soutpansberg waar die groot elande leef. Die obsessie het uit die dood opgestaan. Die tweede dwaling was erger as die eerste. Met die skryf en redigering van *Die Laaste Eland* het die jagtersinstink al sterker in my binneste gewoel, soos 'n koors in 'n mens se bloed. Sonder dat ek dit beplan of besef het, het ek elke tree, elke mopanieboom, elke roep van die bosbontrokkie en elke dwarrel van die ooswind meer intens beleef. Die hoop en die wanhoop, die kortasemrigheid en die sweet in die oë het met elke paragraaf opgedaag en my uitgedaag totdat ek geweet het dat ek nie anders kon nie – ek móés nog 'n eland gaan jag.

Maar wat het die vorige drie jare fout gegaan? Hoekom moes ek so sukkel? Ek wou nie nog 'n herhaling hê nie, al het die gesukkel 'n mooi jagstorie met 'n sterk bewaringsboodskap opgelewer. Ek was klaar met sukkel en wou graag 'n maklike en goeie einde hê. Hoeveel jagters kom tog wel nie elke jaar by die huis met die verhaal van 'n eland wat net daar in sy spore



**'n Mooi elandbul – elke jagter se droom. (Foto: Alan Ainslie)**

geval het, sommer die eerste dag al nie? Hoekom kan dit nie 'n slag my ook beskore wees nie?

Van ver uit Nieu-Seeland kom 'n stukkie raad. My jagvriend Johan van Rooyen het die rou teks van *Die Laaste Eland* vir my geproeflees en hy druk sy vinger diep in die wond in: "Oefen, oefen en oefen." Instinktief het ek geweet hy het die waarheid beet. My oefening vir my jaarlikse jagtog het gewoonlik uit twee of drie sessies by die skietbaan se skiettafel vanuit die sittende posisie bestaan. Nadat ek lank aan Johan se woorde herkou het, moes ek erken dat dit nie genoeg was nie. Ek het my gewete gesus met allerhande truuks, soos om nuwe ladings uit te werk en te toets. Oor die laaste paar jaar het my eksperimente woer-woer geswaai tussen die Rhino's, Woodleighs, Swift A-Frames en Barnes TSX'e. My ou "drie-en-'n-driekwart"-pasmaak-.375 Holland & Holland, wat eers aan Nico van Rooyen behoort het, het alle 300-greiners op dieselfde kolletjie geplant, maar ek wou opsluit die heel beste jagkoeël hê. In 'n sekere sin was my eksperimente met jagladings 'n verskoning om nie regtig te oefen nie. Vanjaar sou ek regtig oefen soos wat 'n jagter behoort te doen. Ek sou hou by die vorige jaar se lading van 69,8 grein Vihtavuori en 300 grein Swift A-Frame. Om te oefen het ek 'n pakkie "goedkoop" 300 grein PMP-koeëls aangeskaf en met 64 grein S355 gelaai. Daar was 'n tekort aan Vihtavuori in die land en ek wou nie my skrapse voorraad uitput nie.

Terwyl ek in die kluis rondkrap, dwaal my oog na die Groot Geweer – die 1958-Mannlicher-Schönauer in .458 Winchester Magnum. Daarmee het ek 30 jaar gelede twee buffels geskiet en sedertdien nog niks anders behalwe 'n paar papierteikens nie. Hierdie geweer was al op *Man Magnum* se voorblad en sy eerste eienaar, oom Vladimir Steyn, by wie ek hom gekoop het, het ten minste twee keer artikels oor hom in *Man Magnum* gepubliseer. Etlike jare gelede het Faan de Vos die oorspronklike Monte Carlo-kolf met 'n pragtige tambotiekolf vervang. Ek haal die geweer uit die kluis en streel oor die kolf se sagte oppervlak. Dan maak ek die slot oop en skud die geweer soos ek al 'n duisend keer gedoen het. Die seepgladde slot val terug in posisie en sluit asof ek dit met die hand toegedruk het. In my gedagtes is ek terug in die Zambezivallei se digte *jesse* op die buffels se spoor…

> Ek besluit om albei gewere saam te neem jagveld toe en daar te besluit of ek die .458 'n kans gaan gee of nie.

Net voordat ek skietbaan toe ry, laai ek gou tien 500 greinsoliede koeëls van 'n onbekende fabrikaat, wat ook al 30 jaar in my kluis lê, met S321 en haal die Mannlicher .458 uit die kluis. Net vir die lekker, vertel ek myself, want hy het mos nie 'n teleskoop op nie. Jy kan mos nie elande sonder 'n teleskoop jag nie, dink ek. Ek gooi ook my nuwe skietstok wat ek uit bamboes vervaardig het, agter op die bakkie. Vanjaar gaan ek nie by 'n skiettafel oefen nie. Ek gaan dit op die regte manier doen. Oor die loop van die volgende twee maande raak dit my nuwe obsessie. Ek bring elke moontlike oomblik by die skietbaan deur. 'n Ietwat vreemde ding gebeur, want ek betrap myself telkens dat die Mannlicher ook »



**LINKS NA REGS: Ben, veteraangids van vele elandjagte, Baksteen en Koos met sy oopvisier-Mannlicher-Schönauer .458 Winchester Magnum waarmee hy sy "perfekte eland" gejag het.**

» saamgaan, elke keer met nuutgelaaide patrone. Aanvanklik kan ek nie eers die papierteiken op 50 meter raakskiet nie, maar uiteindelik begin ek op 100 meter 2"-groeperings met die .458 en sy oopvisier skiet. Nie een keer gaan sit ek en skiet nie. Elke keer gebruik ek die skietstokke, net soos ek dit in die jagveld sou doen. Een of twee keer sak ek ook af op my knie en skiet uit die knielende posisie. Vanjaar is ek baie meer geoefen en voorbereid om Musina se elande aan te durf.

'n Mal gedagte ontstaan. Ek besluit om albei gewere saam te neem jagveld toe en daar te besluit of ek die .458 'n kans gaan gee of nie. Ek het 30 jagpatrone, 500 grein Swift A-Frames met 70,1 grein S321 vir die .458 gelaai en net soveel 300 grein Swift A-Frames met Vihtavuori N550 vir die .375.

My eerste taak op die jagplaas is om die twee gewere te gaan inskiet. Hiervoor sou ek uit die sittende posisie vanaf die skietstoel skiet. 'n Jagplaas se skietbaan is nie 'n oefenbaan nie. Ek gun myself slegs drie patrone vir elke geweer. Tot my groot verligting skiet ek 'n 1½"-groepering met die .458, terwyl die .375 se drie koeëlgate mekaar sny. Ek neem die besluit om vanjaar se eland met die ou strydros, wyle oom Vladimir Steyn se .458 Winchester Magnum met sy nuwe tambotiekolf, aan te pak.

Die volgende oggend vroeg is ek en my gids, Baksteen, in die veld. Die .458 voel gemaklik in my arms. Ek weet dit is vroeg en daardie swaar tambotiehout gaan later soos lood voel, maar vir die oomblik geniet ek dit om my hande om die meesterstuk vas te klem. Vir die eerste keer in meer as 30 jaar is ek van plan om 'n dier met hierdie geweer te jag. My vingers voel-voel na die twee veiligheidsknippe; een vir die sneller en een vir die slot. Ek moet onthou om albei af te haal wanneer ek aanlê, herinner ek myself gedurigdeur. Kort-kort maak ek ook seker dat die agterste klappiesvisier nie per ongeluk regop gespring het nie. Dit is 'n negatiewe aspek van die geweer. Hoekom het ek nie maar die klappiesvisier met kleefband vasgeplak vanoggend nie, kla ek myself aan.



Soekie (links agter), Koos (voor) en Ingrid (regs agter) by die opbrengs van 'n perfekte elandjag. Let op die maag van die eland wat ook as 'n spesiale smulhappie benut is. Koos hou sy geliefde Mannlicher-Schönauer .458 Winchester Magnum vas.

"Daar hy es!" fluister Baksteen, minder as twee uur nadat ons begin jag het. Baksteen weet ek soek 'n elandkoei en my oë bespied die bos hier voor my. Ek gewaar die koei nét te laat, want sy draf skielik weg soos net 'n elandkoei kan. Baksteen se hand wys meer links en toe sien ek haar duidelik – nog 'n elandkoei, 'n mooi grote. Instinktief glip my vingers die Mannlicher se twee veiligheidsknippe af en toe maak my linkerhand seker dat die langafstand-klappiesvisier in die "af"-posisie is. Ek lê aan en fokus op die korrel, op die regte plek, agter die blad. Ek trek die sneller af en herlaai onmiddellik. Die eland draf 'n entjie weg en ek skiet weer. Dié keer val sy "in haar spore", soos my vriende en kennisse se bokke elke jaar maak. Ek stap nader en ervaar 'n ontsettende hartseer oor die mooi dier se dood. Dit word elke jaar 'n bietjie moeiliker, maar ek weet ek moet dit doen omdat jag bewaring is. Slegs deur aan te hou jag, kan ons die toekoms van Afrika se wild verseker.

Ek haal albei koeëls net onder die vel uit. Die een weeg 497 grein en die ander 460 grein. Dié een het bykans 40 grein verloor. Wat sou met hierdie een verkeerdgeloop het, wonder ek, maar weet terselfdertyd dat dit nie regtig saak maak nie. Die res van die week geniet ons vars elandbrein, -murgbene, -stert, -biefstuk en 'n elandpofadder so tussen ons vleisbewerking deur. Ons kook die bene af vir pasteivleis, maak biltong, boerewors, droëwors, pakkies steak, kookvleis en maalvleis, en bêre die aftreksel vir al my vrou se resepte. Ons vrieskas is vol en ons sal die res van die jaar elandvleis op die spyskaart hê. Vanjaar het ek waarlik die perfekte eland gejag!




*Koos Marais is 'n tandarts en ook die eerste redakteur van* SA JAGTER/HUNTER. *Sy boek*, Die Laaste Eland, *kan per e-pos by hom bestel word by* kosiemarais@gmail.com. *Die prys is R240 en sluit aflewering binne Suid-Afrika se grense in.*


BBRW
GROOTHANDELAARS VAN SLAGHUIS-, BAKKERY-, VERKOELINGS- EN SPYSENIERSTOERUSTING
JOHANNESBURG
Parkrylaan 24, Mayfair, Johannesburg
Tel: 011 833 5957 / 011 834 9373 / 082 417 6257
083 269 2558
E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za
Nuwe 1 000 m² vertoonkamer / Nuwe bestuur / Tegnici op die terrein
REGOP YSKAS
Enkeldeur R9 200.00
Dubbeldeur Ecoline R10 250.00
Dubbeldeur R10 995.00
BANDSAAG
Swaardienstipe
380V R24 070.00
Gratis biltongdroër
220V R25 035.00
VLEISMEUL
42-380V R24 995.00
52-380V R39 995.00
BILTONGKABINET
245l 580 x 460 x 1 080mm R6 595.00
1 250l 1 000 x 740 x 2 015mm R18 995.00
BILTONGKERWER
R4 250.00
HANDTIPE BILTONGKERWER
R899.00
HANDTIPE VLEISMEUL
NO. 22 R797.00
NO. 32 R1 190.00
170L KOOKTOESTEL
R21 995.00
VERTOONYSKAS
R16 995.00
TREGTERS
VERSKEIE TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL EN PLASTIEK
WORSSTOPPERS
ING 4 VLEKVRYESTAAL-TREGTERS
3 lt R1 695.00
5 lt R1 995.00
7 lt R2 795.00
10 lt R3 495.00
15 lt R5 095.00
BILTONGKABINET + BEROKER 2-in-1 R3 995.00
KISVRIESKAS
210 lt R2 820.00
311 lt R3 640.00
460 lt R4 960.00
530 lt R5 830.00
590 lt R6 395.00
VLEISKOEKIEMAKER
100mm R499.00
130mm R599.00
KOUEVLEISSNYER
220mm R5 195.00
250mm R6 995.00
300mm R8 995.00
BEROKER, 170L
R22 495.00
ELEKTRIESE VLEISMEUL (Italiaans)
REBER MET VLEKVRYE-STAALRATTE
12 R5 995.00
22 R7 150.00
32 R9 360.00
VLEISMEUL-SIWWE EN -LEMME
DUBBELWASBAK
R4 740.00
VLEISVERSAGTER
R9 995.00
SAKKE
300 X 400mm R120.00 (100 sakke)
250 X 300mm R 80.00 (100 sakke)
150 X 250mm R 50.00 (100 sakke)
VRIESKAS MET GLASBOKANT
1.5m - 520 lt R8 599.00
1.625m - 600 lt R13 995.00
2.2m - 700 lt R18 295.00
KARKASSKAAL
Staander nie ingesluit
R12 995.00
VAKUUMMASJIEN
DZ300 R11 500.00
DZ400 R14 295.00
TOEDRAAIMASJIEN
R995.00
Butcherquip
VLEKVRYE STAALTAFEL
1.2m R2 295.00
1.8m R2 985.00
2.4m R3 195.00
KLEINHANDELSKAAL 15KG
R590.00
ELEKTRONIESE PORSIESKAAL 30KG X 1G
R1 000.00
SPITBRAAI & OONDROOSTER
R9 130.00
RYGBRAAI & OONDROOSTER
R6 950.00
ALLE PRYSE BTW UITGESLUIT
Ons het alle tipes slaghuistoerusting in voorraad.
Foto's is vir illustrasiedoeleindes alleenlik. Pryse onderhewig aan veranderinge sonder kennisgewing. E&OE


EDG
WE'VE GOT THE DRIVE
HEAVY-DUTY INDUSTRIES
AUTO ELECTRICAL
AUTOMOTIVE BATTERIES
INDUSTRIAL LED LIGHTING
ELECTRICAL
TOOLS AND CONSUMABLES
Distributor Opportunities Nationwide
MAHLE
Delco Remy
EDG LED
HPi
SEGER
LEMANIA ENERGY
SEBANG
MINE SAFE
For more information or to request a hard copy catalogue please email us at:
enquiries@edgsa.co.za
SCAN HERE FOR PRODUCT CATALOGUE
www.edgsa.co.za




PART 1

# AN EXTRAORDINARY HIPPO HUNT

***Hunting a rogue hippo at night can be a deadly undertaking…***

**RHODESIA (NOW ZIMBABWE), 1974**

During two nocturnal adventures when I went hunting crop-raiding hippos, I "lost" my quarry in the middle of the night. I never heard them running away. They simply disappeared. On a third occasion, I bumped up my "lost" hippo, whereafter it raced back to the nearby Lundi River. I had all but stood on it before it moved! These experiences led me to suspect that, when disturbed on land at night, and when the cover is good, hippos quietly settle onto the ground, lie dead still and let the cause of the disturbance move away instead of making good their escape. I was keen to confirm this behaviour.

In 1974 I captured and translocated 30 hippos from a pool in Rhodesia's Sabi River. During this exercise, I perfected the use of a very potent paralysing drug called phencyclidine. So, when the provincial game warden, Doug Newmarch, asked me if I would try to capture and move a problem hippo out of Kyle National Park, I eagerly agreed. It was a young bull that had taken to grazing the irrigated, fertilised lawns in the national park camping ground. When wandering all over the green grass, it periodically tripped over guy ropes and collapsed tents on top of sleeping visitors. The animal was never aggressive, but there was always the chance that someone could get hurt.

I went to Kyle on the day before full moon to catch the hippo and take it to the nearby Mushandike Dam to release it. When I arrived at Kyle, I immediately sent my Bushman tracker, Ben, to track the animal and determine its nocturnal movements. As I had suspected, there was a single, well-worn hippo path linking the camping ground with the lake shore. I discussed the logistics with Paul Read, the game warden of Kyle National Park. Our biggest problem was how to transport the animal to Mushandike once we had caught it. I rejected the only large-animal crate extant at Kyle at that time because the timber was rotten. We also had no roller ramps to lift a hippo-laden crate from the ground onto a lorry. Paul had helped me on a black rhino capture exercise in 1969 and he still had the old rhino sleigh we had used then. It was propped up against the outside wall of the workshop under the eaves and was still in good shape.

The transport distance was only 40 miles, so I decided to strap the paralysed hippo onto the sleigh and take it on the back of an open 5-ton lorry to Mushandike. I anticipated the journey would take about one hour. "*'n Boer maak 'n plan!*" Paul made two thick plank ramps to pull the hippo, on its sleigh, onto the back of the lorry. That sorted out our transportation logistics. Now we could set about planning a hunt to dart the hippo. The hippo spent all day in the vast waters of Lake Kyle, so I would have to catch it at night when it was on dry land. We had two options: to dart it in the camping ground, or to dart it on its path to the camping ground. However, wherever we darted it, we had to contrive a way to stop it from running straight back into the lake. If that happened and the drug took effect after the hippo reached the water, it would drown. The drug takes about 15 minutes to work.

I walked the hippo path with Ben and Paul, and we selected a place to dart it that was about 400 metres back from the lake shore. Here the path ran through the middle of a long vlei 100 yards wide. There were two convenient 5-foot-tall granite boulders at our chosen darting site (10 metres from the path), which would provide us with cover. There were also two strips of evergreen forest running along the edges of granite *dwalas* (solid rock domes) on either side of the vlei. The prevailing wind was blowing diagonally across the vlei and away from the lake shore. Perfect! We examined the lake shore where the hippo emerged every night. A number of climbable trees were growing at the water's edge and there was a jumble of boulders downwind of the path. On the spur of the moment, I hatched a plan that I hoped would discourage the hippo from running straight back to the water after it had



been darted.

Paul and I returned to the lake shore mid-afternoon with six native game scouts. I instructed them to each select a tree they could climb (20 metres apart), and I hid them amongst boulders downwind, with instructions to sit very still, out of sight, and not to talk. Paul provided them with a walkie-talkie radio. The leader of the scouts was to click the radio transmission button three times when he saw the hippo leave the water. That would be enough to tell us it was on its way. After delivering that message, the scouts were to remain sitting tight and await further instructions. On a second radio signal – when Paul would tell them to "Go!" – they were to emerge from the boulders and walk to the bases of their chosen trees. When they reached their trees, they were to enter into a continuous discussion on any subject they liked. I instructed them to speak in reasonably loud voices but not to shout. The purpose of this subterfuge was to make the hippo aware, before the darting, that there were people on the ground behind it at the water's edge. I hoped it would be enough to stop it from racing back to the water after the darting. My capture gun was equipped with a silencer and a telescopic sight. At dusk, with a loaded dart in the chamber, Paul, Ben and I sat down to wait.

Half an hour after sunset, we received the terse radio signal telling us the hippo had left the water. We prepared ourselves for its arrival. The light breeze was unchanged and constant. Soon we clearly saw the hippo walking slowly towards us in the bright moonlight. My plan of action was based on conjecture. But, in fact, I really didn't know what the hippo would do when my dart struck home. Nevertheless, I sincerely believed those chatting game scouts along the lake shore would deter it from running straight back to the water. I also anticipated that it would run into one of the forest strips after it had been darted, where it would go to ground. We would hear where and when it stopped running, and that is where we would look for it with torches half an hour later.

When the hippo was 100 yards from us, Paul gave his quiet radio instruction: "Go!" One minute later, we heard the scouts talking to each other. The voices were mute but discernible. Perfect! The hippo also heard the voices and stopped dead in its tracks. It turned its head to listen and remained absolutely still for several minutes. I willed it to ignore the hubbub and continue on its way up the path as it was still too far away to dart.

The hippo now knew its escape route had been blocked. I felt sure, therefore, that after I had darted it, it would not rush back the way it had come. Then, quietly and deliberately, the animal turned off its path. It walked through the veld, from our left front to the right, »





» moving toward the closest, small granite outcrop. It took its time, moving like a ghost. Finally, it disappeared into the forest fringe at the base of the *dwala*. However, as soon as it entered the forest edge, all sounds ceased. Because the voices were relatively far away, I had hoped it would have continued walking along its path, but that had not happened. I had misjudged its reaction. I wondered if it had climbed the sloping granite *dwala* and was sneaking back to the water on the other side of the hill.

Suddenly, I experienced an epiphany. I knew exactly what had happened. The hippo had gone to ground! It was lying up, hiding amongst the rocks and bushes inside the thick forest edge. It was waiting, listening and evaluating the danger represented by the distant voices behind it. This is what I had hoped the hippo would do *after* its darting. Leaving Paul behind, Ben and I made our way towards where I had seen the animal enter the tree line. I had a switched-off hunting lamp on my forehead and the capture gun in my hands. Ben carried my .458 Win Mag. My tracker had great senses and I valued his support in such situations. This was a job for him and me alone. Paul, if added to the mix, would have been a liability. The bright full moon hung in the sky above, its monochrome light coating the bushes and rocks all around with a silvery mist. The atmosphere was eerie.

Cautiously, we entered the forest. I stopped to listen. Ben could *feel* its presence...

Quietly, we climbed onto the sloping granite *dwala* and walked a few paces along the solid rock face, using the torch to look down into the brush below. Nothing! We retreated, got back into the undergrowth, and switched the light off. Switching the light on had

> All I could see were big black boulders in the dappled moonlight. They were all of a size that could be a hippo.

came to a halt immediately behind me. I did not know what I expected to hear – maybe the sound of the hippo breathing... maybe the sound of movement? Nothing! My nerves began to crawl. I knew what I was looking for – a hippo lying flat on the ground, hiding. We were surrounded by small bushes and large black granite boulders, any one of which could have been the hippo. I switched on the headlamp and cast the beam about. Nothing! Then I switched off the light and stood dead still, listening. Still nothing! The hippo was very close. I *knew* it was somewhere *very* close. I ruined my night vision, and all it had done was illuminate the foliage directly in front of the beam. Whatever lay behind the bushes remained in black and impenetrable shadow. I waited ten minutes, standing perfectly still until my eyes had adjusted to the darkness again. Ben stood quietly at my side, slightly behind me. He did not say a word. There was no need for us to communicate as our minds were attuned – like two peas in the same pod. He only moved when I moved, and the fact that he was carrying my big rifle gave me confidence. I gave no thought as to how I would be able to use that weapon if I had to, but at least it was there!

Where the moon beams leaked through the forest canopy, all I could see were silvery-grey leaves and very dark shadows. Nevertheless, I could truly see better without the torch beam; or rather, without it, I had a better perspective of the vegetation that surrounded me. We inched our way through the forest, moving very slowly, covering very little ground, and using our ears more than any other faculty. I examined every large black boulder I came across minutely, looking at the shape, looking for movement and listening for breathing, just in case it was the hippo. I tried to think as I imagined the hippo would be thinking.

After what seemed an eternity, we were still right on the edge of the tree line. In ten minutes, we had penetrated no more than ten paces. I realised, however, that the hippo had had to travel only a short distance into the forest to get all the cover it needed. I was also guided by the fact that it had only just penetrated the forest edge when all sound of its movement had ceased. Those indicators told me it must be somewhere very close to where Ben and I were standing. The experience was surreal and, deep down, very frightening.

We continued as before... creeping through the thick brush in extreme slow motion. Periodically, I stood very still, all my senses acutely alert. Ben was dead quiet and only moved or stopped when I did. "This is crazy," I thought responsibly at last. "All this hippo has to do is make one short, sharp rush and it would chomp us both." I began to think that I should send Ben back to the forest edge. I had no right to risk his life like this. "I should go back myself," I then thought. "This is a stupid and suicidal mission." I knew that if we bumped into the hippo head-on, our demise would be all over in a matter of

seconds. There was no chance, under any circumstance, of me ever being able to use the .458 to defend us.

Furthermore, if the hippo was so close (as I knew it was), it would know exactly where we were. It thus held all the important cards in this dangerous game of hide-and-seek. I believed I had one advantage. Deep down in my psyche, I now knew for sure that hippos, under threat at night, hide away by lying motionless and quiet to escape detection. So, I felt I knew exactly what the animal was doing. What to do? I did nothing. I stood still and listened. All my senses probed the darkness, trying to pick up something that would tell me where the hippo was. Ben stood stoic, still and silent. He was always just behind me on my right-hand side.

In the faraway distance, I could still hear the game scouts talking to each other. It was exactly what I had wanted them to do, but my plan had gone terribly awry in every other respect.

"But if I could get a dart into this hippo now, the scouts would have served their purpose," I thought. I was absolutely certain now that the hippo, once darted, would not run back to the lake. I had its measure!

Then I smelt it... It was not a strong smell, just the nuance of a scent, but it penetrated instantly into my subconscious mind. "Hah!" I heard Ben exclaim softly under his breath behind me. He had smelt it, too. I pushed my hand towards him while still looking forward, groping with my right hand to my right rear. I touched him on the arm and patted his forearm softly, thereby telling him that I had also smelled it. Maybe the hippo had farted softly, inaudibly? Or maybe it was just a trace of old dung stuck to its anus. The scent was not at all foul-smelling, but it was definitely "hippo". "Maybe it wasn't a dung smell at all. Could it be the smell of fear that we had detected – of anxious sweat from the pores of the hippo's skin?" I thought. Had I been that hippo at that moment, knowing full well that two hunters were standing right on my tail, I would be sweating like a pig.

Maybe it wasn't sweat at all. Perhaps it was the hippo's fear pheromone that we had detected, reaching out to us, warning us to beware? But no sooner did that idea take root than I discarded it. It couldn't have been a pheromone. Pheromones are colourless, odourless and tasteless. What I had smelt was tangible; pheromones are ethereal.

Whatever it was I had picked up, it was a scant whiff. So, I knew we were standing right on top of our quarry. I knew it had happened – that breath of a scent. It had lasted just one short second in time. Then it was gone. But it told us what we needed to know. We were, indeed, extremely close to our target. It was just upwind of us. I lifted my nose to the breeze, trying to remember the exact direction the air had been moving when we were standing next to the big rock in the middle of the vlei. I had to be sure. So, I pushed my face into the softly moving air and let it play over my skin until I had the direction pegged. For that nuance of the hippo's scent to have reached us, it must be lying somewhere very close to my left front. I looked into the breeze very hard.

All I could see were big black boulders in the dappled moonlight. They were all of a size that could be a hippo. And under the branches and bushes all around us were huge black holes in the shadows that could easily have hidden a hippo. It was time to use the spotlight again. I switched it on and cast the beam around and into the wind.

There were several boulders of weathered granite within 10 yards' range. They were rounded, black and about the right "hippo" size. Nothing moved. I looked at each rock carefully. Then, in the shadows, two tiny red-pink markers reflected back at me. "'What could they be?" I wondered. I focused the torch beam on them and suddenly recognised them for what they were – the hippo's russet-red ears seen from behind. Success at last! Those ears told me two things. Firstly, that the black mass on the ground just two paces in front of me was the hippo's hindquarters, and secondly, that it was facing diagonally away from me. I was so close that if I had leant forward and held the capture gun at arm's length by the pistol grip, I could have touched the animal's rump with the muzzle. The hippo did not move a muscle.

Slowly, I lifted the capture gun to my shoulder and soundlessly nuzzled the safety catch off. There was no need to aim. I pointed the weapon at a spot right in the middle of what I now knew was the hippo's left buttock and squeezed the trigger…

*Make sure not to miss part 2 in the next edition to see how this hippo encounter ended.*





'n Halfmens se blomme in die Richtersveld.



Henno Martin se wegkruipplek.



Die jong Fielies "nommer een" in die Kuiseb.

# FIELIES

*Die Africanis – rateltaai, wêreldwys en gebou om te hou.*

Fielies nommer een het by ons aangesluit in die Kuiseb. Fielies was 'n Topnaar.

By Swakopmund moes ons die nodige permitte gaan haal om in die Namib se Homeb-wilderniskamp te loop staan. Ons wou voel hoe dit is om stoksielalleen in die middel van die Namib 'n paar nagte te gaan kamp. Ná amper honderd kilometer deur die Namib se noordelike gruiswoestyn (met 'n paar blerrie slegte stukke sinkplaatpad) het ons by Homeb aangekom en in die koelte van reuse-anabome ons tentjie opgeslaan. Dis tóé dat ou Fielies saam met die donkies en bokke en skapies daar aangeflenter gekom het en kom groet het. Afgehaal het ons besef ons was nie alleen nie – ons moes ons stilte met die Topnaars deel. Ons buurman was 'n belangrike man, die Topnaars se kaptein.



Waar is daardie vlieghouer?



Ons kampplek in die Kuiseb waar Fielies kom groet het.

Om weg te kom van die hitte, het Fielies dadelik in die anabome se skaduwee in die sand neergeplof. Darem op 'n respekvolle afstand, en hy het nooit 'n oorlas van homself gemaak nie. 'n Maer, jong hondjie met Dobermann-merke bokant sy oë; 'n rasegte Afrika-hond, sy genetika vasgelê deur eeue van die taaiste oorlewing. Teen die aand het hy verdwyn. Seker na sy mense toe. Deur die nag, as die jakkalse begin skree het, het Fielies en sy maters luidkeels saamgepraat.

Die Topnaars het nie gepla nie, net die donkies en bokke en skape wat laat die middag om ons kampplek kraal toe aangejaag is. Ou Fielies het ook nie gepla nie. Africanis-honde is slim diere en hy het hom eenkant gehou. Seker al goed geleer dat as hy pla, word hy onder die klippe gesteek. Dis veiliger om van eenkant kampeerders te beloer. Maak asof hy jou nie sien nie, maar neem alles waar.

Africanis-honde is 'n erkende inheemse landras – 'n landras wat ontstaan het deur natuurlike seleksie en nie deur menslike inmenging van seleksie en teling nie. Die term "landras" was vir my vreemd toe ek begin oplees het oor hierdie taai Afrika-honde, dus gee ek Wikipedia se Engelse definisie, effe aangepas vir honde: *"A landrace is a domesticated, locally adapted, traditional variety of dog (species) that has developed over time through adaptation to its natural and cultural environment, due to isolation from other populations. It is genetically distinguished from a breed."*

'n Mens sien hulle orals; elke kraal in die ou Transkei, Ciskei en KwaZulu-Natal het 'n hele spul gehad. Taai maergatjakkals of windhondagtige goed. Bestand teen interne en eksterne parasiete, kan hulle op stukkies vel en been oorleef – geen salmgegeurde, 80%-proteïenverrykte hondepille vir hulle nie. Jy oorleef of jy vrek. Natuurlike seleksie op sy beste. Kusa het in 2019 sy pogings om die "ras" te vestig laat vaar op versoek van mev. Gallant van die Africanis-vereniging van Suid-Afrika. Dit was in elk geval teen die natuurlike orde van hoe die landras ontstaan het. Die teef moet haar eie reun uitsoek! Basterkrag, soos dit hoort.

Johan Gallant en Joseph Sithole het vir jare navorsing oor hierdie honde gedoen, wat uiteindelik saamgevat is in Gallant se boek, *The story of the African Dog.* Johan is in 2017 oorlede. Hy en sy vrou, Edith, het ernstig standpunt ingeneem teen die etiek van suiwer rasteling *(The Purebred Dog Hobby Re-examined)* – 'n begrip waarmee ek nogal saamstem. Daar is niks walgliker as kaalhaarhonde, bewerasiebrakkies en stompneusgoed wat nie self kan teel of sukkel om asem te haal nie. Die Afrika-honde is nie vir my mooi nie, maar hulle dwing jou respek af. Vat maar vir ou Fielies…

Daardie oggend het ons die rooiduine aan die oorkant van die rivier loop uitklim voor ons opgepak en aangestoot het na Henno Martin se wegkruipplek. Die Kuiseb se wilderniskamp was vir ons effe bederf. Die Ou Girl het darem vir Fielies 'n stapeltjie bene en vet gelos. "Hy sal dit kry," het ek haar belowe. "Hier in die woestyn gaan niks verlore nie. Ou Fielies sal kom kyk."



Fielies "nommer twee".

Toe gaan ons Richtersveld toe. Weer vir die stilte en die ruheid van die wêreld en vir die halfmense (*Pachypodium namaquanum* – 'n skaars plant wat min of meer net daar in die dorre Richtersveld oorlewe). Dis 'n onbeskryflike wêreld en ons het alles gekry waarvoor ons gehoop het, ook vir Fielies nommer twee en sy maters.

Dertien kilometer buitekant Richtersberg se kampplek sien die Ou Girl die jakkals wat al in die pad voor ons uitdraf. Dis moeilik om hom mooi te sien; jy sien net so af en toe sy rug soos die pad ons skud. Maar uiteindelik haal ons hom in, en die jakkals se silwer rug word wit as hy respekvol eenkant toe padgee sodat die karretjie kan verbykom. Fielies nommer twee, toe al die tyd 'n tefie, se yl, wit hare maak net hier en daar die brandsiek op haar agterbene toe. Windhond, dink ek vieserig, g'n jakkals nie, sonder 'n enkelte ons vet aan haar lyf. Ons ry verby en in my truspieëltjie sien ek hoe ou Fielies in die stof verdwyn. Wat maak sy daar, wonder ons. Hoe ver het sy al gekom? Siestog, sê my vrou, hier vrek sy van die dors.

Toe ons by Richtersberg se kampplek stilhou, trek Fielies wonderbaarlik langs ons in. Haar asem jaag nie eers nie. Ook glad nie haastig om in die Gariep se waters af te koel of aan die suip te gaan nie. Ons is beïndruk. Soos Fielies nom- »



Mooi is sy nou nie eintlik nie.



Al wat sy soek, is net 'n bietjie liefde.



Dertien kilometer op 'n ertjie!

» mer een, plof ook sy in die sand neer, uitgestrek in die son, asof alledaags, 'n dertien kilometer se draffie oor die middagure se hitte. *Shame*, ou Fielies is nie mooi nie – soos 'n man met 'n oop gulp, het Gert Sarrisam geskrywe, jy kyk maar vinnig weg.

My vrou maak vir ons 'n tunaslaai vir middagete. Fielies lê eenkant, pla nie, bedel nie kos nie. Iets vermurwe in my wederhelf. Die blikkie tuna se pekelwater word afgegooi in 'n blou roomysbak. Die geblikte ertjiewater ook. 'n Enkele ertjie beland toevallig saam in die bak. Ou Fielies is dankbaar. Sy lek die bak blinkdroog, ook die ertjie verdwyn. Sy laat dit lyk na die lekkerste kos in die hele Richtersveld, die lekkerste kos wat sy nog ooit geëet het. Byna behaaglik strek Fielies haar weer uit in die son. Ek wonder of haar maag nou vol is, of dit haar enigste kos vir die dag sou wees, of die energie wat oor dertien kilometer verbrand is, die moeite werd was vir een ertjie in pekelwater? "Daar's baie yster in die water," sê my vrou. "Ertjies is baie gesond."

Fielies is 'n Nama. Of is sy dalk 'n Bosluisbaster? Die veepos staan net anderkant die ablusieblok, agter die grootste tamariskbome wat ek al gesien het. Hierdie keer is daar darem 'n spoeltoilet en 'n koue stort. Die Richersveld is 'n gemeenskapspark, verduidelik die brosjure. Die plek behoort aan hulle en elkeen mag 'n sekere hoeveelheid skape en bokke aanhou en rondskuif soos hulle wil. Dis erg droog in die binneland, so nou kom staan hulle maar seker hier by die groot water. Ek verstaan dit, maar tóg. Ons is dankbaar ons is die enigste kampeerders en die veepos se mense hou hulle eenkant, pla ook nie. Soos Fielies. Bedags loop die diere seker en kos soek hemel weet waar hoër op of laer af teen die rivier. Teen sononder kom vreet hulle die gras om ons tent. Net een maal sien ons die veewagter met sy bokke en al agt sy honde. 'n Bont spul Africanisbrakke. Fielies steur haar nie aan hulle nie. Sou een ertjie beter wees as wat sy by die huis kon verwag?

Toe dit aand word, skrop Fielies 'n gaatjie agter ons tent onder 'n witkareebos uit. Krul haar in 'n klein bondeltjie op. Ons braai van Calvinia se vleisfees-tweetandskaap, drink chenin blanc en trek warm truie aan as ons kyk hoe die son agter die skurfste berge verdwyn. Ou Fielies was dwarsdeur die nag tjoepstil op haar plek. Selfs toe ons buurman se honde soos in die Kuiseb met die jakkalse wou saamgesels, was Fielies respekvol stil. Môre kry sy dalk nóg 'n ertjie; sy kan immers nie waag om weggejaag te word nie.

Die volgende oggend is ek oudergewoonte vroeg uit die tent om die dag met koffie en beskuit te begin. Ons wou dié dag ernstig geelvisse vang. Onder in die leë beskuitkardoes het 'n handjievol krummels bly lê, gewoonlik die voëltjies se deel, maar daardie oggend hou ek dit vir Fielies se blou bak. En ook later die papskraapsels wat nie so lekker aan die geelvishoeke wou klou nie. Ons harte het stadigaan begin vermurwe vir die lelikste hond met die skerpste skerpbekmuis-gesig en uitsteekheupe soos 'n ou jerseykoei. "Kyk," sê ek vir my vrou, "honde se habitat is die mens, sy soek net 'n bietjie liefde."

Dié middag was dit weer tunapekel en ertjiewater en ek dink die Ou Girl het aspris 'n paar ekstra ertjies laat inval, en dalk bietjies morsig met die slaai gewerk. In die blou bak se helder soppie het 'n paar stukkies vis gedryf. En ou Fielies het behaaglik haar deel verorber, gedy onder die kos en die aandag. Ek sou nou nie sê sy het voor ons oë blink verhaar nie, maar daar was tóg iets. Selfs toe sy my vrou se skaapvelvlieghouer (nog met drie vlieë aan) opgevreet het, is sy dadelik vergewe. Mens kan darem nie van ertjies alleen lewe nie.

Dalk het sy koud gekry, of net alleen gevoel, maar die laaste aand het Fielies styf teen die tent kom lê. Dalk wou sy net nader aan ons wees. Dalk uit dankbaarheid, dalk uit liefde.

Die volgende môre het sy haar maters van ons werf af weggegrom en in die stof agter ons karretjie aangedraf.

Iewers tussen Tatasberg en Helspoort het ons haar verloor.

# ON SALE NOW!

At all major magazine retailers







## MAGNUM'S FIRST EVER KNIFE & HUNTING GUIDE

Learn about the Top Biltong Species most favoured by meat hunters

Five Knives to Know About

Are **Custom Knives** Worth it?

Dangerous Game **Know-How**

Magnum is Africa's leading magazine for hunters and shooters. Each edition is packed with exciting reads, ranging from hunting dangerous game to wingshooting, to rifles, shotguns, pistols, reloading cartridges, test reports, and a whole lot more.

## FOR A PRINT SUBSCRIPTION

Email: Magnum@onthedot.co.za
Phone: 087-353-1291 WhatsApp: 087-353-1292
International Telephone: +27-10-065-0990

## FOR A DIGITAL SUBSCRIPTION

Go to Zinio or Magzter and search for Man Magnum

MAN MAGNUM

# DREAMS, GOALS AND THE VALUE OF A WORD

***Dreams and recollections of a seasoned wingshooter***

**Anthropomorphic:** *having human characteristics, like explaining animal behaviour in human terms. An interpretation of what is not human or personal in terms of human or personal characteristics; for instance, the humanisation of children's stories has a long tradition of anthropomorphism.*

I was in awe sitting in the audience, listening to the professor explaining the correct way of interpreting the biological essence of what we were seeing in the orchards. It happened so long ago that I cannot remember the occasion – it must have been some or other agricultural seminar in Natal – or what it was all about. However, I do remember one thing – the word "anthropomorphic", as explained




A crested francolin guarding "The Book" – *The Quails, Partridges, and Francolins of the World.*




**An illustration of a pair of Caucasian snowcocks, also from "The Book".**




**An illustration from "The Book" of snow partridges, with the Himalayas in the background.**

by the prof. Being an extension officer in my second year, I subsequently tried to use it on every possible occasion and felt very grand when I could sneak it in; almost like a second-year student at varsity, which, by the way, is just about the cleverest thing on earth! Man, we were so smart, we thought we knew everything. What we did not know took a day longer to find out. "Hang on, let me make a few calls at the office," was the operational phrase. Fortunately, as the years went by, we did come down to earth and realised we were not so smart – we got to know more and more about less and less, until shortly before I retired when I realised I knew everything about almost nothing. It is tough out there, and I became very quiet around all those second-year "experts".

Goal setting is regarded as a most valuable tool in the workplace for evaluating employee productivity. Goal-setting seminars, followed by practical goal-setting exercises, often become the core driving force in attempts to improve company productivity. Goals must be measurable, set within a specific time frame, and, said Dr. Arnold Mol, doyen of goal setting in the agricultural industry, "must be bite-size, achievable, and if not, standards should be lowered". Goal setting can be an immensely irritating business for an employee when management's focus veers away from the actual goals and become focused on the exercise per se. How nice it would be, I often thought, if our personal goals could be the same as those of our companies? After all, although from a different perspective, goals and dreams are almost the same thing.

It's good to dream because what keeps your nose to the grindstone if there is no dream ahead?

Many a hunter has this dream of a 58" kudu bull and tries for years without getting it. Yet, on his study wall hangs a magnificent 56" bull of which he can remember every detail of the hunt. Did he miss his goal? Uncle Arnold says he should lower his goal, make his "dream" bull 55". Yet, I think one's dreams are easier and bigger if one forgets about the measuring aspect of your goals. Like Uncle Angus Buchan says, if your dreams do not scare you, they are not big enough!

For years I dreamt of collecting all the francolin available in Southern Africa. I was, after all, infatuated with francolin as francolin and spaniels are made for each other. Then my francolin dream ended with the last one on my list, a red-billed francolin along the White Nossob in Namibia. I was shooting a real Belgian bugger of a 12B side-by-side. With the first shot, it drew blood on my right hand where the trigger guard smashed into my middle finger. But I got a couple of beautiful red-bills, and my goal was achieved.

And then my dream turned to grouse. All my life, I wanted to shoot red grouse in Scotland. Perhaps it's just a romantic notion, but shooting grouse the way those old lords did is rated as the best shooting in the world.

I would be dreaming I was standing in the butt where Lord Ripon killed his last birds at Toms Corner on the Dallowgill part of his Studley Royal Estate in Yorkshire. The grand old shot had missed a snipe with both barrels from his first gun, only managing to kill it with the first shot from his second gun before collapsing. Perhaps the seizure was induced by the shock of what he perceived his poor shooting to be. He was, after all, considered the best shot the world had ever known.

My dreams would run wild whilst resting under an umbrella thorn on the Springbok Flats, maybe just to get away from the perpetual heat and dust. The grouse would be thick enough to warrant a loader and a matched pair of English side-by-sides, just like Lord Ripon, but I would not miss a thing. Until much later when I realised I'd have to miss the whole bloody lot, driven grouse being hopelessly too expensive. For a while, I hung onto Uncle Angus' *Faith Like Potatoes* in the hope that I could make it. So, I lowered my goals like Arnold Moll suggested and dreamt of a brace of walked-up grouse over a zippy pair of English springers. What, after all, could be grander than shooting over working springers in their country of origin on a spectacular Scottish moor with vistas all the way over purple heath to where blue mountains marked the horizon.

A man's got to dream. Old men especially, says the Bible in Joel 2:28: "Your sons and daughters shall prophesy, your old men shall dream dreams."

I was stuck between English field guns and red grouse when *The Quails, Partridges, and Francolins of the World* landed on my desk. Paul A. Johnsgard's »

» brilliantly illustrated 1988 monograph of this relatively closely related group of gallinaceous* birds instantly swept my dreams away from the Scottish moors; I was exploring unfamiliar places looking for strange birds. Here in this book, I could now journey in search of francolin way beyond the borders of Africa.

*(*Gallinaceous: A term used for birds of the order* Galliformes. *They are heavy-bodied, largely ground-feeding domestic or game birds that include chickens, pheasant, turkeys, grouse, partridges and quail.)*

Up until now, my francolin dreams were restricted to the works of Roberts, particularly the field guide as edited by Hugh Chittenden of the Voelcker Bird Book Fund, and more recently to Rob Little's *Terrestrial Gamebirds and Snipes of Africa*. But now, with Johnsgard's book *Africa's 44 Francolin* (for practical purposes, I lump the taxonomically untidy conglomerate of francolin, partridges and spurfowl all together in a wingshooter's group of "francolins"), it has exploded into about 90 species all over the world!

Listen to this: Snow partridges and snowcocks inhabiting the high alpine regions from the Caucasus to Tibet and Mongolia, rock partridges and sand partridges, hill partridges and stone partridges, bamboo partridges and wood partridges, and the Indian subcontinent's three species of long-tailed spurfowls. Wow!

From sitting under my *haak-en-steek* thorn tree on the hot and dusty Springbok Flats, I was propelled into the lofty, snow-capped Himalayas, trekking with yaks and Mongolian herders in a *Seven Years in Tibet* ordeal after elusive high-altitude game birds I had never even heard of. Of course, I would be luckier than Heinrich Harrer and be well equipped with a shotgun and a couple of pointers. In the evenings, we would be huddled in a warm *yurt**, sipping red wine or scalding hot coffee.

> And then my dream turned to grouse. All my life, I wanted to shoot red grouse in Scotland. Perhaps it's just a romantic notion, but shooting grouse the way those old lords did is rated as the best shooting in the world.

*(*Yurt: A traditional* yurt *or* ger *is a portable, round tent covered with skins or felt and used as a dwelling by several distinct nomadic groups in the steppes of Central Asia. The structure consists of an angled assembly or latticework of wood or bamboo for walls, a door frame, ribs, and a wheel, possibly steam-bent. Source: Wikipedia.)*

Colin Partridge collaborated with me in sending some of my *Feathers* books to his old prof and mentor in the Avocado Industry – Nigel "Wolly" Wolstenholme, Emeritus Professor of Horticultural Science from the University of KwaZulu-Natal. Prof Wolly wanted to reciprocate by sending me something from his vast collection of more than 1 500 natural history books, over 200 of which are on the Kruger National Park alone. He is 85 now and said he needed to face the inevitable downsizing of his collection.

This is a sad reality all book collectors must face sooner or later. And it is becoming increasingly difficult. Books just don't hold the same fascination as 40/50 years ago. Fortunately, both my kids are book fanatics and some of my stuff may end up reasonably well appreciated. But tastes differ and my Lawrence Greens and Herman Charles Bosmans may struggle to find good homes.

Electronics have taken over and Kindles and other electronic "book" devices are the flavour of the day. "Download 40 000+ books for free," says the advert. My wife's single slab of digital wizardry contains something like 2 000 "books". It is sad but true; we just do not have the space anymore – our houses are getting smaller and spacious old-world estate libraries no longer exist.

I told Prof Wolly it was really not necessary, for he had paid me in full many years ago. He was the one that taught and explained the term "anthropomorphic" to me.

"I have no recollection of adding 'anthropomorphism' to your English vocabulary," Prof Wolly wrote back. "I certainly made sure my students were aware of the concept as part of their training in scientific method, and the dangers of pseudoscience. In addition, the dangers of plagiarism in their writings and in their fourth-year seminars. Today, alas, we have to be on guard against fake news and the belief that if I believe it is true, then it *is* true – the Post Truth Era*."

*(*Post Truth Era; In the post-truth era, we don't just have truth and lies but a third category of ambiguous statements that are not exactly the truth but fall just short of a lie. Enhanced truth it, might be called.)*

I wish I was one of Prof Wolly's students and could sit in his lecture hall and listen to him all day long. For now, though, I am happy for the crumb of the Post Truth Era off the master's table and a marvellous book on the francolins of the world. Thank you, Professor.




la.va®
BESOEK ONS AANLYNWINKEL
www.lava-sa.co.za
Kwaliteit ingevoerde vakuumverpakkingsmasjien en vleisverwerkingstoerusting
TWEEJAAR-WAARBORG
SA JAGTERSLEDE KRY
5%-afslag op masjiene 10%-afslag op sakkies
E: info@lava-sa.co.za | C: +27 72 160 5556


COPCAS
COOPER CASINGS
SINCE 2002
COPCAS
Tel: 011 262 5810 www.copcas.co.za
YOUR ONE-STOP SHOP FOR SAUSAGE CASINGS AND SPICES.
GET THE TEAM WHO KEEPS IT NATURAL.
BEEF CASINGS
SHEEP CASINGS
HOG CASINGS
CELL: 066 306 1423
TEL: (011) 262 5810
WEB: WWW.COPCAS.CO.ZA


Taxidermy I Tanning I Horns
Skins I Decor I Skeletons I Skulls
Afrikan
TANNING & TAXIDERMY
Plot 102, Essenhout Rd, Rayton.
Contact : +27(0)82 770 8556
E-mail : pieter@afrikantradersonline.com
Website : www.afrikan.co.za



The RCBB set-up on Kobus's shooting range in Irene. Note the different elevation and windage adjusters and the straps securing it to the shooting bench.

# RECOIL COMPENSATION BALLISTICS BENCH

The quest to find the perfect combination of bullet, primer, case and propellant charge to deliver the tightest group a rifle is capable of is not always an easy one. Reloading component costs have soared over the last few years and gone are the days when a reloader paid little attention to the amount of ammunition expended to find the perfect group. Added to this are other factors – climatic conditions (which you can do little about on a specific day), shooter errors and an unstable shooting platform. One suspected pulled shot in a group that is otherwise showing promise can ruin the confidence in that specific load recipe, forcing you to repeat it at additional time and cost.

Enter the Recoil Compensation Ballistics Bench (RCBB) from Blue Ballistics, a local company that produces a shooting rest which aims to eliminate shooter error and other factors when testing a rifle or load for accuracy. Basically, your rifle is mounted in and tied down to a shooting rest which, in turn, is tied down to your shooting bench, enabling you to fire the rifle without touching it. The changeable and unstable interaction between the shooter and rifle is thus eliminated – there is no rifle movement as a result of breathing, inconsistent grip, body movement or even your heartbeat. Other factors that also influence shot placement are also avoided – parallax errors come to mind, especially where the rifle-and-scope combination forces the shooter to put his shooting eye in a "not so perfect" position behind the ocular lens (think of scopes mounted unnecessarily high above the bore axis, or a poor stock design). The effect of mirage is also ruled out if the bench is set up correctly.



The remote trigger assembly fitted to my .30-06 Springfield. Kobus maintains that the RCBB is so steady that he does not even use the trigger assembly.

## HOW DOES IT WORK?

The RCBB consists of a thick aluminium base that supports a recoil pendulum attached to two cradles – one for the forend of the rifle and one for the stock. The base plate of the RCBB is secured to a shooting bench with ratchet hooks and straps and adjusted for elevation and level by five height adjusters. In turn, the rifle is secured in the cradles and held firmly with clamps (on the forend, but without touching the barrel) and straps. In addition, a strap that wraps around the pistol grip and is fixed to the rear cradle is also tightened with an eye bolt and



Kobus adjusting the clamps that secure the forend.



A view from the rear of the RCBB showing the different adjustment controls and clamps.

nut system. A remote trigger assembly is fitted to the rifle's trigger guard, enabling you to fire the rifle without touching it.

I asked Kobus du Plessis, owner of Impala Bullets, to show me the ropes on the RCBB, as he has been using one successfully for the last year. Kobus set up the RCBB on a bench at his Irene shooting range. The set-up process takes about 15-20 minutes as you must ensure that the straps and height adjusters have settled into position and get the rifle on target before the fine adjustments are made to get the crosshair exactly where you want it. The straps wrap around the bench (a sturdy bench is obviously crucial), pulling it tightly against it. The rifle is then secured by using the front clamps, rear strap and butt plate clamp. Final adjustments can then be made using the five height adjusters, as well as the two windage adjusters positioned beneath the butt cradle. Having achieved this, we fired a few shots, with Kobus making slight alterations to the straps and clamps between each shot, mostly tightening them. Obviously, the RCBB needs to settle into position before you can fire your group shots.




A three-shot group achieved by Mornay Eyre with his .416 Rigby, using the RCBB.

Kobus then fitted the remote trigger mechanism (he fires his test loads without the mechanism, claiming the bench is so stable when set up properly that the remote trigger is not even needed), and we fired several groups from my .30-06 Springfield. Between the first few shots, the crosshair moved about half an inch between shots, which was easily corrected with the adjustment controls. The thread used on the adjustment controls is very fine, making minute adjustments possible – almost like a competition benchrest seating die. Kobus then tightened one or two straps by another click. I was amazed to see that with the next group, there was absolutely zero movement of the crosshair in relation to the bull between shots. I had not thought this possible, but it is. My test groups were on average better than what I get when shooting over a steady rest off a bench.

The system is designed so that the rifle recoil is absorbed by a pivoting pendulum system that returns to the same position after every shot. It is superbly engineered and made from the best quality materials. It is also packaged like a "Ferrari gearbox intended for overseas shipping" in a sturdy wooden box and comes with a detailed instruction manual. The benefits of the RCBB are obvious – less guessing, less shooter error and substantial saving of cost and time. Big-bore shooters, who loathe shooting test loads over a bench, will love it.

*The RCBB system sells for R32 000, postage excluded. Contact Blue Ballistics at* info@blueballistics.com *or call Hannes Steyn on 083-778-6440 to order yours.*

CARTON
RELOADING
INDUCTION CASE ANNEALER
Annealing brass for consistent grain structure and hardness is challenging. CARTON Induction Case Annealer is the simple solution.



MORE INFO :
cartonreloading.co.za
info@cartonreloading.co.za
CARTONReloading

FEATURES :
- Touch screen
- Automatic case feeder
- Programmable pre-sets
- Adjusts for .22 Hornet to .338 Lapua case lengths
- Case counter




Die Casio Mudmaster is 'n uitstekende horlosie en elke sent werd.

# CASIO G-SHOCK MUDMASTER GG-1000-HORLOSIE

# HARDEKOOL-TAAI!



Die uiters sterk bandjie en dubbele gespe is een van my gunsteling-eienskappe.

Casio se G-Shock-horlosiereeks het in April 2023 sy 40ste verjaarsdag gevier. Hierdie reeks het oor die jare 'n byna fanatiese aanhang opgebou vanweë die uitmuntende betroubaarheid daarvan. Ek het my lesse met horlosies op die duur (en dom!) manier geleer. My eerste twee lesse was op die grootkaliber-skietbaan, waar ek 'n duur, "blink" horlosie stukkend geskiet het met my toe nuwe .500 Jeffery. Die horlosie het so halfpad deur die sessie eenvoudig gaan staan, soos blyk uit waar die arms gestop het toe dit die gees gegee het. 'n Jaar later het ek so wrintiewaar dieselfde fout gemaak en 'n tweede een stukkend geskiet. Ek het toe 'n "buitemuurse" horlosie aangeskaf en was te suinig om daardie tyd die ekstra R1 000 of so uit te haal vir 'n goeie maak. Goedkoop koop het duur koop geword met die eerste jag wat ek met dié horlosie gedoen het... Ek en vriend Johan was agter 'n blesbokram aan in die Heilbronkontrei en moes sowat 100 meter op ons hande en knieë deur die lang gras kruip om naby die ram te kom. Ek dra my horlosie effe los, met die gevolg dat dit heeltemal afskuif tot aan die onderkant van my pols. As jy dan

handeviervoet loop, druk die horlosie se wydste punt teen die agterkant van jou hand en plaas baie stremming op die bandjie. My bandjie moes gebreek het, want toe ons later langs die blesbok staan, was my horlosie weg – tot vandag toe.

Dit was so 10 jaar gelede. Ek het toe maar my oë toegeknyp en 'n G-Schock-horlosie aangeskaf en was nog nooit 'n oomblik spyt nie. Ondanks duisende skote en 'n rowwe jagveld het hierdie horlosie my nog nie 'n enkele probleem gegee nie.

James Ralph, die invoerders van Casio-produkte in Suid-Afrika, het in Oktober 2022 vir ons die Mudmaster GG-1000-model gestuur om te toets met die uitdruklike opdrag om dit te probeer breek. Ek was effe skepties oor die affêre aangesien ek grootgemaak is om my besittings op te pas, asook ander mense s'n... Die Mudmaster het sedertdien tydens sowat 15 verskillende skietbaansessies diens gedoen, die meeste daarvan op die grootkaliber-bane met net oor die 300 skote in die .404 Jeffery-klas en boontoe, asook sowat 1 000 skote met die haelgeweer.

Soos die naam "Mudmaster" aandui, waarborg die vervaardigers dat die horlosie bestand is teen enige modderindringing. Die beste toets hiervoor was ons buffeljagkompetisie se jagtog in Mosambiek in November 2022. Die Mudmaster het daar sy vuurdoop gehad en is 'n hele paar keer goed in die moerasmodder gedompel. Tydens die jag het ons ook 'n paar honderd meter vêr buffels bekruip – handeviervoet, luiperdkruip, boud-skuif, alles wat moontlik was. Saans het ek die horlosie sommer in die stort met 'n waslap afgewas. Ten spyte van die growwe modder en sand was daar steeds nie 'n merkie op sy glasie nie.

Die Mudmaster is natuurlik skokbestand en waterbestand tot 200 meter. Die horlosie is volgepak met ander kenmerke – 'n kompas, termometer, 31 verskillende wêreldtye, vyf alarms (waarvan een 'n sluimerfunksie het), 'n stophorlosie en 'n tydaftelfunksie. Dit het boonop analoë en digitale tydwysers. Die twee eienskappe waarvan ek die meeste hou, is die LED-agterliggie *(backlight)* wat verstelbaar is tussen 1,5 en 3 sekondes se beligting. Hierdie liggie is die funksie wat ek die meeste gebruik – dit is skerp genoeg om in die donker mee te loop sonder om jou jagmaats met 'n skerp flits wakker te maak as jy snags moet opstaan. Die ander eienskap waarvan ek hou, is die uiters sterk band met dubbele gespe en wye verstellingsopsies.

Die horlosie weeg 92 gram en is effe bonkiger as die standaard vanweë die nutsontwerp. Al die verstelknoppies en die gesig word beskerm deur hulse wat keer dat dit krap of aan iets vashaak. Die Mudmaster is 'n puik horlosie wat ek met die uiterste vertroue vir die jagter en buitelugpersoon kan aanbeveel. Ek was jammer om dit aan die invoerders terug te gee en sien reeds een in my denkbeeldige Kerskous...

*Die Mudmaster verkoop vir sowat R9 000 en is elke sent daarvan werd! Ek het verskeie aanbiedinge aanlyn gesien en die meeste goeie horlosiewinkels hou Casio-produkte aan.*












# In die HERLAAIKAMER In the RELOADING ROOM

MET/WITH KASSIE KASSELMAN




'n Elektroniese buismikrometer, ook bekend as 'n balmikrometer, wat gebruik word om doppies se wanddiktes te meet.

# VOORBEREIDING VAN DOPPIES VIR KOMPETERENDE SKIET
## *DEEL 1*

In vorige aflewerings het ons gesels oor algemene kenmerke van doppe wanneer dopseleksie nodig is, die voorbereiding van nuwe doppe vir daardie eerste skoot en die hantering van gevuurde doppies wanneer hulle herlaai word vir kwaliteitskote. Baie herlaaiers wil egter soms effens verder gaan en soveel moontlik doen om te verseker dat hulle faktore wat skootgehalte beïnvloed, kan beheer. Om dít te doen, is dit goed om te verstaan dat die doppie die enigste komponent is waaraan die handlaaier iets kán doen, maar ook dat die gevolge van enige werk aan die doppie voorsien moet kan word. Dit is dus belangrik om voldoende inligting oor die geweer en die doppie, tesame met die dinamika van die beskikbare kruit- en slagdoppiekombinasies, in aanmerking te neem voordat jy lukraak veranderings aanbring.

Dan Hackett, 'n toonaangewende kenner in Amerikaanse herlaaikringe, het die volgende gesê: "… *It is impossible to overemphasize the vital role of measurement in optimizing handloads. The more things you can measure accurately, the more likely it is you will discover why your rifle is not performing as well as you think it should, and that you will find a solution for the problem. In looking through catalogs of reloading goodies, you may have wondered why so many individuals and companies have devoted so much effort to inventing exotic gadgets for measuring this, that and the other thing. Perhaps you think such gizmos as concentricity gauges, seating depth gauges, chronographs and case-neck gauges are luxury items primarily intended to separate you from your hard-earned cash, but which you can get along without quite nicely. I wouldn't blame you for thinking that – there was a time when I felt the same way. Well, it just ain't so, gentle reader. All these things serve real purposes and can make getting much better accuracy from your rifle a whole lot easier. As to how much better, I occasionally shoot with guys who have spent many thousands of dollars on custom-barrelled rifles but don't put any special effort into their handloads, and, by shooting well-tuned factory sporters with ammo developed through careful measurement and analysis, I can usually get smaller groups than they do. This wouldn't be possi-*

*ble if I didn't use the right tools to find and fix small problems that most handloaders overlook…"* Wat ons hieruit kan aflei, is dat 'n herlaaier die korrekte gereedskap moet hê om verdere gespesialiseerde werk aan doppies te doen – die ou bewese uitgangspunt van die regte stukkie gereedskap vir die werk wat gedoen moet word.

'n Tweede belangrike uitgangspunt wat ek by een van ons beste bankskietskuts van sowat 20 jaar gelede, Lukas Barnard, geleer het, is om jou die volgende vraag af te vra: As dit 'n veranderlike of veranderbaar is, kan die veranderings tot beter akkuraatheid bydra, en as ek dit wil beheer, hoe doen ek dit? Wat ek hieruit verstaan, is om nie onnodig tyd en geld te bestee aan irrelevanthede nie, maar as ek dit dan móét (of wíl) doen, maak seker dat dit reg gedoen word en nie net ter wille van doen nie. As jy dit nie korrek doen nie, kan dit erg teenproduktief wees.

**Dopseleksie**

Kom ons probeer die baanbrekers se wyshede prakties toepas deur weer by dopseleksie te begin. In my eerste artikel het ek breedvoerig uitgewei oor hoe ons doppies se eienskappe gebruik om die regte doppie waartoe ons toegang het, te kies. Ek het onder meer na wanddikte as 'n kriterium verwys. Om dit beter te verstaan, hou die drie hooffunksies van 'n doppie se nek in gedagte: Eerstens moet die nek die korrekte greep (spanning) om die koeël behou ten einde die ontlas- of loslaatspanning so konstant moontlik te hou en só tot meer eweredige trompsnelhede by te dra as opeenvolgende skote gevuur word. Hoe dikker 'n doppie se nekwand is, hoe beter kan die doppie sy spanning om die koeël behou. Wanneer die doppie se nekdikte geskil word, moet die herlaaier daarteen waak om dit nie onnodig dun te skil nie. Meer hieroor wanneer ons oor die "hoe" praat. Tweedens dien die doppie se nek as 'n seël om die terugvloei van die drukgolf tussen die doppie en die geweer se kamerwand te blokkeer. Hoe kleiner die spasie tussen die doppie se nekwand en die geweerkamer se wand, hoe vinniger en doeltreffender die seëlfunksie. Derdens dien die doppie se nek om die koeël presies konsentries deur die as van die loop te rig. Die nekkie moet dus baie konsentries met die geweer se kamer wees. Die dopnek is dus 'n primêre fokuspunt vir die presisieherlaaier.



**Voorbeelde van *expander mandrels* of *expander buttons*, soos dit in Engels bekend staan.**

**Dopklassifikasie**

Die eerste stap in toegepaste dopvoorbereiding is weereens 'n seleksieproses waar segregasie van die gekose stel doppe plaasvind. Hierdie segregasie vind oor twee fases plaas. Die eerste fase word met 'n stel "rou" doppe gedoen en staan as die potensiële konsentrisiteitsegregasie bekend. Alle doppe wat verkry is of in gebruik is, word hieraan blootgestel. Dit behels die gebruik van 'n buismikrometer, hetsy meganies of elektronies. Die verskil is dat die elektroniese mikrometer geriefliker is vir die lees en notering van die gemete waarde, maar dit is nie noodwendig 'n funksionele voordeel nie. Voordat dit opgemeet word, word elke doppie deur 'n vormmatrys met 'n strekknoop *(expander button)* gedruk of met 'n *expander mandrel* gestrek. Die doel hiervan is om die ongelyke vlakke binne die nek gelyk te maak en die dikker gedeeltes buitentoe te druk. Die *mandrel* se gebruik mag die voordeel hê dat die doppienek nie skeefgetrek word wanneer die *mandrel* uitgetrek word, soos met 'n strekknoop ondervind mag word nie. Sodra al die doppies se nekbinnekante mooi rond is, word elke doppie se nekwanddikte op tussen vier tot ses posisies rondom die nek met die buismikrometer gemeet. Probeer om die dikte rondom die doppie se nek op dieselfde diepte, ongeveer halfpad in die nek in, eweredig te meet. Bereken die verskil in wanddikte »




» per elke individuele doppie en groepeer die doppies volgens die volgende kriteria:

- A-doppies: Verskil in wanddikte kleiner as .001" (.025 mm)
- B-doppies: Verskil in wanddikte tussen .001" en .0015" (.025 mm tot .037 mm)
- C-doppies: Verskil in wanddikte groter as .0015" (.037 mm)

Die rasionaal agter bogenoemde klassifikasie vir segregasie is dat daar tydens 'n doppie se trekvervaardigingsproses die dun gedeelte regdeur die doppie van bo na onder strek; so ook die dik gedeelte. A-doppies word vir langafstandskiet of ernstige kompetisies gebruik. 'n B- of C-doppie kan nooit verander word na 'n A-doppiestatus nie, al skil jy die nekkie ook hóé goed, want hy is inherent asentries en kan vir jou weggooiskote gee. Baie van julle het al gesien dat sommige doppies aan die onderkant net bo die web aan die een kant meer uitgeswel is as aan die ander kant nadat hulle gevuur is. Daardie doppies se vorm is nie meer konsentries nie en dus nie geskik vir ernstige kompetisies nie omdat hulle nie konstant gaan groepeer nie. As daardie doppie se wanddikte nou gemeet word, sal gevind word dat die kant van die doppie waar die swelsel die duidelikste wys, die dunste wandgedeelte oor die hele doplengte het. Die B- en C-doppies is egter nie nutteloos nie. B-doppies werk goed vir algemene ghongskiet tot ongeveer 300 m en gelukskote effens verder. C-doppies is geskik vir naby afstande soos bosjag, loop vuilmaak en algemene skiet, maar nie vir absolute akkuraatheid nie.

Bostaande kriteria kan natuurlik aangepas word na gelang van die behoefte en kompetisievlak. Ek was teenwoordig toe 'n lid van die VSA se nasionale span sy doppies geklassifiseer het. Hy het sy A-doppies se maksimum afsnypunt op .0003" gestel en binne hierdie doppies verdere segregasie toegepas deur hulle slegs vir warmmaakskote te reserveer. Net so sal die jagter wat een keer per jaar 'n bok in die bosveld skiet, hom nie aan segregasie steur nie. Die behoefte dikteer die kriteria van die afsnypunt. Sommige vervaardigers se doppies lewer wel 'n groter persentasie: A-doppies tot so hoog as 95-100%, en ander doppies 30% as jy gelukkig is. As jy in die kompetisiemark is, is enige doppie ongelukkig nie noodwendig 'n wendoppie nie en sal die Engelse spreekwoord *"You get what you pay for"* waarskynlik geld.

Die tweede fase van dopsegregasie word gedoen nadat die doppie een of twee keer gevuur is. Dit staan as volumetriese segregasie bekend. Dit is net nodig om hierdie segregasie tydens die eerste fase se segregasie vir A-doppe te doen. Die prosedure behels bloot om die watervolume van elke A-doppie te meet en die doppies wat meer as 'n sekere watervolume afwyk van die gemiddelde volume as norm in die groep, na die B-doppiegroep te degradeer. Watervolumemeting word gedoen op die gevuurde doppies met die gevuurde slagdoppies nog in posisie. Die doppie word op 'n elektroniese skaaltjie geplaas en die skaal gezero. Gebruik dan 'n spuitnaald en spuit die doppie versigtig vol water tot presies gelykvol. Noteer elke doppie se waterinhoud en merk die doppie. Bereken die gemiddelde en verwyder die doppie wat volgens eie diskresie te ver van die gemiddelde afwyk. As riglyn kan die volgende tabel gebruik word:


TROTSE BORGE
INYATHI SPORTING SUPPLIES
FRANKFORD ARSENAL


Die herlaaier moet presies weet wat die deursnee van sy geweer se kamernek is. Hy kan dit verkry deur 'n afgietsel van die kamer te maak met materiaal wat nie die afmetings tydens stolling verander nie, soos Cerrosafe-epoksie, en dan die kamer se nekdeursnee te meet. 'n Vinnige dog betroubare en praktiese manier is om die buitemaat van 'n gevuurde doppie se nek te bepaal. Die buitemaat van 'n gelaaide patroon se nek word dan fisies met 'n mikrometer gemeet, of dit word bereken deur die somtotaal van die doppie se nekwanddikte met twee te vermenigvuldig, plus die koeël se deursnee te verkry. Nekwanddiktes word met behulp van 'n buismikrometer gemeet (sien foto op bladsy 70).

*Die tweede fase van dopsegregasie word gedoen nadat die doppie een of twee keer gevuur is.*

Die gelaaide patroon se nekwanddikte moet om veiligheidsredes minstens .002" dunner wees as die geweerkamernek se deursnee. Die doppie moet met ander woorde minstens .001" rondom kan uitsit om die koeël los te laat. Daar is kompetisieskuts wat hul geweerkamer se nekdeursnee so klein spesifiseer dat die fabrieksvervaardigde doppie se nekwand dunner geskil moet word om die patroon in die geweer te "kamer". In baie gevalle word die doppie dan so dun geskil dat dit feitlik glad nie kan uitsit nie en kan die volgende herlaai selfs gedoen word sonder om die doppie te vormdruk. Ek maan skuts egter ernstig teen hierdie praktyk, veral in hoëdrukgewere, en beveel sterk aan dat hulle by die minimum afmetings hou, soos hierbo bespreek. Die rede is dat daar in geval van 'n drukskade-insident ernstige versekeringsprobleme kan ontstaan bo en behalwe die statutêre oortredings wat ter sprake mag kom.

Volgende maand gesels ons oor die skil van buitenekwande, die gebruik van vormbussies *(bushings)* en ander interessanthede.

**Dink net aan die lekker van skiet en geniet dit!**

| KALIBER | AANVAARBARE AFWYKING VAN GEMIDDELDE |
|---|---|
| .223 Rem | 0.3 grein $H_2O$ |
| .22-250 Rem | 0.4 grein $H_2O$ |
| .308-familie | 0.5 grein $H_2O$ |
| .30-06-familie | 0.7 grein $H_2O$ |
| Magnum-familie | 1.0 grein $H_2O$ |
| Super Mag-familie (.338 Lapua ) | 1.5 grein $H_2O$ |

# VAROTEC MARKSMAN

## 3-9x40 AOL ILL- EN 4-16x50 AOL ILL-TELESKOPE




**Marksman 3-9x40 AOL-model teleskoop links met die 4-16x50 AOL-model daarnaas.**

Varotec is al 'n geruime tyd in Suid-Afrika beskikbaar en word wyd bemark – daar is amper geen skiet- of jagplatform waarop hul bemarking nie verskyn nie. Ons het sowat 'n jaar gelede twee van hulle produkte getoets – die 4-16x56 en 5-25x50 – en gevind dat hulle goed in die onderste of toetreesektor van die teleskoopmark kan kompeteer.

Ek het onlangs die Marksman 3-9x40 AOL- en 4-16x50 AOL-model vir evaluering ontvang. Albei is 25,4 mm-buise en het 'n reeks kenmerke van 'n moderne teleskoop. Die kruishaar se fokus word verstel deur die huls van die oogstuklens te roteer. Die vergroting se verstellingsring is duidelik in groot, wit syfers gemerk. Die vertikale en horisontale verstelknoppe is ook duidelik gemerk en het 'n meganiese stopfunksie om te keer dat die verstellings per ongeluk skuif. Draai eenvoudig die ring op die basis van die verstelknop vas – dit verseker dat die knop nie gedraai kan word nie, 'n nuutjie vir my. Die 3-9-verstelling is ½" per klikkie op 100 jaart en die 4-16 'n ¼" op 100 jaart.

Aan die linkerkant van die buis is 'n ligverstelknop wat ook 'n enkele CR2032-battery huisves. Die hele kruishaar word in drie intensiteitsverstellings van blou, groen of rooi verlig. In die "af"-posisie is die kruishaar natuurlik swart.

Alle kontroles was effe styf aan die begin, maar het gou maklik en positief beweeg. Die verstellingsknoppe se doppe word geherindekseer deur 'n allenskroef los te maak en die dop te roteer. Die parallaksverstelling is heel voor as deel van die objektiewe lens se huls. Die betrokke teleskoop weeg 700 gram en is 340 mm lank. Dit word verskaf met 'n stel eenstukbasis/ring-kombinasie wat op 'n Picatinny-spoor sal pas. Daar is 'n opening vir die gebruik van oopvisiere indien nodig. Ongelukkig plaas dit die kruishaar ongeveer 50 mm bo die middel van die loop wat die "wang op kolf pas" bemoeilik met 'n standaardkolf. Die teleskoop kom sonder instruksies. 'n Paar stewige lensdoppe van die oopkniptipe is ingesluit.

Die 4-16x50 is 390 mm lank en weeg 1 100 gram. Die kontroles is identies aan dié van die 3-9x40 met uitsondering van die ¼"-klikkie-verstellings (soos reeds genoem). Dit word ook met 'n netjiese 80 mm-sonskerm verskaf. Die skroefdraad word beskerm deur 'n ring wat in sy plek inskroef – 'n oulike idee.

Vir die baan het ek die 3-9x40 op my 9.3x62 Mauser gemonteer en die 4-16x50 op die .223 Remington. Op 'n helder dag oor die skietbank was dit opmerklik dat baie lig inkom – iets waarop hulle roem. Die parallaks en fokus het maklik verstel, maar soos gewoonlik (seker omdat ek 'n bril dra) het die afstande soos aangedui op die ring nie met die baanafstande ooreengestem nie. Die beeld was helder met effense afwykings aan die beeld se rande – weereens dalk vanweë my bril.

Ek kon die 9.3 gou ingestel kry en op 50 m het drie skote mekaar gesny. Ek het toe links en regs, op en af gestel en elke keer 'n skoot geskiet. Soos verwag, het die gate op die teiken geskuif en kon weer maklik teruggebring word. Ek het altesaam 25 skote geskiet met 'n mengsel van 286-grein koeëls met 57 grein Norma 203B.

Met die 4-16x50 op die .223 kon ek drieskoot-groeperings van 12-15 mm handhaaf (55 grein Nosler BT met 25 grein S321). Verstellings van links na regs en op en af was weereens akkuraat en dit kon maklik na die beginpunt teruggebring word.

*Die 3-9x40 verkoop vir R2 500 en die 4-16x50 vir R3 200 – goeie waarde vir geld vir 'n intreevlakteleskoop. Tydens 'n Internetsoektog kon ek geen klagtes opspoor nie – iets wat gewoonlik baie vinnig in die media verskyn. Indien jy verdere inligting benodig, kontak Wilhelm van Rooyen by 082-566-2332 of stuur 'n e-pos na* wilhelm@toolfair.co.za.

# JAGTERSMARK • HUNTER'S MARKET

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK | TO ADVERTISE IN HUNTER'S MARKET
Gail Osborne | 084-432-1306 | *gosborne@manmagnum.co.za*

## JAGGELEENTHEDE I HUNTING OPPORTUNITIES



### LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA

Best hunting destination in Western Cape. No hidden costs. Rifle/bow/biltong/trophy hunt. Full/self-catering. 45+ species. Owners are PH and outfitters.
**082-443-1147/082-448-3975**
***www.lasarusgamefarm.co.za***
***info@lasarusgamefarm.co.za***

### KLAWERVLEI AFRICAN HUNTING SAFARIS – TOLWE, LIMPOPO

- Geweer- en boogjag.
- Verskeie spesies wild.
- Selfsorglodge, vier chalets, slaap 19.
- Koelkamer. Swembad.

**Kontak Adriaan:**
**+27-73-338-7234**
**E-pos:**
***klawervlei@webmail.co.za***

### BILTONGJAG IN DIE BEAUFORT-WES-OMGEWING

- 10 000 ha gemengde veld en tipografie.
- 22 spesies op plaas en 12 om te jag.
- Geen minimum getal jagters per groep.

**Eeva Birkner: 082-703-7566**
of kontak deur web:
***www.badshoek.co.za***

### LASARUS GAME FARM, MODIMOLLE

Next to the tar road, 1-hour drive from Pretoria. No hidden costs. Rifle/bow/biltong/trophy hunt. Full/self-catering. 30+ species. Owners are PH and outfitters.
**082-443-1147/082-448-3975**
***www.lasarusgamefarm.co.za***
***info@lasarusgamefarm.co.za***

### SAND SPOOR SAFARIS – THABAZIMBI

Bushveld farm – 220 km from Pretoria. Well-equipped bush camp. Eskom power. Skinners, slaughtering and cooling facilities. Email me for the price list.
***paul@sandspoorhunt.co.za***
***www.sandspoorhunt.co.za***
**Paul Jordaan**
**Cell: 083-227-3420**

### EZULWINI GAME LODGE

Ezulwini Game Lodge

- Family-friendly lodge
- 35 km north of Brits
- Semi-luxurious, self-catering accommodation
- Bushveld farm with various game species
- Prices on request

**Tel: 071-087-4444**
***info@ezulwinigame.co.za***

### LOCAL HUNTING MARBLE HALL/ROEDTAN – DIPHÔFU GAME RANCH

- 1½ hours north of Pretoria,
- We cater for all your Bushveld needs, including trophy and biltong hunting.
- Lodge accommodates 10 people. Self-catering.

**Nicole: 012-346-6305**
***hunting@diphofu.co.za***
***www.diphofuhuntingsafaris.co.za***
***https://www.facebook.com/Diphofu***

### DWARSSPRUIT SAFARIS - BOSVELD

- 45 km vanaf Rustenburg
- Boog-/geweerjag
- Vyf puik skuilings
- 12 Spesies
- Akkommodasie vir tot 18 persone
- Slag- en verkoelingsgeriewe

**Pryslys op aanvraag.**
**Kontak: FB: Dwarsspruit hunting**
**E-pos: *pjmostert@mweb.co.za***
**Philip Mostert:**
**083-236-8140**




## TE KOOP I FOR SALE

### TE KOOP

BRNO ZKK 600 7x57, Leupold VX1 4-12-teleskoop, geweersak, 60x Norma Oryx-patrone. Baie goeie toestand. R13 500.
**Kontak Manie:**
**064-653-7978**

### TELESKOPE TE KOOP

Beide teleskope is in oorspronklike verpakking.

1. Zeiss Conquest V6 3 - 18x50, Retikel 92. **R15 000.00** (Slegs 1 keer op die skietbaan gebruik.)
2. Leica Fortis 6 2.5 - 15x56i, Retikel L-4A. **R15 000.00** (Nooit gebruik nie.)

**Kontak**
**Gerrit Visser per**
**e-pos *vissie77@iafrica.com***

Hunt Africa
- Since 2020 -
Custom Leather
**WWW.HUNTAFRICALEATHER.CO.ZA**
**-15% Discount**
**coupon code SAJ2535**



Hunt Africa (Pty) Ltd
Brits, 0250
Contact: +27-64-739-9773
*info@huntafricaleather.co.za*

## DIENSTE I SERVICES

### QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS

Firearm licence and firearm appeal applications (99% success rate). All other legal work.
***info@qjattorneys.co.za***
**Phone: 082-805-0674 (Pretoria)**

## GESOEK I WANTED

### WANTED

Used cartridge cases *(doppies)*, reloading dies *(matryse)*, bullets *(koeëls)* and reloading equipment. All common calibres, including 6mm Musgrave cases/*doppies*.
**Phone/WhatsApp**
**Trevor: 082-897-6899**

## AKKOMMODASIE I ACCOMMODATION

### MENLOPARK, PRETORIA

Naby UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
Nuwe ontwikkeling te koop/ huur direk van die ontwikkelaar om kostes te bespaar. Ideale BELEGGING vir toekoms (kinders/familie)
**Lettie: 083-440-2615**
***lettie@asarealestate.co.za***

## OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK

Kontak Gail Osborne by 084-432-1306 of *gosborne@manmagnum.co.za*


Leica
NEW!
GEOVID PRO
Leica Geovid Pro 42.
The "boost" for your successful hunt.
No matter where you go hunting – forest, mountains, or field – an ethical shot is what counts in the end. Now you can choose more safety, higher precision, and greater ease of use with the new Leica Geovid Pro 42 models. Powerful all-rounders, these compact rangefinder binoculars offer superlative optical performance. The advanced Applied Ballistics® software delivers the exact ballistics solution at the touch of a button, and the superior Class 1 laser ensures precise measurements in just 0.3 seconds.
Models: Geovid Pro 8x32, 10x32, 8x42 (NEW), 10x42 (NEW), 8x56 (NEW)
Discover more – visit your authorized dealer or explore leica-geovid-pro.com
324 M
30 YEARS
LEICA PIONEER OF RANGEFINDING
#truegreatness
tudortech
For more information please contact Ian Hardie:
leicasales@tudortech.co.za | 082 894 1528




© 2019 Vortex Optics ® Registered Trademark and ™ Trademark of Vortex Optics